# Vrye Weekblad

15 Maart 1991 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

## Min dae vir Magnus

### Die einde van die Era van die Generaals



**Die nuwe gesig van die PAC**

**Jeremy Taylor, die eerste Sarth Effrican sanger**

**Waarom bloei Alexandra?**

**Sê ekskuus, sê Jan vir Adriaan**

# Magnus en seun gaan Border toe...

## 'n Lekker partytjie of 'n ampsbesoek?

WAT onbetwis is, is dat die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, en sy oudste seun, André, op dié se 21e verjaardag in 1988 per militêre vliegtuig na die SAW-basis Vhembe naby Messina gevlieg het met André se gaste aan boord.

Dit is ook onbetwis dat die groep vier dae daar oorgebly het en toe teruggevlieg is.

Nou is die vraag: was dit 'n viering van André Malan se verjaardag waar die drank gevloei het, of was dit 'n regmatige ampsbesoek deur sy pa waar "oorwegend koeldrank genuttig is"?

Vrye Weekblad het sy bron se weergawe vir kommentaar aan Malan se perswoordvoerder, Das Herbst, gestuur en 'n volledige verklaring terug ontvang.

**Hier is Vrye Weekblad se vrae, gevolg deur Herbst se antwoorde. Oordeel self.**

Ons het inligting dat 'n Viscount-vliegtuig van die Lugmag op 28 Julie 1988 van die Waterkloof-lugmagbasis vertrek het met 25 burgerlikes aan boord.

Almal was gaste van die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, se seun wie se 21e verjaardag dit was.

Vrouelede van die Lugmag het die gaste met kos en drank bedien totdat die vliegtuig by die lugmagbasis by Messina geland het.

Vanaf Messina is die gaste met bussies van die SAW na Vhembe, die SAW se plaas digby die grens van SA, Botswana en Zimbabwe geneem. Op pad is hulle weer van drank voorsien.

Op Vhembe het die gaste in 'n gastehuis en in tente gewoon. Weermagkokke het die kos voorberei en soldate het die plek opgepas.

Landrovers, haelgewere en R4's is tot die gaste se beskikking gestel om te jag.

Op Saterdag 30 Julie het genl Malan hom by die groep aangesluit. Die volgende dag is hulle per Lugmag-vliegtuig terug na Waterkloof.

Nou die vrae:

1. Het 'n vliegtuig van die Lugmag inderdaad op die betrokke dag burgerlike gaste van genl Malan of sy seun van Waterkloof na Messina geneem?

2. Het so 'n groep tussen 28 en 31 Julie 1988 by Vhembe tuisgegaan?

3. Is die groep deur Weermagpersoneel van kos en drank bedien?

4. Was genl Malan op 30 Julie 1988 by Vhembe, en het hy hom by sy seun se gaste aangesluit?

5. Wat is die Weermag se beleid ten opsigte van sulke private onthale?

**Hier is Herbst se (onveranderde) antwoord namens sy minister:**

1. U inligting oor bogenoemde is nie in alle opsigte korrek nie. Ek wil dit graag vir u in behoorlike perspektief plaas.

2. Dit word bevestig dat 'n amptelike besoek deur genl Malan en 'n groep jongmense wel oor die tyd plaasgevind het. Die groep het heen en weer saam met genl en mev Malan gereis, vanaf Lugmagbasis Swartkop. Dit het saamgeval met hulle seun se 21e verjaarsdag.

3. Wat belangrik is en in perspektief gehou moet word, is dat hierdie besoek, soos baie ander met bepaalde teikengroepe, plaasgevind het ooreenkomstig en binne bestaande beleidsriglyne, regulasies en tesourie-magtiging. Om die rede is dit amptelik.

4. Vhembe is nie die enigste plek in die land waarheen die Minister gereeld teikengehore neem of geneem het nie. Hy besoek, soms verskeie kere per jaar, plekke aan die land se grense met groepe. Dit het ook tov die destydse SWA gebeur.

5. Hierdie soort besoeke is meerdoelig. Enersyds stel dit die minister in staat om op grondvlak kennis te neem van tendense, probleme en situasies. Verder spreek hy die militêr-bevelvoerders, offisiere, kommandolede en lede van die publiek, bv grenseboere toe oor militêre en veiligheidsake. Daarna word die geleentheid geskep vir wisselwerking tussen die militêr op die grond en die bepaalde teikengroep. Parlementariërs van alle partye, joernaliste van alle persgroepe en sakemanne, byvoorbeeld, is gereelde teikengroepe vir sulke besoeke. Op hierdie besoeke word voorligtings oor die heersende veiligheidsituasie en -omstandighede gegee, oor die werking en die organisasie van die Weermag in die bepaalde Kommandementsgebied, oor omgewingsbewaring ('n saak wat die minister en die SAW na aan die hart lê) en natuurlewe.

6. Dit gebeur ook dat mev Malan op sommige sulke besoeke vroue van Weermaglede in die besondere gebied toespreek.

7. Vhembe leen hom uitstekend tot bogenoemde doelstellings. In die onderhawige geval was 'n groep jongmense die teikengroep. Hulle is voorgelig oor veiligheid, infiltrasie oor die grens, oor die omgewing en spesifiek oor die argeologiese opgrawings in die gebied. Voorligings in die verband is opvoedkundig en motiverend van aard. So word mense ook vir bv diensplig geïnspireer.

8. By die geleentheid het genl Malan uit die aard van die saak ook gesprek met lede van die betrokke Kommandement gevoer, en is hy voorgelig oor die veiligheidstand.

9. Die private koste van bogenoemde besoek is deur die Minister self gedra, wat insluit akkommodasie, kos en drank. Oorwegend is koeldrank genuttig. Die minister het volle magtiging om militêre vliegtuie binne voorgeskrewe riglyne te gebruik.

10. Daar is geensins op wild gejag nie. Wat wel gebeur het, is dat, as deel van opleiding, teikenskiet plaasgevind het. Dit het, soos altyd gebeur, geskied onder leiding van Weermag-instrukteurs.

- MAX DU PREEZ

## Vlok móét verduidelik, eis Van Eck

JAN VAN ECK, DP-LP vir Claremont, dring steeds aan op 'n verskoning en/of verduideliking van die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok - ondanks oogluikende pogings deur die minister om hom daarvan te laat afsien.

Die geskil handel oor Van Eck se inhegtenisneming op 3 November verlede jaar in Khayelitsha deur die SAP. Vlok het op 12 Februarie in die parlement op 'n vraag van Van Eck oor die rede daarvoor gesê Van Eck het onrus opgestook. Dié antwoord strook nie met die aanvanklike redes deur die kommissaris van polisie in die Wes-Kaap nie, en Van Eck meen die aantyging tas sy integriteit as parlementslid aan.

Lede van die DP-koukus het ál fluisterfluister bevestig dat sowel Vlok as die Wes-Kaapse kommissaris van polisie, brig Flip Fourie, sedert die formulering van die vraag naarstig probeer "witvoetjie soek" by Van Eck en Zach de Beer, die DP-leier, wat kort ná die voorval al beswaar daaroor by die staatspresident aangeteken het. Die saak word in parlementêre kringe as "uiters sensitief" bestempel en min wil enigiets vir die rekord sê.

Sommige sê die aangeleentheid het al tot "diepe sielsondersoek" by die NP en veral die SAP gelei en is 'n belangrike oorsaak van die polisie se jongste "openbare betrekkinge-aanslag".

Sover bekend het De Klerk ook nog nie op De Beer se beswaar geantwoord nie, maar die saak blykbaar na Vlok verwys.

Vlok het dié week vir die tweede agtereenvolgende week nagelaat om 'n opvolgvraag deur Van Eck oor sy arrestasie in die parlement te beantwoord. Hy het bloot gesê die saak is sub judice. Indien dit sub judice is, beteken dit moontlik dat die Prokureur-generaal pas besluit het om Van Eck te vervolg. Maar die Prokureur-generaal se kantoor in Kaapstad het aan Vrye Weekblad gesê hulle kan die dossier nie opspoor nie en dat die Prokureur-generaal self nie kan onthou wat van die saak geword het nie.

Van Eck sê: "Die aangeleentheid kan nie begrawe word voordat die waarheid uitkom nie. In dié geval was die redes wat aangegee is so totaal onredelik dat ek niks minder as 'n verskoning kan aanvaar nie. As daar 'n beter manier is om dit in die reine te bring as met 'n parlementêre vraag, sal ek die vraag terugtrek en 'n ander uitweg probeer. Maar my parlementêre integriteit word in die gedrang gebring as daar op rekord staan dat ek 'n opstoker is.



Jan van Eck

"Ek moet sê my verhoudings met die polisie en Vlok is deesdae beter as tevore en ek wil ook graag hê dat die saak moet oorwaai." Van Eck sê hy is nog nie kennis gegee dat hy vervolg gaan word nie.

Die jongste parlementêre vraag, wat Dinsdag weer vir beantwoording opkom, is in werklikheid 'n opvolgvraag ná Vlok se antwoord op 'n vorige vraag oor die kwessie, dat Van Eck se teenwoordigheid die potensiaal vir onrus-voorvalle en openbare geweldpleging verhoog het en dat hy onrus opgestook het. Die eerste vraag aan die minister was waarom toegang deur die kommissaris van polisie in Wes-Kaapland geweier is aan parlementslede om Ou Kruispad en Khayelitsha in November verlede jaar te besoek, wie die lede is wat in hegtenis geneem is en waarom.

Net ná Van Eck se inhegtenisneming op 3 November tydens 'n noodtoestand in die Wynberg-distrik, wat Khayelitsha insluit, het die kommissaris van polisie egter aan koerante gesê: "Van Eck het 'n skare van meer as 100 mense toegespreek en meer het nader gestaan. Die polisie het hom gevra om die toneel te verlaat en hy het geweier. Daarna is hy in hegtenis geneem." (Vrye vertaling uit Cape Argus, 3 November 1990). Van Eck het dit ten sterkste as rede ontken. Nou wil hy weet hoe die minister se antwoord strook met die aanvanklike redes vir inhegtenisneming, of dit steeds die geldige redes is - en indien nie, waarom nie. Indien wel, hoe die redes versoen kan word met Vlok se antwoord op die eerste vraag.

Van Eck vra ook op grond van watter onrusverwante voorvalle in Khayelitsha die offisier hom in hegtenis geneem het en of die teenwoordigheid van ANC-lede en die leier van die Khayelitsha Civic saam met hom tot openbare rusverstoring, wanordelikheid of openbare geweldpleging kon bygedra het. Net Van Eck is in hegtenis geneem.

Hy is ook sover bekend die enigste Suid-Afrikaanse parlementslid wat deur die polisie in hegtenis geneem is en teen wie 'n dossier geopen is. Van Eck is bekend vir sy simpatieke ontleding en geloofwaardige kennis van die konflik tussen die veiligheidsmagte en "grassroots"-strukture in die townships en moes al dikwels as bemiddelaar tussen die twee partye optree.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

## ANC ontstoke oor transaksie om HAUM

DIE ANC en die National Education Crisis Committee (NECC) gaan die onlangse "geheimsinnige" verkoop van HAUM-uitgewery - met 'n groot inkomste uit die staat se swart skoolboekmark - aan 'n ondersteuner van die KP, ondersoek.

HAUM behoort effektief aan die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK), die verkrampste van die drie Afrikaanse kerke, berug vir die rassistiese Artikel 3 waarvolgens swart mense lidmaatskap van die kerk verbied word.

Die twee organisasies gaan die regering vra om in die huidige oorgangsfase onmiddellik die monopolistiese praktyke, waardeur sekere uitgewersmaatskappye eksklusiewe beheer oor dele van die onderwysmark het, te beëindig.

Barbara Masekela, voormalige ANC-direkteur van kulturele sake, sê: "Die gebeure rondom die verkoop van dié maatskappy is maar 'n voorbeeld van wat op groot skaal by sekere uitgewersmaatskappye aan die gang is.

"Wat ons dringend in Suid-Afrika benodig, is die anti-trust wetgewing wat in die VSA bestaan. Die regering moet die houvas van sekere monopolistiese uitgewers beëindig. Party uitgewers het alleenreg op sekere dele van die skool- en onderwysmark. Dit maak boeke baie duur, veral vir swart onderwys.

"Sommige uitgewers is blykbaar indirek betrokke by die produksie van papier, 'n ander monopolistiese praktyk wat pryse hoog hou."

Eric Molobi, 'n lid van die NECC, sê dié organisasie gaan die verkoop van HAUM ondersoek.

Die omstandighede van die verkoop aan JT Breytenbach, een van die HAUM-direkteure en ondersteuner van die KP, is erg omstrede.

Onlangs het 'n konsortium, wat onder andere Frederik Van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa, en die joernalis Harald Pakendorf insluit, 'n aanbod gemaak om HAUM te koop.

Die konsortium wou die maatskappy oopstel en aandele op groot skaal aan swart mense beskikbaar stel.

Maar uit die bloute is 'n aanbod van Breytenbach deur HAUM aanvaar. ANC-kringe is verontrus vanweë die houvas van die konserwatiewe NHV op die swart skole-mark.

Die meeste van die agt direkteure is voorste figure in die NHK: Jan Oelofse, besturende direkteur van HAUM en ouderling; DJC van Wyk, predikant en redakteur van die NHK-mondstuk; Bart Oberholzer, vorige hoof van die kerk en professor in die teologie; JC de Lange, predikant; L de Munnik, administrateur van die NHK; Joop de Loor en Breytenbach.

Oelofse het in 1964 nuus gemaak toe hy namens die NHK die Broederbond ondersoek het en dit onvoorwaardelik vrygespreek het van alle beskuldigings dat dit gebeure in die kerk en politiek beïnvloed.

Daar word gevra waar Breytenbach skielik die fondse gaan kry om HAUM te koop. Die maatskappy het ernstige finansiële probleme. Dit skuld R50 miljoen aan Volkskas. En die NHK het in die laaste twee jaar R11,5 miljoen skuld afgeskryf.

Dit skyn of regses en kerk-kringe onder 'n ander vandel agter die skerms betrokke is om tot elke prys grootskaalse swart betrokkenheid in die maatskappy te keer.

Masekela sê: "Die verkoop van só 'n maatskappy, wat sy bestaan uit die onderdruktes maak, behoort in die ope te geskied sodat die mense wat daardeur geraak word die kans gegun word om dit self oor te neem.

"Dit sou immers ironies wees as ons uiteindelik 'n nuwe onderwysstelsel vir 'n nuwe Suid-Afrika sou uitwerk terwyl die skoolboeke vir swart kinders nog steeds deur dieselfde blankes aan 'n swart mark voorgeskryf en verkoop word, om hulle self daardeur te verryk."

- HENNIE SERFONTEIN

**Vrye Weekblad verskyn nie op Vrydag 29 Maart nie. Die week daarop wag daar 'n groot verrassing op ons lesers!**

# WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG. VROUEKRAG.

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓÚ DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VASBERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLIK BY ONS VROUE-VIR-VROUEVELDTOG BETROKKE TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

**BOP**

**BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM**

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

KLERCK & WHITE · A SAATCHI & SAATCHI AGENCY/19128



Jongmense van die Richtersveld voor 'n tradisionele hut

# Die Richtersveld ry aan die pen

**Die mense van die noordelike Richtersveld word nou al sedert 10 November verlede jaar deur 'n minister in die Huis van Verteenwoordigers aan 'n lyntjie gehou oor die lot van hul omgewing. Dié dag sou die gebied op 'n groot fees tot bewaringsgebied verklaar word - soos hulle wil hê. Maar toe weier minister Andrew Julies om die ooreenkoms te onderteken. Die Richtersvelders verstaan nie eintlik wáárom nie - maar sonder sy handtekening kan die plan nie voortgaan nie. Intussen, sê die inwoners, word hul omgewing deur 'n horde besoekers verrinneweer. CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag**

"Bewaring? Was jy al in Kuboes? As 'n ding só is dat jy hom nie kan verinneweer nie, kan jy mos nie van bewaring praat nie."

Só antwoord eerw Andrew Julies, minister van Plaaslike Regering en Landbou in die Huis van Verteenwoordigers, toe Vrye Weekblad hom vra of hy met bewaringsbewustes saamstem dat die kontrak vir die totstandkoming van die Richtersveld Nasionale Bewaringsgebied so gou moontlik onderteken behoort te word en 'n nasionale prioriteit is.

"Ja, dit is baie belangrik. Die park is nie vir ons 'n gogga nie, dit is vir ons 'n aanwins," sê Julies.

Maar hy is sedert 10 November al in die pekel by bewaringsbewustes, plaaslik en internasionaal - nadat hy geweier het om op 'n vooraf bepaalde datum die kontrak te onderteken wat sou lei tot die proklamering van 'n deel van die Noord-Richtersveld tot 'n unieke bewaringsgebied van 163 000 ha. Die sowat 2 600 inwoners sou inspraak hê in die stigting van Suid-Afrika se eerste "ooreenkomspark" (people's park) in ooreenstemming met die 1990 Wêreld Bewaringstandaard. Die konsep dat inwoners medeverantwoordelikheid vir 'n bewaringsgebied kry, wen wêreldwyd veld by ekoloë en bewaringkundiges.

Die Richtersveld het 'n eiesoortige, maar uiters sensitiewe ekologie en 30 persent van die plantegroei van die gebied kom nêrens anders ter wêreld voor nie, onder meer die bekende halfmensboom en ander vetplante. Die inwoners, meestal verarmde nomadiese veeboere, het nêrens anders om te gaan nie en is gretig om hulle "erfenis" te help bewaar.

Vrye Weekblad het minister Julies, wat tot dusver glad nie met die pers oor dié kwessie wou praat nie, genader omdat inwoners vier maande ná die afgelaste ondertekening nie meer "sout of water" weet nie. Lede van die gemeenskapskomitee het verlede week in die Kaap probeer advies inwin omdat 'n toenemende getal besoekers die gebied glo binnekom, hout kap, vetplante steel en diep vierwielspore trap aangesien daar tot dusver geen beheer is nie.

Reis- en motortydskrifte het die laaste maande talle artikels oor die asemrowende en onbegaanbare terrein geplaas, terwyl menige motorvervaardiger sy model se uithouvermoë daar gaan toets en bewys.

Julies sê dit is "absolute onsin" dat die park nou verniel word en meer mense en voertuie dit binnegaan weens die baie publisiteit wat dit kry.

Die Parkeraad, wat die park begin het, beskou die aangeleentheid as só belangrik dat hulle die minister van Nasionale Onderwys en Omgewingsake, mnr Louis Pienaar, dié week in Kaapstad gaan vra het wat nog gedoen kan word.

Dr Robbie Robinson, adjunk-direkteur van die Parkeraad, sê: "Ons koester dié ideaal die afgelope 18 jaar. Dit het nou internasionale belang geword."

Die huidige kontrak is in 'n groot mate aan Robinson te danke, omdat hy nie gehuiwer het om met die inwoners van die gebied oor hul regte en aansprake op die grond te onderhandel en hulle in die langtermyn-bewaringsplan te erken nie.

Op grond van dié vooruitsig het die inwoners 'n fees sonder gelyke gereël vir die ondertekeningsplegtigheid op 10 November. Julies het egter die aand voor dié dag laat weet hy gaan nie teken nie - omdat hy na bewering nie in die opstel van die program geken is nie en omdat hy nie hou van die teenwoordigheid van sogenaamde ANC-lede by die verrigtinge nie.

Sy handtekening is 'n vereiste omdat die grond in trust van die Ministersraad is.

Dié week het hy aan Vrye Weekblad gesê: "Die park is mos my baba, ék moet die reëlings tref."

Die inwoners sê: "Dit is óns baba, 'n nasionale baba én 'n internasionale baba."

Oor die feit dat daar vier maande later nog geen program is nie, sê Julies: "Maar dit is die inwoners self wat die vertraging veroorsaak - nie ék nie. Ek het dié week vir hulle gesê: Julle verbeur R80 000 (die jaarlikse vergoeding wat in die gemeenskapsfonds gestort sal word) deur nie tot my wysigings in die kontrak toe te stem nie."

Sedert sy besware in November dring Julies daarop aan dat die suidelike Richtersveld óók deel van die ooreenkoms tussen die inwoners en die park is. Hy wil die kontrak wysig.

Inwoners van Noord en Suid sê egter hulle het lankal met mekaar ooreengekom om noodweidingsgebied te deel indien nodig. Noordelike inwoners het as deel van die ooreenkoms ingestem om hul vee te verminder in ruil vir die geld in die trustfonds. Julies het aan Vrye Weekblad gesê die park sny deur die twee gebiede, maar Robinson het daarna bevestig dat die park uitsluitlik in die noordelike Richtersveld geleë is.

Die minister was dié week self op Kuboes, waar hy die noordelike Richtersveld se mense laat stem het oor sy wysigings. Die meeste het buite stemming gebly - want, sê hulle, hulle verstáán dit nie.

Julies sê hulle vertraag net die ondertekening, maar verskoon sy vroeëre weiering op grond daarvan dat hy nie die eerste kontrak verstaan het nie.

Intussen het lede van die noordelike Richtersveld se gemeenskap aan Vrye Weekblad gesê baie mense weet nie meer of hulle die park wil hê nie, want so baie stories word deur mense van buite die gebied aan hulle vertel. Onder die stories, weet hulle te vertel, is weddenskappe van tot R100 dat die parkooreenkoms nooit onderteken sal word nie. Verder word gesê dat die mense nie die park én 'n beloofde aandeel in diamantkonsessies in die gebied kan kry nie. Hulle weet nie of dit waar is nie.

Hulle sê voorts dat Julies nog nie in die werklike parkgebied was nie en nie sal weet wat daar is om te bewaar nie.

Die minister sê op sy beurt dat die mense onbillike eise aan hom stel - maar wil nie sê wat nie. Hy sê 'n kommissie van ondersoek is aangestel na die gerugte van intimidasie, maar wou nie die naam verstrek nie.

Vrye Weekblad het vasgestel dat dit die De Haan-kommissie is - wat eintlik ondersoek instel na onder meer wanaanwending van fondse deur bestuursrade. Die Huis van Verteenwoordigers se bestuursraad in die Noord-Richtersveld is pas op aandrang van die inwoners ontbind en sal glo deur 'n administrateur vervang word.

Julies wou nie hieroor vrae beantwoord nie. Hy het blykbaar nog heelwat steun in die Suid-Richtersveld.

Maar hy dring daarop aan dat die Ministersraad as verteenwoordigende statutêre liggaam die laaste sê oor die park moet hê. "As julle dink dat julle met koerantberigte my hand kan forseer, maak julle 'n groot fout. Ek weier om te teken as die suidelike gebied nie ingesluit word nie."

Vrye Weekblad het ook minister Pienaar gevra of die regering 'n ooreenkoms van dié aard op enige manier kan bespoedig. Hy wou nie regstreeks antwoord nie, maar het per skrywe laat weet dat "reikhalsend uitgesien word na die totstandkoming van die park".

"Dit is egter belangrik dat dit tot stand kom met die volste mate van samewerking met die mense wat die regte op die betrokke grond geniet," sê hy en benadruk dat Julies besig is om met onderskeie groepe inwoners te onderhandel sodat "algemeen aanvaarbare ooreenkomste tussen hulle en die Nasionale Parkeraad getref kan word. Onderhandelinge kan nog 'n tyd duur."

GEE 'N VROU 'N BIETJIE GROENTE, EN JY DRA BY TOT 'N MAALTYD VIR HAAR EN HAAR GESIN. VIR 'N DAG. GEE HAAR 'N PAAR PAKKIES GROENTESAAD, LEER HAAR OM DIT TE SAAI EN DIT SAL HAAR IN STAAT STEL OM VIR

# VANDAG VRA VROUE NIE HULP NIE.

HAAR EN HAAR GESIN TE SORG. VIR ALTYD. DIT IS SOOS WANNEER MENS IEMAND 'N VISSTOK GEE IN PLAAS VAN 'N VIS. EN DIT IS WAT SUID-AFRIKA NOU NODIG HET. NIE BINNE EEN GESLAG NIE. TEEN DAARDIE TYD, EN TEEN

# HULLE WIL HULSELF HELP.

MEER AS 3 000 BABAS WAT INTUSSEN PER DAG GEBORE WORD, SAL DIT TE LAAT WEES. SUID-AFRIKA SAL BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN MENSE HÊ EN DIE BEVOLKING SAL STEEDS GROEI. DIT SAL TOT GEVOLG HÊ DAT DUISENDE MENSE VAN HONGER, SIEKTES EN ARMOEDE STERF. DIT IS DIE REALITEITE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE. EN DIE REALITEITE VAN DIE LEWE IS DAT DIT MAKLIKER IS OM 'N PAAR RAND TE GEE AS OM BETROKKE TE RAAK, JOU TE ONTFERM EN VAN JOUSELF OF JOU TYD TE GEE. DIT IS MOEILIKER. DIT VERG MEER. DAAROM VRA ONS SUID-AFRIKAANSE VROUE SE HULP IN 'N PROGRAM WAT ANDER VROUE SAL HELP OM SELF HAND AAN DIE PLOEG TE SLAAN. DIT BEHELS DIE VOLGENDE: VROUE WAT ANDER VROUE SE SIENING OOR DIE GROOTTE VAN HUL GESINNE BEÏNVLOED; VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN DIE WAARDE VAN ONDERWYS VIR HUL KINDERS; VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF; VROUE WAT ANDER VROUE VAARDIGHEDE HELP AANLEER OM DIE GESINSLEWE TE VERBETER EN NUWE EKONOMIESE MOONTLIKHEDE TE SKEP. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. AS INDIVIDUE BINNE HULLE GEMEENSKAPPE. OF DEUR IN TE SKAKEL BY BESTAANDE SELFHELPGROEPE. NOU. VOORDAT DIT TE LAAT IS. AS JY AS VROU GENOEG OMGEE OM DAADWERKLIK BETROKKE TE RAAK, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP

BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

KLERCK & WHITE · 'N SAATCHI & SAATCHI-AGENTSKAP/19055

# Die PAC kry weer lewe

**Is die PAC uiteindelik besig om 'n ernstige politieke speler in Suid-Afrika te word? Of gaan hulle 'n randgroep bly met emosionele slagspreke soos One Settler, One Bullet? AUDREY BROWN het kenners gaan uitvra en met die organisasie se vise-president, Dikgang Moseneke, gesels**

Die nuutverkose president van die Pan Africanist Congress (PAC), Clarence Mlamli Makwetu, het sy organisasie se eerste kongres in Desember verlede jaar geopen met die woorde: "What more can I say except that the hour has come." Selfs liggelowiges begin nou wonder of hy nie reg was nie.

Vir 'n organisasie wat deur baie afgeskryf is, is dit 'n "wonderwerk" dat hy die onstuimige jare in ballingskap kon oorleef. Daar is nuwe waardering vir die manier waarop die PAC deesdae politiek bedryf, en waarnemers meen dat dit net meer steun en mag vir die organisasie kan inwin. Sommige meen selfs dat die PAC - met 'n paar aanpassings - 'n sterk bedreiging vir die ANC kan word.

Maar kan die PAC drie van sy grootste probleme - sy slegte beeld binne en buite die land, aangewakker deur slagspreuke soos "een setlaar een koeël", sy leierskap-struwelinge wat dikwels in geweld en selfs moord uitgeloop het, en sy onvermoë om sy ondersteuners binne die land behoorlik te organiseer - oorkom? Daarby moet mens ook vra of die PAC homself nie van die politieke swartbord afvee met sy skoorvoetende houding jeens onderhandelinge nie.

Op al dié vrae, buiten die laaste, is die antwoord uit verskeie oorde 'n besliste ja. Maar, en dis die belangrikste, kan die PAC binne 'n jaar of wat genoegsame steun onder die massas kry om 'n indruk by die stembus te maak? Dit is ook minder seker. Dit lyk eerder asof die PAC sy visier op latere verkiesings stel.

Wat sy houding jeens onderhandelings betref, meen waarnemers dat die PAC eintlik 'n gesofistikeerde benadering het omdat hy net "ongemaklike" vrae hoef te vra en die voorlopige rondes van die proses van die kantlyn kan beskou. Terselfdertyd kan hy dan sy eie standpunte duideliker stel en vir hom steun werf.

Maar wat waarnemers die meeste beïndruk van dié organisasie se oorlewing - en herlewing - is dat hy so gou en so maklik sy wa op die pad kon kry. Terwyl die ANC gesukkel het om 'n kongres saam te stel, het die PAC, ondanks die dood van sy leier, Zephania Mothopeng in Oktober, 'n wye spektrum van sy ondersteuners by 'n kongres in Desember saamgeroep om belangrike politieke besluite te neem.

'n Duidelike sein is uitgestuur: die PAC is terug op die toneel en reg om politiek te bedryf. Dié boodskap is onderstreep deur die nuwe leierskap - 'n groep jong en ou "bekwame mense" met politieke ondervinding binne en buite die land.

Volgens Oscar Dhlomo van die Instituut vir 'n Veelparty-demokrasie het die feit dat die PAC binne die land politiek kan bedryf, dié organisasie sy "regverdige gewig" gegee.

"Die sigbaarste karaktertrek van die PAC is dat hy slegs nege maande na sy stigting onwettig verklaar is. Dit is een van die sewe wonders van die wêreld dat hy nog bestaan. Nou is hy 'n groter politieke mag as voorheen - sy profiel is verbeter en hy het nou ondersteuners en leiers wat nie weg gewens kan word nie. Met die verkiesing van mense soos Dikgang Moseneke, Barney Desai en Makwetu, kan mens eintlik praat van die 'nuwe gesig' van die PAC. Die verwarring is verby."

Dhlomo sê verder mens moet onthou dat die PAC in die buiteland deur die ANC "oorskadu" was, asook dat hy nie sterk organisasies binne die land gehad het wat sy boodskap aan die mense oorgedra het terwyl hy in ballingskap was nie.

Dhlomo se standpunte word beaam deur verskeie politieke waarnemers, wat meen dat die PAC eintlik baie goed daar uitsien, hoewel daar duidelik nog knelpunte is.

Dhlomo sê: "Van hul politieke standpunte is verouderd en pas by die sestigerjare. Ek glo nie hulle het tyd gehad om dié posisies te heroorweeg nie. Verder is die senior leierskap nog in die buiteland, en hulle sal seker nog sukkel om dié mense te integreer. Maar die magstryde is duidelik iets van die verlede - die leiers wat hulle nou het, is bekwaam en gereed vir die toekoms."

Oor die kwessie van integrasie van binne- en buitelandse leierskap sê Joe Thloloe, 'n joernalis by die Sowetan: "Twee leierskapskomitees bestaan tans, met die nasionale uitvoerende raad verantwoordelik vir die binnelandse politieke werk, terwyl die sentrale komitee in die buiteland verantwoordelik is vir die gewapende stryd en buitelandse aktiwiteite."

Die uitvoerende raad is verlede jaar geskep en die sentrale komitee bestaan sedert die vroeë tagtigerjare.

Peter Vale van die Universiteit van Wes-Kaapland wys ook die retoriek en beeld van die organisasie as 'n probleem uit.

Vale sê: "Hul retoriek is nog afstootlik vir nie-Afrikane. Gepaard daarmee het hulle nie 'n duidelike politieke beeld nie. Hulle leiers is nie identifiseerbaar nie en hul beleid is verwarrend. Selfs Buthelezi het 'n beeld, maar sodra die PAC se beeld duideliker begin word, sal hy beslis 'n mag wees."

Vale meen dat die organisasie nog sy beeld kan red, maar dat dit nie noodsaaklik is vir die PAC om steun onder witmense te verkry nie, omdat hul aanslag by swartmense lê. "Die grond-kwessie is 'n baie emosionele een. En daar sal altyd mense wees wat dit ondersteun. Die PAC kon ook altyd die beste akademici onder swartmense aantrek - en dit is mense wat in die toekoms beleid gaan maak. Dit is alles goed vir die PAC."

Wat die organisering van ondersteuners betref, meen Vale dat die PAC hom nie in 'n erger posisie as enige ander organisasie bevind nie - "intendeel, hulle kan seker mense organiseer met die standpunte wat hulle nou inneem, veral as die onderhandelingsproses voortsleep."

Dhlomo meen egter dat die PAC nie lank 'n militante houding kan aanneem nie: "Mense gaan uiteindelik vra waaroor daar nog baklei word - omdat onderhandelinge die enigste strategie is wat die politieke probleme van dié land sal oplos."

Ondanks die knelpunte, is almal dit eens: die beste ding wat met die PAC kon gebeur, is dat hy gewettig is.

# 'Grond bly die spil van ons beleid'

*Die "nuwe gesig van die PAC", Dikgang Moseneke, is 'n 43-jarige advokaat van Attridgeville in Pretoria. As vise-president van die Pan Africanist Congress, is hy Nelson Mandela se eweknie. In 1964 - toe hy net 15 jaar oud was - is Moseneke vir tien jaar tronk toe gestuur weens sabotasie. Daar het hy sy skoolloopbaan en prokureursgraad voltooi. Met sy vrylating het hy hom as advokaat gekwalifiseer.*



**Dikgang Moseneke... "niemand bevraagteken die voortbestaan van die SAW nie."**

**Waarom is grond so 'n belangrike kwessie in die PAC se beleid, en wat bedoel jou organisasie daarmee dat die grond teruggegee moet word?**

Nadat ek almal se kommentaar oor die staat se witskrif gehoor het, was ek meer as ooit oortuig van die sentraliteit van die grond-kwessie vir die trots van die onderdruktes en die oorheersing van die onderdrukkers.

As mens praat van grond, dan praat jy van die primêre bron van rykdom en ontwikkeling. En die debat wat onmiddellik op FW De Klerk se witskrif volg, is 'n loflied aan die PAC. Status in ons samelewing word bepaal deur jou vermoë om te besit en te produseer. Dus is ons aandrang op die heroorname van die grond méér as net 'n emosionele kwessie. Dit is snelskrif vir die stryd teen onderdrukking, afsetting en uitbuiting.

**Daar word gesê dat jou organisasie verouderde standpunte handhaaf. Wat is jou kommentaar?**

Ons word gekenmerk deur ons reguit analise van die verhouding tussen die onderdrukkers en die onderdruktes. Ons word gekenmerk deur ons kragtige ontleding van die aard van die krisis, asook 'n deurdringende analise van die probleme in ons land. Ons standpunte verduidelik waarom dit moontlik was vir ons om wyd ondersteuning te kan kry - van die werkersklas tot die intelligentsia. Tot dusver het daar niks gebeur wat nie met die PAC se analise strook nie. Inteendeel, ons projekteer 'n toekoms waar ons ontslae sal wees van rassisme, verdeling en kolonialisme.

**Word daar gekyk na maniere waarop die organisasie ondersteuning kan kry onder mense wat miskien jul retoriek en standpunte té rondborstig en onbuigsaam vind?**

As 'n taktiek 'n beginsel ondermyn, dan is die taktiek onegen kan dit nie gebruik word nie. Ons bly by ons beginsels. Diegene wat sê ons is te reguit, is mense wat nie bereid is om na die fundamentele probleme te kyk nie. Ons wil ook nie "populêr" wees nie. En die oplossing lê nie in hoe populêr ons is nie, dit lê in hoe konsekwent en stewig ons beleid is.

**Gaan julle onderhandel? Of sal ek vra: in watter omstandighede sal julle onderhandel?**

Ons onderhandel net vir 'n grondwetgewende vergadering wat demokraties saamgestel sal word. Ons is besorg oor die meganismes wat die oorhandiging van mag sal bewerkstellig. En die feit dat ons ondersteuners vinnig meer word, is 'n duidelike teken dat mense bewus is van wat ons doen. Die vraag is dus nie of ons sal onderhandel nie, maar of dié proses op behoorlike wyse behartig sal word. Ons het dus 'n vreedsame, demokratiese voorstel om ons uit die impassé te kry.

**Wat van julle gewapende stryd?**

Ons het die reg om ons te verdedig wanneer dit nodig is. Daar is geen land ter wêreld waar die onderdruktes alle vorms van stryd opgesê het voordat hulle mag bekom het nie.

**Belemmer dit nie jul beeld in die buiteland nie, waar Westerse regerings die onderhandelingsproses sterk aanmoedig?**

Dat daar onderhandel word, beteken nie dat ons alle ander vorms van stryd moet opsê nie. Maar niemand bevraagteken die voortbestaan van die SA Weermag nie. Almal aanvaar dat dit die reg het om te bestaan - terwyl daar 'n beroep op ons gedoen word om ons gewapende stryd te laat vaar.

**Op watter grondslag verwerp julle die veelparty-konferensie, en op watter grondslag aanvaar julle die Patriotiese Front?**

Die veelparty-konferensie sal ons eis vir 'n grondwetgewende vergadering ondermyn. Die Patriotiese Front het as doel die vereniging van die onderdruktes om sodoende hul aanwinste te versterk. Daar is dus 'n baie duidelike verskil tussen die twee.

**Is daar 'n moontlikheid dat julle massa-aksie veldtog met dié van die ANC kan saamsmelt?**

Ja, solank ons eise en belange dieselfde is. Ons sal probeer om soveel moontlik met mekaar saam te werk. Maar ons sal nie deel wees van die handtekening-veldtog vir 'n tussentydse regering nie. Ons stel nie daarin belang om saam met die regering apartheid te behartig nie.


IDASA PRETORIA
nooi u uit na 'n Aandseminaar

DIE SOWJET-UNIE VANDAG
EN SY PERSEPSIE VAN SUID-AFRIKA

Sprekers van die Sowjet-Unie:
- Vasili Solodovnikov (USSR Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary)
- Dr Salamandar Kalandarov (Secretary General of the Soviet Afro-Asian Solidarity Committee)
- Dr Vyatcheslav (Slava) Tetelein (Consultant to the Soviet Afro-Asian Committee

Vir die eerste keer op 'n openbare verhoog in Suid Afrika, sal drie lede van die Sowjet-Unie Kommuniste Party praat oor:

- "The Total Onslaught" - feite of fiksie?
- Sowjet- interne politiek - waarheen oppad?
- Sowjet houding jeens Suid Afrika - is dit besig om te verander?


DATUM: Maandag 18 Maart 1991
TYD: 19h30 (Registrasie begin on 19h00)
PLEK: Hotel Boulevard (Garden Lounge)
Strubenstraat 186, Pretoria

Seminaarfooi: R10 per persoon (beurse beskikbaar)
Kontantkroeg beskikbaar vanaf 19h00
Vir verdere navrae kontak Ethel (012-3422335/6)

Reg van toegang word voorbehou.

# Miskien wou Amerika maar net sy invloed in die Midde-Ooste vergroot...

**Noudat Amerika Irak - en sy eie Viëtnam-gewete - kafgedraf het, moet die wêreld maar lig loop vir die Nuwe Globale Polisieman, meen IAN LIEBENBERG. Vandag wapper 'n Amerikaanse vlag in Koeweit, môre dalk wie weet waar...**



Ian Liebenberg (Foto: Charl Best)

# Pas op vir die Gloatin' Normans

Vir die soveelste middag sit ek voor die televisie om 'n update oor die Golfoorlog te kry - aanloop, verloop en afloop. Amerikaanse akteurs en sangers is besig met hul eie weergawe van die vredesliedjie (die titel drywende op 'n pienk wolkie: "Peace in the Gulf"). How sweet!

Die kyker word getrakteer op skote van dansende Koeweiti's (vir die eerste drie dae dieselfde foto van die dansende boepens Koeweiti-mannetjie), Koeweiti-ma's wat huil oor hul seuns wat ontvoer en moontlik dood is, Irakese soldate wat hulle oorgee, oorgee, oorgee en oorgee. Amerikaanse politieke ontleders en politici gesels/verkoop aan ons die belangrikheid van 'n "post-Golfoorlog" scenario en 'n "post-oorlog era". Genl Norman Schwartzkopf staan en gloat oor die oorwinning... Stormin' Norman. (He might be a strategist, schooled in the operational art, a tactician, a general and a soldier - anders as wat hy van sy antagonis, Saddam Hoesein, beweer. Hy is egter ook 'n gloating show-bizzy man with a pot-belly, budding eyes and is glorified in victory and purified in gun-power... Liebenberg, 1990.)

Subtiel word die boodskap ook geleidelik aan die kyker deurgegee dat "ware vrede" verder gaan as die ontsetting van Koeweit, die outokratiese emiraat, uit die greep van die Irakese besettingsmag. "Ware vrede" is slegs moontlik as Saddam Hoesein uit die prentjie "verwyder" kan word.

Koerante vertel verder vir die kyker - wat nog nooit 'n program oor die Midde-Oosterse politiek gesien het nie - dat Hoesein 'n potensiële Hitler was, 'n would-be global katastrofe, kortom 'n aaklige wese - die absolute antitese van dit waarvoor die Westerse beskawing staan: Ons vir vrede, Hoesein vir oorlog. Ons vir bevryding, Hoesein vir verslawing, ons vir redding, Hoesein vir die dood van onskuldiges (ou manne en vroue, kinders en babas, honde en katte, parakiete en muise...) Dus: ons vir ontwikkeling, Hoesein vir vernietiging.

Nog is het einde niet in sig. Die VSA wil die nuwe orde in die Midde-Ooste help struktureer, die agterlike mense (soos die Arabiere/Moslems maar is) help ontwikkel, en vrede, vryheid en voorspoed bring. (Elkeen van die 500 000 Amerikaanse soldate in die Golf was persoonlik 'n Godgestuurde draer van dié genoemde wonderlike gawes. As die kyker dit nog nie gesnap het nie, moet hy/sy liewer die TV afsit en tuinwerk gaan doen...)

Verder weet ons nou dat pres George Bush (ode, lofsange en palmtakke aan hom!) die gewildste Amerikaanse president sedert Harry S Trumann is: 85 persent van die Yanks ondersteun hul president in die stryd om vrede, vryheid en voorspoed. Ook, en dit behoort potensiële kritici se monde vir altyd te snoer - "Blacks approved of Mr Bush by more than two to one - 66 to 30 percent made a complete reversal of their pre-war opinion.

Tot sover vir 'n inleiding: nou vir enkele klagtes. Verstaan my mooi, ek is nie 'n fanatieke Moslem nie (ek is nie eens 'n Moslem nie), ek is ook nie noodwendig gekant teen oorloë nie (hoewel ek 'n geneigdheid tot aversie in geweld en bloed het), ek is nie 'n kenner van gebeure - aanloop en uitvloeisels - in die Midde-Oosterse/Arabiese politiek nie (wel 'n waarnemer). Maar waarmee ons in die huidige situasie sit (of Saddam Hoesein nou afgegooi gaan word, soos die Westerse power-mongers en Bush hoop of nie), laat die ou bekende gevoel, die ja-nee dog verontrustend, by mens opkom. En ek is geneig om te dink dat ek nie die enigste mens is wat só dink suid van die 30e breedtegraad nie; ook nie die enigste suid van die Limpopo en die Oranjerivier nie. Enkele issues:

Die Viëtnam-sindroom: In my Devil's Advocate Dictionary was dit die geestesatmosfeer wat 'n temperende invloed/demper was op Amerikaanse arroganse en magslus. Dit was 'n soort bewusmaking van die Yanks se beperkinge en het ons (die wêreld in die algemeen en die Derde Wêreld in die besonder) die gevolge gespaar van 'n VSA wat sy sielkundige drifdrang om polisieman van die wêreld te wees tot sy megalomaniese einde te voer. Die "moeder van alle nederlae" (om Gloatin' Norman aan te haal) en die daarmee gepaard gaande onvermydelike styging in Amerikaanse nasionalistiese emosies en die chauvinistiese wil om steeds 'n groter bydrae te lewer tot "wêreldvrede, voorspoed en vryheid", voorspel niks goeds vir die voetgangers in die pad van die Global Policeman on patrol nie. Nòg op lang termyn nòg op kort termyn. Die goede behoede ons! Viëtnam het die Amerikaners byna insig besorg, die Golf het die potensiaal om dit weer weg te vat. Om 'n quote van Breyten te wysig: "Once is philosophy, twice is perversion."

Die kwessie van dubbele standaarde: Die hele oorlog laat 'n mens dink aan die ou Cowboy en Indiaan-grappie (dis net meer grim). Die een gloating Cowboy sê aan 'n ander in die kroeg: "Man, there we were, two thousand to two, and man, did we stuff those two up!"

Dié Amerika (natuurlik met die hulp van die Geallieerdes - Sirië, Brittanje, Frankryk, die Koeweitse Vryheidsbeweging, Egipte ensovoorts) val 'n land met 17 miljoen inwoners aan om 'n emiraat te bevry. (Ek weet steeds nie wat is die ergste nie: om deur 'n outoritêre, argaïese emir regeer te word of deur 'n militêre outokraat.)

Dieselfde Amerika het ons voorheen gewys dat dié land doodsveragtend en heldhaftig kan optree teen gevare wat die wêreld bedreig. Die groot, gevaarlike Noriega se val is byvoorbeeld teweeggebring deur langdurige en effektiewe (ja, sanksies is soms effektief...) sanksies, gevolg deur 'n inval.

Op 'n soortgelyke manier is die geweldige Irakese "bedreiging" nou gestuit. As Hoesein nie NOU gestop is nie - en spesifiek en effektief nie - weet ons almal sou hy eers Koeweit, daarna Iran, Pakistan, Indië, China, Japan en Nieu-Seeland beset het.

Terselfdertyd sou hy Israel in 'n uitgerekte oorlog vernietig, Griekeland, Turkye en Europa oorneem, en uiteindelik ook Afrika en die Amerikas opslurp. Of hoe?

Miskien wou die Amerikaners - en dit lyk na 'n meer logiese en eenvoudige verklaring - maar net hul invloed in die Midde-Ooste vergroot. As dinge nie polities gedoen kan word nie, doen ons dit militêr. Was dieselfde geesdrif maar daar om die Palestynse probleem op te los.

In elk geval. Dit is dieselfde - ja, onthou u - dieselfde VSA wat geargumenteer het dat "sanksies" nie "doeltreffend" is nie en slegs "onskatbare lyding" meebring. Dit is ook die VSA wat dit nooit as te nimmer sou oorweeg (wat nog te sê doen) om op 'n ander manier as deur diplomasie onderdrukking elders ter wêreld te stop nie.

Kom ons neem 'n voorbeeld: In 'n donker kontinent (wat ons almal ken) was daar eenmaal 'n land wat deur rasse-mal (rasbefokte) ideoloë geregeer is. Hulle het nie net hul "niewit" onderdane verslaaf, verarm en onderdruk nie. (As dié marteling, moord-en-doodslag en uitbuiting slegs binne hul eie landsgrense plaasgevind het, was dit dalk volkeregtelik niemand se saak nie - en per implikasie ook nie Amerika s'n nie).

Die regeerders het egter ook 'n buurstaat twintig jaar of langer onwettig beset, die staat direk aangrensend daaraan tien jaar lank, en sporadies, later konstant, gedestabiliseer deur militêre veldtogte. Ander omringende state is deur ekonomiese en militêre aksies geterroriseer. Byvoorbeeld deur staatsgrepe te (probeer) introduseer, militêre hulp te gee aan terroristegroepe binne die state en so meer. Onse poliesman het egter nooit dit goedgedink om ernstig in te gryp nie. Dié voorbeeld is nie al nie. Afhangende van waar u bly op die ou aardbol, sal u aan nog voorbeeldjies kan dink. Die nuwe polisieman op patrollie dra nie net baie knuppels saam nie, hy ly ook aan 'n groeiende vermoë om homself volledig te identifiseer/uit te leef binne sy eie dubbele standaarde. (Self opgelê - en self afgedwing, so hier en daar met 'n bietjie hulp.)

Die massiwiteit van globale tegnokratiese newspeak - en die vulgêre uitvloeisel daarvan: Andrew Beatie (Vrye Weekblad, 15 Februarie 1991) oor "Militêre sensuur" maak ons treffend bedag op die hele kwessie van sensuur. Hy gaan ook verder. Met verwysing na Fukuyama se "einde van die geskiedenis" wys hy hoe die waarheid in die (politieke) oorlog sneuwel. En Beatie meld dat die joernalistiek - as dit gesond wil opereer - nie net die "feite" reg moet weergee nie, maar ook "die interpretasie van gebeure".

Die Golfoorlog en beriggewing daaroor is 'n sprekende (swygende? alles raak relatief...) voorbeeld. In 'n meesterlike vertoning van gesofistikeerde beriggewing is daar - waarskynlik vir die eerste keer - op 'n globale skaal nuus gemaak en voorgehou aan die kyker. Feite is selfs taamlik (tot honderd persent) korrek deurgegee. Veral oor die geallieerde verliese/vermistes. Natuurlik is die besonderhede van die geallieerde aanvalle op Basrak en Bagdad ons gespaar. Netnou swaai dit die openbare mening.

Só meesterlik is dit gedoen dat die geskiedenis (en die aanloop tot die oorlog) heeltemal herskryf is.

Danksy CNN en ander Amerikaanse netwerke weet ons nou:

* Dat daar geen oorlogswreedhede en -misdade deur die geallieerdes gepleeg is nie (elke Amerikaanse soldaat dra spesiaal 'n waterglasie en 'n pakkie beskuitjies in sy "ratpack", gemerk: "For a poor Iraqi soldier surrendering").

* Dat per implikasie slegs die Irakese leër - en spesifiek Hoesein - tot sulke booshede ten tyde van die oorlog in staat is.

* Dat die hele wêreld die afloop van die oorlog verwelkom. Implikasie: Dat die VSA nie net 'n reg nie, maar ook 'n godgegewe verantwoordelikheid het om die regionale politieke en ekonomiese orde in die post-Golfoorlog era te herstruktureer. (Self die volkereg is relatief.)

* Weet ons nog steeds bitter min van die historiese oorsake van die oorlog en voorgestelde oplossings deur die verskillende interne/plaaslike akteurs. Implikasie: Interne akteurs - veral die "verloorders" - se opinie en rol word verminder in die oplossing van toekomstige politieke probleme. Mense wat die oorlog se verloorders ondersteun/geback het, is nie net gebore verloorders nie, hulle is ook effens seniel en heel mal (totally insane).

So sit ons nou met 'n (nuwe?) sterker globale polisieman - dubbele standaarde as well (selfs kollektiewe skisofrenie, gesien die Amerikaanse euforie oor die oorwinning) en ... 'n globale distorsie in kommunikasie.

Nie net 'n globale distorsie in kommunikasie is met ons nie. Saam met die verstaanskortsluiting (afgedwing met eensydig beheerde elektroniese wapentuig en massamedia) kom die vulgarisering van die geskiedenis en dus ook die politieke lewe in die algemeen.

'n Donker prentjie inderdaad. Kan ons daaruit loskom?

Goeie joernalistiek kan help. Goeie subjektiewe joernalistiek - joernalistiek wat sig veral met die verloorders vereenselwig en wat vra na die "hoe", die "hoekom" en die "wat nou" ten opsigte van die oorlog.

Minder "gloating" en meer oplossingsgerigte kommunikasie (ook met die "verloorders" - of mens hulle laaik of nie) is nodig.

Die verloorders (en nie net die wat dirk die militêre "knocks" gevat het nie) moet liefs ook nie nou gaan lê nie. Praat terug, baklei terug as dit moet, maar sê julle sê... ook sommer hier te lande. 'n Amerikaanse vlag vandag oor die Midde-Ooste - more wie weet waar...

Dit dan die gedagtes wat deur my hoof flits terwyl ek kyk na die "nuwe" waarheid, die "nuwe" werklikheid (oorlog, vrede en "nuwe orde") wat hom dinamies voor my ontvou op CNN. Ek skink stil 'n glasie op die verloorders. Tragiese helde - selfs al is hulle eksentriek en soms gevaarlik - is verkieslik bó mal polisiemanne wat, dubbel-gestandaard en kollektief skisofreen, my woonbuurt patrolleer.

My bydrae (ek is nòg 'n joernalis nòg 'n politikus nòg 'n akademikus, ek is nie objektief nie, wil dit nooit wees nie) sal wees om te verseker dat besoekende Amerikaners wéét dat ek nie een van dié is wat vir Bush sal skree "Heil, Ceaser!" nie, sou hy ooit hier verbykom op een van sy patrollies.

Groete van huis tot huis.

*(Ian Liebenberg het onlangs as hoof van die navorsingseenheid by Idasa bedank om sy studie aan die UWK te voltooi)*

# Demokratiese groeipyne in die Sowjet-Unie

MOSKOU - Te midde van oproepe deur die Russiese president, Boris Jeltsin, dat die demokratiese magte "oorlog teen die Sowjet-leierskap moet verklaar", en die owerhede wat nog nie op 'n nuwe naam vir die Sowjet-Unie kan besluit nie, het die Sowjet-leier, Mikhail Gorbatsjof, 'n referendum vir volgende Sondag uitgeroep.

Maar die naam maak nie saak nie, volgens top-presidensiële raadgewer Gregory Revenko, "die behoud van die unie" wel.

Die Sowjet-kiesers moet volgende Sondag die volgende vraag beantwoord: "Dink jy die Unie van Sowjet-sosialistiese republieke moet as 'n hernieude federasie van gelyke soewereine republieke, waarin die regte en vryhede van 'n persoon van enige nasionaliteit ten volle gewaarborg word, voortbestaan?"

Jeltsin, 'n voormalige lid van die Politburo wat verlede jaar uit die Kommuniste Party bedank het, het onlangs sy aanvalle teen Gorbatsjof verskerp en verlede maand het hy 'n beroep op die Sowjet-leier gedoen om te bedank.

Die politieke stryd tussen die twee leiers van die Russiese federasie, die grootste en magtigste van die Sowjet-republieke, en die Kremlin het deels ontstaan as gevolg van die twee leiers se verskillende sienings oor die toekoms van die Sowjet-Unie.

Jeltsin wil groter mag vir die republieke hê, terwyl Gorbatsjof net 'n gedeeltelike devaluasie van mag wil hê.

Jeltsin is besig om 'n addisionele referendum in Rusland te organiseer om die kiesers te versoek om die gedagte van 'n demokratiese-verkose uitvoerende president in die republiek te steun.

Dit sal hom toelaat om homself verkiesbaar te stel, en moontlik te wen, in 'n presidensiële verkiesing en om sodoende sy posisie in die parlement en die nasionale regering te versterk.

"Ons moet oorlog verklaar teen die leierskap van dié land wat ons in 'n doolhof lei," het Jeltsin by 'n vergadering van hervormingsbewegings in die Sowjet-Unie verklaar, en 'n beroep gedoen dat 'n magtige demokratiese party in die Sowjet-Unie op die been gebring moet word. "Slegs 'n georganiseerde beweging kan ons in dié kritieke tye help.

"Ons almal weet dat hy (Gorbatsjof) altyd gelieg het, vir die mense en die demokrate.

"Dis 'n goeie tyd om tot aanval oor te gaan. Die demokrasie is in gevaar," het Jeltsin verklaar.

Volgens die Sowjet-geskiedkundige Roy Medvedev is dié land besig om die skepping van 'n magtige opposisieparty te aanskou, 'n normale proses nadat die kommunistiese party sy konstitusionele monopolie oor mag verloor het.

"Ons moet daaraan gewoond begin raak om in 'n veelpartystaat te leef," sê Medvedev. Hy kritiseer egter die opposisie, insluitend Jeltsin, vir volgehoue kritiek teen die Kommuniste Party "wat meer demokraties as dié sogenaamde Demokratiese Party is". - AFP



Boris Jeltsin... "verklaar oorlog teen die Sowjet-leierskap"

## Sowjet-pret met Perestroika

MOSKOU - Die mense in Moskou geniet hulself nou gate uit met 'n nuwe bordspel genaamd "Perestroika" - glo stukke beter as die ware Jakob. Dié onnutsige speletjie, uitgedink en bemark deur die weekblad Prawda, verwys na die lotgevalle van die Sowjet-burgers sedert Mikhail Gorbatsjof in 1985 aan bewind gekom het.

Die spelers kry lekkergoed, wat in die spel geëet of verloor kan word. Die lekkergoedpapiertjies verteenwoordig die stukkies "hoop" wat telkens deur Gorbatsjof gewek word. Die "wenner" is die ongelukkige wat die eerste op blokkie 52 beland - 'n valerige kantoor van die Sentrale Komitee in die Kremlin.

Beland jy op blokkie 2, moet jy jou onderwerp aan die "verbod op alkohol" - 'n verwysing na Gorbatsjof se rampspoedige veldtog teen drank, wat sjebeens oornag in Moskou laat verrys het. Jy verloor 'n beurt om "uit te vars".

Op blokkie 3 gebeur nie veel nie: "Die Politburo word geskommel. Die spelers ruil net sitplekke."

Op Blokkie 7 (Gorbatsjof se ekonomiese hervormings) word jy onderwerp aan "die wet op individuele professionele aktiwiteit". Jy mag 'n lekker kry. Maar beland jy op blokkie 8, tref die "wet op die belasting van koöperasies" jou. Jy moet die lekker teruggee, plus twee van jou eie, plus 'n stukkie "hoop".

Sommige blokkies vra gesamentlike optrede deur die spelers. Beland jy op blokkie 10 (die 27e Kongres van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie), sing almal die Internationale. Op blokkie 40 (die 28e Kongres), sing almal wéér die Internationale - maar sonder geesdrif.

Op blokkie 14 begin die "vloedgolf van emigrasie". Jy kry drie stukkies hoop, vier lekkers en verlaat die spel. Bly jy, loop jy jou op blokkie 34 vas teen "etniese konflik". Watter nasionaliteit jy ook al kies, jy's uit die spel.

Hoe later hoe kwater. By blokkie 38 begin die skaarste aan verbruikersgoedere ("as die speler iewers 'n stukkie kaas kan kry, moet hy dit in die donker onder die tafel eet, anders gaps die ander dit"). Op blokkie 50 lees jy: "Ekonomiese chaos. Monetêre hervorming. Alle spelers moet drie stukkies hoop teruggee - en 'n geskrewe verklaring doen oor waar hulle hul lekkers gekry het."

Blokkie 51: "Die Sowjet-Unie begin verkrummel. Die spelers moet die bord probeer opskeur. Kry hulle dit reg, eindig die spel. Slaag hulle nie, kry elkeen 'n lekker."

Maak jy dit wel tot by blokkie 52, word jy aangesê om "vasbeslote uit te gaan op straat en jou stukkies hoop te begrawe onder die wiele van die eerste tenk wat jy sien."

"Intussen," sê die uitvinders van Perestroika, "sal die mense op die boonste verdieping besluit wat om die volgende spel te noem." - AFP

# Koop 'n MiG vir 'n appel en 'n ei

BERLYN - Psst, soek jy 'n MiG? Of 'n tenk? Of wat van net 'n flitslig? Staan gerus nader - die Rooi Leër verkoop nou al die wapens waarmee hy in Oos-Duitsland opgeskeep sit. Dis te duur om die hele arsenaal terug te sleep Sowjet-Unie toe noudat die hele Duitsland weer in Duitse hande is.

In geen ander Oos-Europese land het die Sowjet-Unie soveel wapens aangehou as in die gewese "frontlinie-staat", Oos-Duitsland, nie. Moskou het egter belowe om sy ganse militêre mag teen die einde van 1994 uit die land te onttrek. Daarvoor het hy meer as ses biljoen dollar "repatriasie-geld" van Bonn gekry.

Toe die Oos-Duitse weermag in die Duitse Bündeswehr opgeneem is, het Bonn 'n berg wapens - meestal verouderd - in die mark geplaas. Nou doen die Sowjet-Unie dieselfde.

Moskou wil met dié wapenverkope van die buitelandse valuta probeer herwin wat sy weermag verloor het toe die 388 000 troepe wat in Oos-Duitsland gestasioneer was hulle skielik in 'n harde kontant-ekonomie bevind.

In Karlshorst, waar die groot barakke in Berlyn geleë is, het die offisiere nou hul uniforms verruil vir die pakke van verkoopmanne.

Die Sowjet-Unie het al 'n hele paar van die yslike Ural 375-vragmotors teen 24 000 Duitse mark elk aan Duitse maatskappye verkoop.

As jy nou in Karlshorst gaan inkopies doen, kan jy vir jou 'n lekker ryding uitkies uit die 3 000 tenks. Net jammer die kanonne is verwyder.

Daar's ook 'n paar dosyn verouderde MiG 15's en 'n paar meer moderne MiG 21 en MiG 23 vegvliegtuie as jy jou plaaslike vliegklub wil imponeer. - AFP



Reaksie op mesaanvalle. Drie Israeli-vroue is dié naweek in die besette Gaza-strook met messe doodgesteek. Hier troos 'n grenspolisieman 'n huilende omstander by die moordtoneel in Wes-Jerusalem (Foto: AP)

# *Irak 'n tweede Afghanistan?*

PARYS - Irak, in puin na die geallieerde bomaanvalle, loop die risiko om 'n tweede Afghanistan te word, waarsku humanitêre organisasies. Daar word 'n uittog van vlugtelinge na die buurstate van Irak gevrees. Volgens berigte woed burgeroorlog reeds in verskeie gebiede in die land.

Die situasie van die Irakese bevolking, wat reeds ernstige tekorte in die gesig staar, kan nog verder versleg, word gewaarsku.

Tot dusver was daar 'n matige vloei van vlugtelinge oor die grense van Irak, maar kenners meen dat die gevegte in die noorde en suide van die land daartoe kan lei dat groot groepe mense vlug.

Een kenner meen: "As die burgeroorlog en gevegte voortduur, sal ons planne moet beraam om hulp te verleen soos ons in Afghanistan gedoen het. Selfs in rebelle-gebiede in die suide en tussen die Koerde in die noorde."

Die meeste vlugtelinge is reeds op pad na Iran en Sirië. "Tydens die geallieerde aanvalle het net 260 Irakese vlugtelinge die grens na Sirië oorgesteek, maar nou het ons reeds 1 500 binne drie dae getel", sê hy.

Volgens berigte in Iran het duisende Irakese daar aangekom. Dié vlugtelinge sê hulle vlug voor die "verskriklike" gevegte in Irak tussen soldate lojaal teenoor pres Saddam Hoesein en magte wat 'n populêre opstand organiseer.

Volgens die VVO is daar reeds 32 000 Irakese vlugtelinge sedert die oorlog in Augustus 1990 begin het - 25 000 in Iran, 4 000 in Turkye, 1 450 in Sirië en 'n paar in Jordanië.

Een kenner sê: "Ons het verwag dat dié getal tot 400 000 sou styg, maar dit het nie gebeur nie."

Die VVO het 'n afvaardiging na Bagdad gestuur om die situasie te evalueer nadat die Wêreldgesondheidorganisasie hul sorg oor die stand van gesondheidsdienste in die Irakese hoofstad uitgespreek het.


Afrika is verantwoordelik vir amper die helfte van die 15 miljoen vlugtelinge ter wêreld.

"'n Mens moenie vergeet dat die gevegte in Somalië en Soedan meer slagoffers gelaat het as die oorlog in die Golf nie," sê die Franse staatsekretaris vir humanitêre optrede, Bernard Kouchner.

Kouchner sê dat vroue en kinders 'n "dramatiese" situasie in die gesig staar - 700 000 vroue in Irak het reeds nie meer toegang tot hospitale nie en kinders begin simptome van ondervoeding toon. - AFP

# Die Broederstroomse balladesanger word dagboekhouer

**Met "Ag Pleez Deddy" het die jong Brits gebore Jeremy Taylor in 1961 oornag in Suid-Afrika naam gemaak. Sedertdien het hy wêreldwyd musiek gemaak en baie opvoerings aangebied. Sy jongste produksie, "Broederstroom Diaries", word nou by die Markteater in Johannesburg opgevoer. CHRISTELLE DE JAGER het by Taylor gaan inloer by sy strooidakhuis aan die voet van die Witwatersberg by Broederstroom, waar hy die laaste elf jaar woon**



Jeremy Taylor (Lise Joubert)

*'Soos 'n mens ouer word, word jy meer bewus van wat jy eintlik probeer doen...'*

# Die eerste Sarth Effrican sanger

DIT is 'n bloedwarm dag in Broederstroom. Maar die voëltjies sing in die koelte van Jeremy Taylor se groen tuin, en die witgeverfde strooidak-huisie lyk aanloklik.

Kaalvoet, in 'n helder knie-lengte Bermuda-kortbroek, kom Taylor groet. Wat jou eerste tref, is hoe eenvoudig en onopgesmuk die huis is, en hoe gemaklik Taylor daar lyk.

Hy pas by sy huis met die verweerde geel stalvoordeur, hout-vensterrame en groot kaggels waar alles so 'n bietjie deurmekaar lyk, asof iemand daar lewe.

Taylor bly al elf jaar op Broederstroom. Die eerste vyf jaar het hy geen elektrisiteit gehad nie, maar hy het daaraan gewoond geraak. Hy het op 'n plaas in Engeland grootgeword en die buitelug en die voël- en dierelewe van Broederstroom het dit die moeite werd gemaak.

Taylor sê sy plek by Broederstroom het hom deur die jare by sy sinne gehou, of darem in 'n mate - al sou baie van sy vriende nie eintlik saamstem nie.

"Hier kan ek ontsnap van die stad en die geraas. Ek kan rustig skryf en musiek maak, en wanneer ek wakker word, hoor ek die voëls sing."

Hier in Broederstroom het sy "Broederstroom Diaries" ontstaan - die toneelstuk wat nou by die Markteater opgevoer word. Dis besiel deur die stil klein gemeenskap van Broederstroom met sy ryk geskiedenis en interessante karakters: van boere tot skrywers en kunstenaars.

In "Broederstroom Diaries" skryf Taylor oor die lewens van dié mense, oor bepaalde voorvalle wat hy aanskou het en van die stories wat in Broederstroom vertel word.

Hy skets Broederstroom en sy mense net soos hulle is - name en al.

Vanaand gaan 'n busvrag van meer as sestig "Broederstroom-inwoners" Johannesburg toe om die toneelstuk te sien. Party weet al hulle word genoem, ander wonder nog of hulle ook hulself op die verhoog gaan sien (en hoe hulle voorgestel gaan word).

"Ek weet nie wie méér senuweeagtig is nie - ek of hulle," sê Taylor.

Taylor het die Broederstroom-stories eintlik drie jaar gelede begin skryf as bydraes vir 'n tydskrif, "Inside South Africa", wat ná 'n jaar toegemaak het. Toe hy verlede November iets nuuts in Port Elizabeth wou aanbied, het hy aan sy Broederstroom-stories gedink. Hoekom nie?

Taylor sê die opvoering is vir hom iets nuuts. Hy sal nou maar sien waarheen dit lei. As musikant kan hy nie meer ontwikkel nie, meen hy. Skryf en die toneel kan straks nou 'n nuwe groeirigting vir hom wees.

Maar waar het alles begin? Waar was Taylor vóór "Ag Pleez Deddy" en hoe het dié liedjie gebeur?

Taylor was 'n student in moderne tale aan Oxford, voordat hy as 21-jarige Suid-Afrika toe gekom het om onderwys te gee by 'n private kerkskool.

Daarna het hy in 'n destyds gewilde uithangplek in Hillbrow, The Cul-de-Sac, op die kitaar getokkel om die jollers te vermaak.

Hy sê hy het nooit eintlik geweet wat om met homself aan te vang nie, maar het sedert sy kinderdae 'n groot voorliefde vir die teater en musiek. Hy het homself leer kitaar speel en solank as wat hy kan onthou teater toe gegaan en geskryf.

Shakespeare bly vir hom 'n groot passie, veral Macbeth, en hy is dol op die "stemming" van die teater.

"Van my beste herinneringe is die tye toe ek in 'n half leë teater by 'n matinee in Londen na groot akteurs soos Laurence Olivier gesit en kyk het. Ek het 'n absolute bewondering vir goeie akteurs en aktrises. Om hulle te sien werk, is een van my grootste plesiere in die lewe."

Al wou hy nog altyd skryf, sê Taylor, het hy eers glad nie daaraan gedink om liedjies te skryf nie. 'n Vriend van Cul-de-Sac se dae het hom egter oorreed om sy hand daaraan te waag.

Hy probeer toe - en "Ag Pleez Deddy" was een van die eerstes.

Was hy verbaas toe die liedjie oornag die gewildste saamsing-deuntjie in Suid-Afrika word?

"Ja, dit was snaaks. Die reaksie het my heeltemal verstom," sê hy met 'n geskud van die kop.

Agterna beskou, dink Taylor dit was omdat dit die eerste keer was dat iemand 'n liedjie in regte, egte "Sarth Effrican" gesing het.

"Niemand het dit voorheen gedoen nie. Almal het soos Elvis of Frank Sinatra probeer sing. Ek het iets gesing waarmee Suid-Afrikaners hulle kon vereenselwig, in hulle eie aksent. En hulle kon vir hulself lag."

Dít is eintlik ook wat hy in "Broederstroom Diaries" probeer doen, sê hy. Dit is snaaks, ja - maar dit gaan oor régte mense en hul lewens, en dís wat die wêreld aanmekaarhou.

"Alles begin by die klein dinge wat mense doen, en hulle menslikheid. Mense moet besef hul alledaagse lewe is die enigste lewe wat hulle het. Dít is waarmee hulle moet werk en wat hulle moet waardeer.

"Mense kyk elke dag televisie en lees in die koerante van al die groot dinge wat in die wêreld gebeur. Dit oorweldig hulle. Naderhand begin hulle dink hulle 'klein' lewens beteken niks nie, dat hulle niks van waarde kan doen nie.

"Ek wil vir mense sê dat wat hulle elke dag in hulle eie lewens doen, wel belangrik is en 'n verskil kan maak, dat hulle menslikheid tel. Die dinge op die televisie beteken in die praktyk eintlik minder as byvoorbeeld die plaaslike konstabel se verhouding met die mense van sy dorp."

Hy sê daar is in Suid-Afrika baie goeie voorbeelde van hoe gewone mense se lewens baie méér vertel as die groter prentjie van die politiek in die land.

"Mense het onder verskriklike wette grootgeword wat hulle heeltemal moes verdeel. Maar kyk na die werklike wisselwerking tussen mense van albei kante van die draad op klein plekke soos Broederstroom - dan sien jy iets anders: gewone mense wat vir mekaar omgee."

Taylor sê om die gewone dinge wat mense doen waar te neem en daaroor te skryf, was nie iets wat hy altyd bewus gedoen het nie.

Toe hy jonger was, het hy sommer net geskryf wat vir hom lekker was - die "rigting" en "doel" daarvan was in sy onderbewussyn.

"Maar soos 'n mens ouer word, word jy meer bewus van wat jy eintlik probeer doen, wat ágter alles lê. Dit is eintlik baie skrikkerig, want dit laat jou skielik baie kwesbaar voel."

Taylor, nou 53, sê al het hy soort van per ongeluk in sy beroep beland, sou hy nou niks anders wou doen nie.

"Jy betaal egter 'n prys in dié beroep, en dit is eensaamheid. Dit is 'n moeilike beroep - dertig jaar en drie huwelike later weet ek dít.

"Ek moet alleen wees om my werk te skep, om te kan skryf. En dan is jy weer alleen op die verhoog. Die gehoor is daar, maar tog is jy alleen. En dan is daar die lang toere, weer alleen op die pad. Jy moet dié beroep liefhê om dit te doen."

# Die fantastiese antwoorde van Malan

**Die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, het dié week 'n eksklusiewe onderhoud met die SAUK se 'Agenda' gevoer. Malan staan selde televisie-onderhoude toe en daar is groot gewag gemaak van 'n indringende en diepgaande gesprek met die minister. Op die ou end is Malan toegelaat om ongeskonde en onuitgedaag uit die stryd te tree. JACQUES PAUW kyk na die teenstrydighede in sy antwoorde**




**Wanneer het Malan van die bestaan van die BSB geweet?**
Nadat die storm rondom die BSB in Februarie verlede jaar losgebars het, het Malan in 'n laatnagverklaring gesê dat hy eers in November 1989 van die BSB se bestaan ingelig is. "Ek speel nou oop kaarte met die publiek," het Malan gesê.

Malan het in sy verklaring gesê die bestaan van 'n spesiale, geheime organisasie van die SAW se Spesiale Magte het eers in November 1989 onder sy aandag gekom. Die vorige bevelvoerder van Spesiale Magte en voorsitter van die BSB, genl Joep Joubert, het voor die kommissie getuig dat die aard van die BSB, sy streke en sy siviele gedaante wel deur Malan goedgekeur is. Al hoe meer getuienis het gewys dat Malan vir die parlement gejok het. Die BSB het 'n jaarlikse begroting van byna R30 miljoen en waarnemers meen dit was onmoontlik dat Malan nie van die bestaan van so 'n organisasie bewus kon wees nie.

Nou het Malan skielik sy hele verhaal verander en aangepas. In die onderhoud Donderdagaand op "Agenda" het hy gesê dat hy al in 1985 goedkeuring gegee het vir die stigting van die BSB, maar dat hy eers in November 1989 van binnelandse optrede ingelig is.

"Die konsep is aan my voorgelig in die middel tagtigerjare ten opsigte van hierdie organisasie. Die organisasie het 'n klomp naamveranderings ondergaan en die organisasie soos hy vandag daar staan, is die uitvloeisel van daardie besluite," het Malan gesê.

Die BSB het ook nie soos die minister sê 'n klomp naamveranderings ondergaan nie. In 1985 het die BSB as Barnacle bekend gestaan en daarna as die BSB.

"Van dié klein element, die element wat 'n klein streek was wat teen die opdrag van die organisasie gewerk het, het ek die eerste keer gehoor in November 1989. Wat die groot organisasie betref, het ek nie probleme oor wanneer ek daarvan gehoor het nie. Die basiese ding is: ek het hulle taak goedgekeur."

**Het die BSB toestemming gehad om in die binneland op te tree?**
Malan sê dat die BSB nooit toestemming gehad het om in die binneland op te tree nie. "Nou die taak wat daardie organisasie kon gedoen het, was hy kan inligting in die buiteland insamel en hy kan in die buiteland opereer, maar in die binneland kan hy net inligting insamel want enige operasie in die binneland was polisie-aangewese."

Twee van die binnelandse operateurs het voor die Harms-kommissie getuig dat daar uitdruklik by 'n voorligtingskonferensie deur die besturende direkteur, Joe Verster, aan hulle gesê is dat dit hulle taak is om die vyand binne die landsgrense van die Republiek maksimaal te ontwrig.

"Ons is ingelig dat die ontwrigting van die vyand, byvoorbeeld, enigiets kan insluit van die breek van 'n venster tot die vermoor van 'n persoon," het Van Zyl getuig. Calla Botha het ook getuig dat dit die doelwit van die binnelandse streek was om oorlog te voer teen verklaarde vyande van Suid-Afrika.

Van Zyl en Botha het getuig dat hulle 'n vrywaring teen vervolging beloof is. Die vraag is natuurlik waarom vrywaring belowe is indien hulle net inligting sou insamel.

**Was net 'n klein element van die BSB vir wandade verantwoordelik?**
Malan het in die televisie-onderhoud gesê: "En nou, nou het ons die BSB ontbind omdat 'n klein element, twee of drie mense, moontlik oor die lyn getrap het en nou ontbind ons hierdie organisasie."

Volgens die getuienis voor die Harms-kommissie was nie net die binnelandse streek by die wandade betrokke nie, maar bewyse is gevind dat minstens twee ander streke ook binnelandse operasies uitgevoer het. Inteendeel, operateurs van die BSB was betrokke by binnelandse operasies nog voor dié streek gestig is.

Harms het bevind dat daar goeie rede bestaan om te glo dat die BSB betrokke was by die moorde op dr Fabian en Florence Ribeiro in Desember 1986 nie.

Robey, 'n beweerde BSB-sluipmoordenaar, het kort nadat die kommissie met sy ondersoek begin het, land uit gevlug - nadat R30 000 in sy rekening inbetaal is. Die BSB het ook sy regskoste betaal toe hy van die moord verdink is.

Daar was ook getuienis dat streek twee van die BSB, wat in Mosambiek opgetree het, saamgesweer het om 'n Durbanse prokureur te vermoor wat simpatiek teenoor die ANC gestaan het.

Verder moet onthou word dat die Harms-kommissie net 'n enkele sel van die BSB ondersoek het. Die BSB bestaan uit tien streke wat byna 200 projekte bedryf het. Ons weet nie steeds of daar nog binnelandse streke was nie.

Sewe wandade is deur die kommissie na die Prokureur-generaal verwys waarby sowat tien "direkte en indirekte" operateurs betrokke is. Nugter weet watter wandade nog na vore sou gekom het indien Harms toegelaat was om die hele organisasie te ondersoek.

**Het die BSB fantastiese werk gedoen?**
Malan het gesê: "Die BSB was 'n goeie organisasie, hy het fantasies gedoen. Ons het tot in die binnekringe van die ANC gepenetreer. Ons moet die ANC looi...nie die BSB wat hierdie prysenswaardige werk gedoen het nie."

In die Harms-kommissie het dit geblyk dat sewe wettige binnelandse organisasies, wat byvoorbeeld die SA Raad van Kerke en Regslui vir Menseregte insluit, as vyandige organisasies beskou is. Byna dertig individue, waarvan die meeste nog nooit by enige ondergrondse of militêre bedrywighede betrokke was nie, is as vyande gebrandmerk.

Daar was sameswerings om vyf mense, insluitende Desmond Tutu en Alan Boesak, te vermoor. 'n Kleuterskool is in Kaapstad opgeblaas en 'n aapfetus is in Tutu se tuin opgehang.

Van die inligting wat oor buitelandse optrede na vore gekom het, skilder allesbehalwe 'n prentjie van 'n organisasie wat in die belang van alle Suid-Afrikaners opgetree het. Daar is sterk aanduidings dat die BSB Anton Lubowski in Namibia vermoor het en goeie rede om te vermoed dat hulle David Webster in Johannesburg doodgeskiet het. Watter bedreiging het húlle ingehou?

*"So seker as twee maal twee vier is, ons sal die geveg wen." - 13 Maart 1977*

Pieter Botes het erken dat hy Albie Sachs se arm met 'n motorbom afgeblaas het en die onafhanklikheidsverkiesings in Namibia moes ontwrig. Hoekom moes Ribeiro sterf? In wie se belang was dit?

Die getuienis dui op 'n organisasie wat onbeheers opgetree en die laaste twee jaar meer as R50 miljoen spandeer het. Talle van sy teikens was wetsgehoorsame Suid-Afrikaners wat hulle beywer het vir 'n nie-rassige demokratiese bestel.

Joe Verster het voor die kommissie erken dat die BSB bedreig voel deur staatspresident FW de Klerk se politieke hervormings en dat die wettiging van die ANC en die PAC die organisasie bedreig.

# Sestien jaar van omstredenheid

MET die deurblaai van die afgelope 16 jaar se koerantknipsels oor Magnus Malan, vind mens dat hy verreweg die meeste van al die ministers by omstrede voorvalle betrokke was.

Sy politieke opponente het hom dikwels daarvan beskuldig dat hy polities onbehoorlik optree en sy bedanking is verskeie kere geëis - maar tot dusver tevergeefs.

Hier volg 'n kort opsomming van sommige daarvan:

* In 1981 ignoreer hy die opposisie se beskuldigings in die Parlement, maar erken dat hy 'n militêre vliegtuig gebruik het om 'n Nasionale Party-verkiesingsvergadering in Natal te gaan toespreek.

* In September 1982 eis Philip Myburgh, toe PFP-verdedigingswoordvoerder, in die parlement dat Malan moet verduidelik hoekom SAW-offisiere in Namibia betrokke is by klandestiene pogings om 'n nuwe tussentydse regering op etniese grondslag in te stel.

Myburgh sê Malan durf nie langer daaroor swyg nie "en dat dit 'n rampspoedige poging was om gebeure in Namibia te beïnvloed terwyl die huidige onderhandelinge 'n mees kritieke stadium bereik het".

Maar 'n weermagswoordvoerder sê Malan het geen kommentaar te lewer nie - sy standaardoptrede van swye oor die jare.

* Daar is absoluut geen sprake van enige destabiliserende optrede teen Angola in Cabinda nie. Die kommando-optrede was gemik teen ANC- en Swapo-basisse diep in Noord-Angola. So vertel Malan, hand op die hart, aan die parlement einde Mei 1985. Maar op daardie selfde oomblik vertel kapt Wynand du Toit presies die teenoorgestelde aan 'n internasionale perskonferensie in Luanda.

Hulle is 'n paar dae vantevore tydens 'n Suid-Afrikaanse kommando-inval in Cabinda, gevange geneem, sê Du Toit. Nee, ons het nie vir Swapo of die ANC gesoek nie. Ons wou die olievoorraadtenks opblaas.

* Sedert 1982 is Malan herhaaldelik deur Koos van der Merwe aangeval oor die betrokkenheid van weermagoffisiere by die mislukte Mike Hoare-inval van die Seychelle-eilande.

Dis moeilik om te glo dat Malan as politieke hoof niks daarvan geweet het nie, en dít nadat die Hooggeregshof bevind het dat twee weermagoffisiere regstreeks daarby betrokke was. Die weermag het nie teen een opgetree nie, beide het aangebly en een het later die Suiderkruis-dekorasie vir uitstaande diens ontvang.

Van der Merwe sê as Malan regtig niks geweet het nie, was hy nie net 'n verleentheid vir Suid-Afrika nie, maar ook 'n veiligheidsrisiko.

Op dreigemente van Malan dat hy Van der Merwe sou dagvaar oor die aantyging, het laasgenoemde hom in die openbaar uitgedaag om hom hof toe te neem - maar niks het gebeur nie.

* Die talle openbare ontkennings deur Malan en die weermag van enige betrokkenheid by Renamo, is welbekend. Die ontdekking van die Vaz-dokumente in 1985 het ook die onwaarheid aan die kaak gestel, wat later deur PW Botha bevestig is.

* Weer eens is daar in 1988 die soveelste ontkenning in die Parlement deur Malan oor weermag-betrokkenheid. Dié keer gaan dit oor geheime smeerpamflette wat uit vliegtuie in Kaapstad gegooi is en teen die End Conscription Campaign gemik was.

Maar 'n jaar later bevind die Kaapse Hooggeregshof dat die weermag daarvoor verantwoordelik was.

* Dan was daar in 1988 vrae in die Parlement oor sy gebruik van 'n militêre helikopter vir 'n visvangbesoek aan Bird-eiland, buite Port Elizabeth. Kollega John Wiley, wat kort daarna geheimsinnig selfmoord gepleeg het, was saam, en dit het die staat R6 723 gekos.

In antwoord op 'n vraag deur PFP-lid John Malcomess, sê Malan: "Die agbare lid weet dat as die minister van Verdediging 'n taak uitvoer, hy dit vinnig doen. Ek het gou my offisiële besoek afgehandel. Ja, ek het 'n visstok saamgeneem en ek het 'n aangename visvangs gehad ... en ons het goeie vis gehad om te eet."

Malcomess: "Dit was 'n baie duur visvangekspedisie."

* In 1989 vertel Malan aan die parlement dat hy eers die einde van Junie 1988 van die BSB in kennis gestel is.

* In 1989 is daar weer 'n storm om sy kop - dié keer oor sy verbintenis met die bankrot miljoenêr Albert Vermaas. Malan vertel aan die parlement hoewel hy en andere saam met Vermaas op 'n visvangekspedisie was, almal hul eie kostes betaal het.

**Die naderende politieke einde van genl Magnus Malan beteken ook die finale einde van die Era van die Generaals. Vir 'n bloedige anderhalf dekade het die militêre 'n magsgreep op die politieke en strategiese besluitnemingsproses in Suid-Afrika gehad - 'n buite-parlementêre regering wat Suid-Afrika in oorloë met buurstate gedompel het; die "totale aanslag" en die "totale strategie" die heersende ideologie gemaak het; en monsters soos die BSB moontlik gemaak het. HENNIE SERFONTEIN kyk op dié bladsye na die opgang en ondergang van die generaals en meer spesifiek van Magnus André de Merindol Malan**

# Die opgang en ondergang van die generaals



Genl Magnus Malan

(Illustrasie: Tinus Horn)

"DIE stille staatsgreep", sal geskiedkundiges dit dalk nog eendag noem, dié tyd in die middel tot laat jare sewentig toe die Suid-Afrikaanse Weermag voetjie vir voetjie nader aan die sentrum van burgerlike mag beweeg het. Dié "staatsgreep" is volvoer toe Magnus Malan in 1980 van Hoof van die Weermag tot minister van Verdediging bevorder is.

Die werklikheid van 'n Swapo-regering vir Windhoek en die wettiging van en onderhandelinge met die ANC in Suid-Afrika 'n dekade later vertel die verhaal van die mislukking van PW Botha en Malan se "totale strategie".

Malan het verskeie male gesweer dat die "rooi vlag nooit oor Windhoek sal wapper nie" nie en dat die ANC nooit Suid-Afrika sal beheer nie. Vandag word algemeen aanvaar dat die ANC die meerderheid in 'n toekomstige regering sal vorm.

Malan was die sleutelfiguur in die skepping van die totale strategie in die jare van die generaals en in die latere meedoënlose toepassing daarvan - iets waarvan miljoene swart Suid-Afrikaners en burgers van ons buurstate vandag sal kan getuig.

Suid-Afrika se geheime militêre inval in Angola in Oktober 1975 kan beskou word as die begin van die era van totale strategie.

Die ineenstoring van die Portugese ryk in Suider-Afrika en die Soweto-opstande van 1976 het 'n dringendheid meegebring vir 'n nuwe oorlewingstrategie en die klimaat vir die generaals geskep om die beleid te ontplooi.

Op 29 Maart 1977 lê PW Botha as minister van Verdediging 'n Verdedigingswitskrif aan die Parlement voor waarin vir die eerste maal 'n omvattende nasionale veiligheidsdoktrine uiteengesit word.

Dié dokument beklemtoon dat die nuwe konfliksituasie vereis dat daar gekoördineerde optrede op alle terreine moet wees - militêr, sielkundig, ekonomies, polities, sosiologies, tegnologies, diplomaties, ideologies en kultureel.

"Dit is noodsaaklik dat 'n totale nasionale strategie op die hoogste vlak geformuleer moet word," sê die dokument.

Agtien maande later, in September 1978, vervang PW Botha die Soldaat vir John Vorster die Polisieman as Eerste Minister, maar bly aan as minister van Verdediging. In 1980, na 13 jaar as politieke hoof van die Weermag, stel hy Malan in sy plek aan.

Die noue persoonlike bande wat in die voorafgaande jare tussen dié twee gesmee is, vorm die hoeksteen waarop die generaals in die volgende jare hul nuwe strategie sou implementeer. Botha het deur al die jare blindelings bankvas agter Malan gestaan en vrye teuels aan die weermag en hul geheime interne en buitelandse operasies gegee.

Die instelling van die totale strategie het verskeie fasette, en het die dringende skepping van veral nuwe politieke en veiligheidstrukture geskep.

Die NP onder Botha se politieke hervormingstappe was deel van die planne. Dit sluit in die skepping van 'n driekamer-parlement vir blankes, Kleurlinge en Indiërs met die spesifieke uitsluiting van Swartes. Deel daarvan is die instelling in 1983 van 'n uitvoerende Staatspresident met ongeoorloofde wye magte.

Saam met die politieke hervorminge is aan die veiligheidsestablishment, en spesifiek aan die generaals, 'n sleutelplek in besluitneming op die hoogste vlak oor politieke en alle ander sake gegee.

Die nasionale veiligheidsbestuurstelsel behels die Staatsveiligheidsraad (SVR), die Verdedigings Mannekrag Skakelkomitee en die stelsel van Gesamentlike Bestuursentrums.

Spoedig na die Botha-magsoorname is die SVR, tot toe een van vier belangrike kabinetkomitees, deur wetgewing met spesiale magte beklee. Die Staatspresident word voorsitter, dit het 'n vaste lidmaatskap en het bevoegdhede veel wyer as enige ander komitee. Die SVR verkry 'n sekretariaat van 50 mense - waarvan die meerderheid weermag-offisiere - teenoor die slegs vyf voltydse amptenare toegewys aan die ander komitees.

Die SVR sluit in slegs sekere ministers - FW de Klerk was nooit lid nie - en die hoofde van al die Veiligheidsdienste. Die vaste sekretaris was 'n weermag-generaal.

Dit word verhef tot 'n belangriker liggaam as die kabinet en vergader voor kabinetsvergaderings. Dus ook op politieke gebied is die SVR se "advies" deurslaggewend.

Die stelsel van Gesamentlike Bestuursentrums was die instrument vir die binnelandse implementering van die strategie. Daarvolgens is die land in 10 streke ingedeel, en elke streek het weer so 'n liggaam - tot in die kleinste dorp of township. Daar was byna 'n duisend sulke plaaslike liggame.

Op streeks- en plaaslike vlak was die koördinerende sekretaris meestal 'n weermag-offisier. Dit het bestaan uit amptenare van 'n verskeidenheid van departemente en moes plaaslike onrus besweer deur snelle sosiale en ekonomiese opgraderingsprojekte.

Plaaslike swart leiers is "geskep" en opgebou as teenvoeter vir die beweerde minderheid-radikales, waarvan tienduisende in hegtenis geneem is.

Daarmee saam was daar 'n omvattende propaganda-oorlog deur die militariste beplan en beheer met die doel om die hart en gees van die swartmense te wen, die sogenaamde Wham-strategie.

Die weermag en sy verskeie fronte is daarmee regstreeks in beide die swart en wit politiek betrek. Daar was 'n hele aantal voorvalle waar die weermag blatant party-politiek bedryf het en waarteen beide die DP en KP sterk beswaar gemaak het.

Buitelands behels die strategie 'n beleid van destabilisasie van al die buurlande in Suider-Afrika. Dit sluit in sabotasie-aanvalle op die ANC en Swapo, en aktiewe militêre ondersteuning aan rebellegroepe soos Renamo, Unita en reaksionêre elemente in Zimbabwe en Lesotho.

Die BSB is uit dié buitelandse strategie gebore, maar dit ontluik intern as 'n organisasie betrokke by koelbloedige moorde van swart en wit politieke aktiviste - iets wat Malan vir die soveelste keer ontken dat hy aanvanklik enige kennis van gedra het.

Die strategie van 'n allesomvattende Wham-propagandaveldtog en die "neutralisering" van politieke aktiviste het sy oefenlopie eers in Namibia gehad. Deur skole, die radio en televisie, en met propagandaspanne onder die naam van "onskuldige" kultuurorganisasies, is alle energie op Namibia en veral Ovamboland toegespits.

Nêrens is die mislukking van die totale strategie meer dramaties aan die kaak gestel as gedurende die 1989-verkiesings in Namibia nie - toe die oorweldigende meerderheid van die mense in Ovamboland vir Swapo gestem het.

In Suid-Afrika self is die mislukking van die ysterhand-pogings om die pro-ANC-simpatieë van die meerderheid swartmense te vermorsel, nou al welbekend. Die ineenstorting van talle plaaslike swart stadsrade wat kunsmatig met regeringshulp in stand gehou is, is verdere bewys hiervan.

Die Angola-inval in 1975 het die begin van die implementering van die totale strategie beteken. Dertien jaar later het die Suid-Afrikaanse neerlaag by Cuito Canavale die einde daarvan beteken.

# Totale strategie was 'n totale mislukking

"DIE beleid van destabilisasie van ons buurstate as 'n integrerende deel van die totale strategie van die militariste, was 'n volslae mislukking. Elke doelwit het misluk - en Suid-Afrika op die ou end polities in 'n jammerlike posisie in Suider-Afrika gelaat.

"Dit was 'n donker tydperk in die geskiedenis van ons regionale beleid in Suider-Afrika."

Só beoordeel André du Pisani van die Suid-Afrika Instituut vir Internasionale Aangeleenthede die gevolge van die "totale strategie".

Hy sê: "Ná die PW Botha-oorname in 1978 het die proses begin om die diktatuur van die imperiale president te vestig as die kernbasis van die nuwe struktuur om die totale strategie binne- en buitelands te ontplooi."

Die destabilisasie-strategie het vyf groot doelwitte gehad, sê Du Pisani:

* Suid-Afrika se militêre, ekonomiese en politieke oorheersing van die streek.

* Buurstate se groter afhanklikheid van Suid-Afrika moes sterker politieke, diplomatieke en ekonomiese bande skep.

* Suid-Afrika wou Westerse belange in die streek bevorder en die situasie vanuit 'n koue oorlog-konteks benader.

* Destabilisasie en die totale strategie regionaal het parallel geloop met die opbou van die uitvoerende staat en die groeiende sleutelrol van die staatsveiligheidsraad (SVR).

* Die konsep van nie-rassigheid as politieke alternatief tot die regering se apartheidsbeleid van veelrassigheid moes vernietig word.

Die oorkoepelende doelwit ágter die totale strategie met destabilisering, sê Du Pisani, was om die swart tuislande te legitimeer en die buurstate te verswak.

Hy wys op die volgende teenstrydighede en mislukkings van destabilisasie.

Terwyl SA sy handel met die lande wou versterk, het sy sabotasie van hul ekonomie en veral hul vervoerstelsel hulle ekonomies verswak en ons handel met hulle benadeel.

'n Hoofdoel was om die bevrydingsbewegings te delegitimiseer en hulle van politieke leefruimte te ontneem. Maar die teenoorgestelde het gebeur - die Suid-Afrikaanse regering sélf is gedelegitimiseer.

Terwyl die regering Westerse belange wou bevorder, is dié in werklikheid skade aangedoen. Westerse steun vir Suid-Afrika is daardeur ondermyn. Dit het sanksie-optrede bespoedig want besluite daaroor het dikwels gevolg ná destabilisasie-aksies en militêre strooptogte.

Suid-Afrika se sekuriteit in Suider-Afrika is erg benadeel. "Suid-Afrika se sabotasie van dié lande se sosiale en ekonomiese strukture het hul produksievermoë verminder," sê Du Pisani. "Hul landbouproduksie is ook geraak.

"Daardeur is ons sekuriteit nie versterk nie, want Suider-Afrika het meer onseker en onstabiel geword."

Suid-Afrika wou sy invloed en heerskappy in Suider-Afrika versterk, maar weens ons militêre optredes sedert die Angolese inval van 1975, is die internasionale betrokkenheid in die streek geweldig verhoog. Dit het regstreeks gelei tot die betrokkenheid van Kuba en die super-moondhede, die Sowjet-Unie en die VSA.

PW Botha se destabilisasie, en pogings tot dwang en diplomasie, het Suid-Afrika se eie diplomatieke inisiatiewe in Suider-Afrika ondermyn. "Dit het diplomasie vir ons onmoontlik geword om as derde party in streekgeskille op te tree," sê Du Pisani

"Ons het eers weer diplomaties aanvaarbaar geword ná die gebeure by Cuito Canavale - rampspoedig vir ons militêre establishment - die militêre skaakmat wat daarop gevolg het en die Namibaanse-Angolese vredesonderhandelinge.

Ten slotte wys Du Pisani daarop dat die totale strategie nie net Suid-Afrika se regionale beleid heeltemal gemilitariseer het nie, maar ook die weermag heeltemal gepolitiseer het.

"Daardeur het die weermag ook 'n politieke speler in die interne politiek geword. Die politieke nalatenskap van streek-destabilisasie kan vanweë die weermag se hoë politieke profiel ernstige komplikasies meebring vir die huidige transformasieproses in die land."

Du Pisani waarsku dat 'n mens nie die sielkundige impak van Suid-Afrika se vernietigingsbeleid op die inwoners van Suider-Afrika moet onderskat nie. Hy sê: "Mense het 'n lang politieke geheue en daar is sielkundige letsels wat mense vir jare met hulle sal saamdra."

Selfs die Nkomati-verdrag met Mosambiek, wat vandag as 'n "sukses" aangeprys word, was beslis 'n mislukking, sê Du Pisani - "want die ontdekking deur die Frelimo-regering daarna dat Renamo steeds deur Suid-Afrika ondersteun is, het ons geloofwaardigheid ernstig geknou.

"Veral die tydperk 1975-1985 was 'n dekade waarin ons verhouding met Suider-Afrika slegs as patologies beskryf kan word.

"Daar was absoluut niks konstruktiefs nie, want ons optrede is gesien as deel van 'n totale strategie teen 'n sogenaamde 'totale aanslag'".

Du Pisani beweer onomwonde dat dit 'n valse voorstelling was en dat 'n totale aanslag teen Suid-Afrika nooit deel van die Sowjet-Unie se strategiese beplanning was nie.

"Natuurlik sou die Sowjet-Unie later wel betrokke raak, ten dele vanweë Suid-Afrika se verhouding met die VSA en veral sedert die Angolese gebeure vanaf 1975.

Du Pisani sê die keerpunt was die skokke vir Suid-Afrika tydens die gevegte rondom Cuito Canavale. "Sedert 1985 al het die waarskuwingsligte vir die militêre beplanners in Pretoria begin flikker. Daar was praktiese en logistieke probleme, onverwagte Kubaanse suksesse en die besef dat Suid-Afrikaanse lugbeheer iets van die verlede was en dat die konflik op tegnologiese gebied 'n stadium bereik het waar dit te veel geld en mennselewens sou kos."

Du Pisani sê Cuito Canavale en die latere taktiese verrassingskuiwe van die Kubane tot teen die Namibaanse grens, was 'n kataklismiese ervaring vir die militêre establishment. Dit was die begin van die einde van destabilisasie en die totale strategie.



Magnus Malan, Pik Botha en 'n RPG7-vuurpyllanserder in Messina (Foto: Jan Simon)

# 'n Soldaat se soldaat

DIE 61-jarige Magnus André de Merindol Malan het tot met sy toetrede tot die politiek as minister van Verdediging in 1980 'n roemryke militêre loopbaan gehad en vinnig opgang gemaak.

Binne 23 jaar het hy van jong rekruut tot die jongste hoof van die leër gevorder. Drie jaar later, in 1976, is hy as die jongste hoof van die weermag aangestel.

Hy is binne agt maande bevorder van brigadier tot generaal-majoor en daarna tot luitenant-generaal. Op 27 was hy al 'n kaptein, op 34 kommandant, op 38 die jongste brigadier en op 43 die jongste generaal.

Malan is die seun van die bekende Avril Malan. Sy pa was 'n sleutelfiguur in die Afrikaner-establishment in Pretoria - sedert die jare dertig as lid van die Broederbond en die NP, en sedert 1948 as parlementslid en later as adjunk-speaker.

Terwyl Avril Malan en die NP die oorlogsdeelname van die Smuts-regering teengestaan het, het die 14-jarige Magnus - toe al groot vir sy ouderdom - teen sy ouers se sin die huis verlaat om hom by die leër aan te sluit.

Maar Danie Craven, destyds in beheer van liggaamlike opleiding by die SA Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte, het sy planne gekortwiek. Malan matrikuleer toe later op Kimberley.

In 1950 laat vaar hy sy BCom-studie aan die Universiteit van Stellenbosch en sluit hom by die staande-mag van die leër aan. Hy is in die eerste groep wat begin met die BSc Mil-studie aan die Universiteit van Pretoria en gradueer in 1953. Malan word toe offisier en sluit hom by die elite marinierskorps aan. Ná die ontbinding van dié eenheid word hy na die leër oorgeplaas.

Van vroeg af het sy leierskapseienskappe en sterk persoonlikheid hom onder die aandag van die militêre leierskorps gebring.

In 1958 word kapt Magnus Malan aangestel as aide-de-camp van EG Jansen, die laaste goewerneur-generaal.

Nadat hy 'n aantal jare hoof van die Militêre Akademie in Saldanha was, word Malan offisier in beheer van operasies en opleiding by die leërhoofkwartier in Pretoria.

Twee belangrike gebeurtenisse in Malan se vroeëre loopbaan het 'n deurslaggewende rol gespeel in sy latere betrokkenheid by die skepping van die "totale strategie". Dit sou meer as 'n dekade die grondslag vorm van die regering se allesomvattende politieke, militêre, ekonomiese en hervormingsbeleid.

Ten eerste was hy glo 'n ruk verbonde aan die Franse magte wat tot die begin sestigerjare geveg het om Algerië onder Franse beheer te behou. Malan het dié bewering nooit ontken nie. Dis interessant dat hy daar was tydens, of kort voor Nelson Mandela se historiese besoek aan Algerië, toe die ANC sy ondergrondse militêre versetsaksies teen die Suid-Afrikaanse regering begin het.

Op dié manier maak hy kennis met die Franse militêre denker André Beaufre, wie se teorieë en filosofie later 'n belangrike deel sou word van die opleiding van offisiere by die Verdedigingskollege in Pretoria.

Ten tweede, en miskien belangriker, is Malan in 1962 vir twee jaar se spesiale opleiding na Amerika. Hy woon 'n reeks leërstafkursusse by Fort Leavenworth by, en is daarna 'n kort tyd aan die 35ste pantserdivisie in Colorado verbonde.

Malan maak kennis met die teen-insurgensiestrategie van die Amerikaners, die Franse en die Britte in plekke soos Viëtnam, Maleisië, Algerië en Indo-China. Dié strategie beklemtoon sosiale en politieke propagandametode - die sogenaamde Wham-konsep.

As politikus en minister van Verdediging die laaste byna 12 jaar, was Malan 'n omstrede figuur. Sy bedanking is telkens deur sowel die DP as die KP geëis.

Koos van der Merwe, weermag-woordvoerder van die KP, beskryf Malan as minister só:

"As hy persoonlik tot verantwoording geroep word, kruip hy weg agter die weermag. Hy beskuldig mense dat hulle die weermag ondermyn, en is bekend as iemand wat hoegenaamd nie kritiek kan vat nie.

"Hy is ook iemand wat in die parlement vrae ontduik. As mens is hy 'n alleenloper. Hy vermy mense, en wek die indruk dat hy meganies optree."

Hy word in die leër onthou vir sy ystergestel en fiksheid. Tydens jagtogte in die woestyn het hy talle jonger soldate in die aarde geloop.

Malan is bekend as 'n soldaat se soldaat.

# Van Zyl se laaste woorde in die Parlement

**IN sy laaste toespraak voor die parlement, toe hy bedank het, het Frederik van Zyl Slabbert die volgende oor Magnus Malan te sê gehad:**

**"My probleem met die minister van Verdediging is 'n eenvoudig dog ontstellende een: Ek kan hom nie meer glo nie.**

**"Ek stel 'n paar pertinente vrae wat 'n eenvoudige ja of nee vereis, en hy reageer deur my persoonlik aan te val en my lojaliteit teenoor my land en sy mense verdag te maak.**

**"Toe ek die eerste keer in 1983 gevra het oor ons destabiliserende rol in Mosambiek en ons betrokkenheid by Renamo, het hy nie gesê 'ja' of 'nee' in dié verband nie. Hy het net gesê ek sing in Moskou se koor, omdat ek bloot die vraag gevra het.**

**"Verlede jaar erken Pik Botha prontuit ons het gedestabiliseer deur Renamo te help en ons sal weer so maak as dit nodig is. In dié debat erken Magnus Malan ons destabiliseer maar hy antwoord nie my vrae nie. Weer eens vra ek hom eenvoudige ja- of nee-vrae en hy reageer deur my lojaliteit verdag te maak. Ek 'praat met die vyande van Suid-Afrika', ek 'drop die weermag', ek 'soek 'n medalje van die ANC'.**

**"Die ander probleem wat ek met hom het, is sy doelbewuste en berekende wanvoorstelling van die ANC. Volgens hom is die ANC 'n groep uitheemse terroriste onder beheer van kommuniste wat deur Moskou gefinansier en ondersteun word - kort en klaar. Dit is 'n voorstelling wat skreeu teen die werklikheid.**

**"Ja, dit is so dat daar kommuniste en kommunistiese invloed in die ANC is; ja, dit is so dat hulle gewapende stryd as strategie volg wat dade van terreur en moord insluit; ja, dit is so dat onskuldige mense vermoor en gedood word. Ek het dit alles in my inleidende toespraak gesê, afgekeur en veroordeel.**

**Maar die vraag is: Wat gaan ons daaromtrent doen? Volgens Magnus Malan moet ons skiet en hakkejag en uitwis want dit is 'n probleem op ons grense. Dit is die buurstate wat nie wil help en saamwerk nie. 'Kom ons donner hulle op!'**

**"Ek wil vir hom 'n eenvoudige, glasheldere waarheid vertel. Dit is nie die eksterne ANC wat die interne situasie radikaliseer nie. Dit is die interne ANC wat die eksterne ANC radikaliseer. Wat hier binnelands in Suid-Afrika in 1985 gebeur het, het meer gedoen om druk op die eksterne ANC uit te oefen as enigiets wat hulle kon bedink het.**

**"Ondersteuners en lede van die ANC hier binne Suid-Afrika werk in ons kombuise, ons tuine en ons fabrieke. Ons durf ons nie daaroor te mislei nie.**

**"Dit is presies hier waar Magnus Malan en Louis le Grange ons mislei. As hulle sê ons moet oorlog maak teen die ANC, dan sê hulle ons moet oorlog maak teen mense hier binne in Suid-Afrika en nie net buite ons grense nie. Is dit al oplossing?"**

# 'n Buitengewone minister van Verdediging



Frederik van Zyl Slabbert

DIE totale strategie van PW Botha en Magnus Malan het eindelik gelei tot 'n stelsel van buite-parlementêre regering en 'n miskenning van die demokrasie.

Dit is die oordeel van Frederik van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa, wat as Opposisieleier vir baie jare swaarde met Botha en Malan oor dié saak gekruis het.

Slabbert beskryf Malan se rol soos volg:

"Soos genl Norman Schwartzkopf van Saddam Hoesein gesê het: As parlementariër verstaan hy min van parlementêre prosedure; minag hy die verantwoordbare demokratiese proses; is ongeduldig met enige kritiese ondervraging en is bedeeld met 'n grenslose onvermoë om te debatteer - maar andersins is hy 'n buitengewone minister van verdediging.

"Die driekamer-parlement sal in die geskiedenis opgeteken word, nie omdat dit Kleurlinge en Indiërs betrek het nie, maar omdat dit sulke ongelooflike magte gekonsentreer het in die persoon van die Staatspresident.

"Daar is voldoende bewyse dat dié magte in die tagtigerjare gebruik is om 'n buiteparlementêre owerheid te skep.

"Die owerheid het parlementêre prosedure na willekeur gesystap, en selfs die Parlement willens en wetens mislei. Dit is gedoen onder die dekmantel van 'n totale strategie wat 'n totale aanslag moes afweer.

"PW Botha, maar veral Magnus Malan was die vader van dié ideologie. In sy wese is die ideologie 'n weerspreking van die verantwoordbare politieke en demokratiese proses.

"Nou nog sal Malan beweer, sonder bewyse, dat sy weermag die land miljoene gespaar het. Hy weet alles, verstaan alles en mens moet net vertrou want hy is in bevel.

"Dit is in landsbelang (en gelukkig weet net hy wat dit beteken) dat ons nie ingelig word oor hoe goed hy vir ons is nie.

"Dis natuurlik alles twak. 'n Mens kan meer lees wat met ons totale strategie gebeur het in Amerikaanse tydskrifte en dagblaaie as wat jy in die parlement mag optel.

"PW Botha en Magnus Malan mag weet wat hy aangevang het, maar nie Suid-Afrika nie.

"Dis tyd dat dié kinderagtige cowboys en crooks-speletjie nou end kry.

"Daar is nie plek daarvoor vir wat ons wil bereik in die oorgangsfase nie.

"Indien wel, sal ons maar net weer eindig waar ons begin het - met 'n buitengewone minister van verdediging."

## Dit was absolute bedrog

"INTELLEKTUEEL beskou was die konsep van die totale strategie absolute bedrog. Dit was deurtrek van dubbelsinnighede, onsekerhede, verwarring en onbewese feite en indrukke.

"Ook was dit die mees siniese manipulasie van die vrese van blankes wat glo dat die wêreld hulle bedreig. Die ou paaiboelie van Swart Gevaar is summier met die nuwe spook van die Rooi Gevaar vervang."

So sien prof Peter Vale, hoof van die department Internasionale Studies aan die Universiteit van die Wes-Kaapland, die totale strategiese propaganda van die afgelope 15 jaar.

Vale sê: "Een onvergeetlike aspek hiervan was dat soveel akademici regstreeks of onregstreeks daarby betrek is en 'n rol daarin gespeel het, dikwels agter die skerms.

"Die tragedie daarvan was dat daar nooit werklik 'n oop akademiese debat oor die totale strategie en verwante sake gevoer is nie. Baie akademici het agter 'n sameswering van swye geskuil."

Vale sê dit is die rede waarom iemand soos Dirk Kunert, hoof van die department Internasionale Studies aan die Universiteit van die Witwatersrand, oor die jare so 'n groot invloed op die denke van PW Botha en die militariste uitgeoefen het.

Kunert was een van die grootste vertolkers van die kommunisties geïnspireerde komplotte van die Sowjet-Unie met sy totale aanslag op Suid-Afrika.

Vale wys daarop dat Kunert se getuienis en uiteensetting van die totale aanslag teen Suid-Afrika 'n belangrike rol gespeel het toe die Steyn-kommissie van ondersoek na die pers in 1981 só 'n bedreiging én die noodsaaklikheid van 'n totale strategie aanvaar het.

Hy verwys na 'n akademiese konferensie in 1983 waar Rae Killan, toe 'n senior amptenaar van Buitelandse Sake, erken het dat daar niemand in dié department was wat Russies kon praat nie. "Dis skokkend om te dink dat regeringsbesluite en akademiese ontledings oor die sogenaamde totale aanslag gedoen is deur mense wat nie eerstehandse kennis van Russiese dokumente en geskrifte gehad het nie.

"Vandag sal baie akademici bloos as hulle weer moet lees wat hulle in hul onkunde destyds oor die totale aanslag geskryf en gesê het," sê Vale.


Hy sê 'n belangrike aspek van die totale strategie-denke was die feit dat dit die Amerikaanse strategie en die Kissinger- en Reagan-doktrine, van totale opposisie teen kommunisme oor die hele wêreld, slaafs gevolg het.

Hy sê die totale aanslag-spook is in die tagtigerjare gebruik om die brutale onderdrukking van die swart opstande tydens twee noodtoestande te regverdig.

"Hoe die denke van die veiligheid-establishment onder invloed van dié filosofie was, blyk uit die aanhouding van my vrou, Louise, in daardie jare. 'n Dringende hofaansoek vir haar vrylating is deur die polisie teengestaan op grond dat staatsveiligheid daardeur in gedrang sou kom.

"'n Beëdigde verklaring van die polisie weerspieël die totale strategie, want daarin word beweer dat sy deur die Sowjet-Unie gemanipuleer word. Dit was 'n absolute leuen, en daar was geen waarheid in nie.

"Maar die valse grondslag van dié doktrine was die basis van die aanhouding van tien duisende Suid-Afrikaners," sê Vale.



Peter Vale... dit was 'n leuen

## 'n Strategie wat nie sonder vyande kon slaag nie

DIE militêre establishment het totaal misluk om die politieke doelwitte wat hy met sy strategie van die Nasionale Veiligheid Bestuurstelsel (NVB) in gedagte gehad het, te bereik.

Dit is die mening van James Selfe, Direkteur van Navorsing vir die Demokratiese Party. Selfe is 'n deskundige op militêre sake en ook lid van die Presidentsraad.

Hy sê as 'n mens dit suiwer uit die oogpunt van tegniese doeltreffendheid beoordeel, kan daar wel gesê word dat dit in 'n heel beperkte sin "gewerk" het, want die NVB het inderdaad daarin geslaag dat die burgerlike burokrasie, nou de facto onder beheer van die parallelle militêre burokrasie, sekere sosiale en ekonomiese knelpunte in swart woongebiede baie vinniger en meer doeltreffend kon aanpak.

Fondse is baie vinniger bekom en spandeer sodat honderde miljoene rand gebruik is om townships soos Alexandra op te gradeer.

Maar Selfe beklemtoon dat dié tegniese suksesse "totaal oorskadu word deur die inherente politieke swakhede en mislukkings van die stelsel". Die gebeure en opstande in die townships bewys dit.

Eerstens in terme van die politieke agenda agter al die skemas, was die doel om sekere swart groepe in die staatstelsel as bondgenote te betrek, en die res as agitators te beskuldig.

Selfe sê: "Spanning en konflik is geskep tussen swartmense wat by die regering se binnekring betrek is en die sogenaamde buitestaanders, die ondersteuners van die bevrydingsbewegings.

"Op die grondvlak in die townships het dit heel eenvoudig beteken dat jou politieke kliënte omgekoop en jou kritici verdruk is. Die swartmense wat nie saamspeel nie, is in hegtenis geneem, vervolg of geïntimideer."

Die stelsel van die skepping van swart politieke kliënte en vyande het ook grootskaalse polarisasie en konflik in die gebiede geskep.

Verder was dit nooit 'n eerlike plan om demokrasie in die gebiede te vestig nie. Dit is dan ook deur swartmense gesien as 'n strategie van die generaals en van die "militêre manne" wat daar agter sit.

Dit het ook daartoe gelei dat die weermag regstreeks betrokke geraak het by binnelandse operasies en politiek.

Selfe sê: "Die betrokkenheid van die weermag in die oorlog in Namibia het regstreeks gelei tot binnelandse operasies soos gedoen deur die BSB. As dit gewettig was om 'n Wham-propagandaveldtog te loods om die hart en gees van die mense in Namibia te wen, waarom dan nie ook hier nie?

"Omdat so 'n strategie altyd vyande nodig het, is dit slegs nodig dat die militêre groepe betrokke by binnelandse aksies teen politieke figure optree, soos gedoen deur die BSB."



James Selfe... politieke kliënte is omgekoop, en kritici verdruk



Magnus die Soldaat en...



Magnus die Politikus

(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)

# God is nie Rambo nie

**Sy verwerp die tradisionele beeld van God as 'n "omnipotent, macho, warrior God who rescues all the good guys and punishes all the bad guys" het die jong Koreaanse teoloog prof Chung Hyun-Kyung op die sewende volvergadering van die Wêreldraad van Kerke gesê. Sy en ander teoloë uit die Derde Wêreld verteenwoordig 'n 'nuwe wyn' wat die ou wynsakke van die Westerse Christendom straks nog kan laat bars, skryf KLIPPIES KRITZINGER**

Wat is die verhouding tussen die mens en die res van die skepping? Dié vraag het intense bespreking uitgelok by die pas afgelope Canberra-vergadering van die Wêreldraad van Kerke.

Die belangrikheid van "groen" vraagstukke by die vergadering is reeds uitgedruk in die hooftema: "Kom, Heilige Gees - vernuwe die hele skepping!" en een van die vier afdelings van die vergadering is gewy aan die tema "Gewer van lewe - bewaar u skepping".

In die eerste konsepverslag van dié afdeling is gesê dit is die "uiterste arrogansie om onsself te sien as die raison d'être van God se skeppingswerk, as die kroon van die kosmiese skepping, of selfs as rentmeesters van die skepping".

Die agtergrond hiervan het gelê in die provokatiewe en meesleurende aanbieding van die jong Koreaanse teoloog, prof Chung Hyun-Kyung. Sy het op die tweede dag van die vergadering 'n sleutelreferaat oor die hooftema gelewer en is staande toegejuig. 'n Mens het minstens twee etikette nodig om haar kontekstuele Asiatiese teologie te beskryf: politieke bevryding en eko-feminisme.

Wat die eerste betref, gee sy haar volle steun aan die politieke hereniging van Korea. Trouens, die Koreaanse kerke lewer 'n unieke bydrae tot dié proses deur hul herinterpretasie van die bybelse gedagte van die "jubeljaar". Volgens Levitikus moet daar elke 50 jaar 'n einde gemaak word aan finansiële onderdrukking en verslawing, sodat almal weer finansieel van voor af kan begin. Die Koreaanse kerke het 1995 uitgeroep as hul jubeljaar - 'n jaar van bevryding en eenheid ná 50 jaar van verslawing aan die strydende ideologieë wat deur die groot moondhede aan hulle opgedring is.

Maar dit was eintlik Chung se eko-feminisme wat die ondersteuning én die teenstand uitgelok het. In haar kontekstuele Asiatiese benadering sluit sy aan by die Filippynse volksgodsdiens, waarin die aarde gesien word as die moedergodin Ina, en dus as 'n lewende entiteit.

Vir Chung is die aarde nie dood nie, maar "God-infused" en "God-breathed". Daarom moet dit met diepe respek behandel word. Om dit te onderstreep het sy die hele vergadering gevra om hul skoene uit te trek en verder gesê dat die mens nie bokant die natuur is nie, maar 'n klein onderdeeltjie daarvan.

'n Mens moet dus die Bybel herinterpreteer vanuit die perspektief van voëls, water en berge. Terselfdertyd neem sy uit die Koreaanse volksboeddhisme die vroulike godin Kwa In as haar model vir die verstaan van die Heilige Gees - 'n barmhartige vroulike "bodhisattva" wat haar daaraan wy om die hele lydende skepping na bevryding te lei, eerder as om dit alleen binne te gaan.

Op grond hiervan verwerp sy die oorheersend manlike beeld van God: "I no longer believe in an omnipotent, Macho, warrior God who rescues all good guys and punishes all bad guys. Rather, I rely on the compassionate God who weeps with us for life in the midst of cruel destruction of life."

Om die stem van dié barmhartige God te hoor moet 'n mens egter luister na die stemme van die mense wat deur die eeue heen wreed en onregverdig doodgemaak is. In Korea word hulle die han-geeste genoem, geeste wat nie tot rus kan kom nie omdat hulle die onreg in die wêreld wil regstel. Die Heilige Gees praat met die lewendes as hulle bereid is om na die krete van dié han-geeste te luister en hulle daartoe te verbind om teen onreg te stry.

Daarom het Chung in die begin van haar lesing op 'n "liturgiese" (of sjamanistiese) wyse al die han-geeste nader geroep deur 'n paar van hulle by name te noem: Hager, Uria, Jefta se dogter, die seuntjies van Betlehem, Jeanne d'Arc en die "hekse" van die Middeleeue, die slagoffers van kolonialisme, die Jode uit die gaskamers, Gandhi, Biko, Martin Luther King, die mense van Tsjernobyl, die gees van die aarde, lug en water, die soldate, burgerlikes en seediere wat doodgaan in die Golfoorlog, en ten slotte "die gees van die bevryder, ons broer Jesus, gemartel en vermoor aan die kruis".

Toe het sy die papier met dié name aan die brand gesteek, en 'n dans saam met sestien jong Koreane en twee Aborigines uitgevoer wat bedoel was om die teenwoordigheid van al dié han-geeste te simboliseer en hul krete hoorbaar te maak.



**Chung Hyun Kyung verbrand die papier met die name van al die mense wat tragies gesterf het**

Die laaste faset van Chung se eko-feminisme is dat haar primêre teologiese gespreksgenote nie filosowe of sosioloë is nie, maar grassroots vroue-aktiviste in Korea. Saam met hulle wil sy 'n geloof en 'n teologie ontwikkel wat nie op die doodskultuur van Babel of Mammon gegrond is nie, maar op die lewenskultuur van Pinkster.

En die boodskap van dié Koreaanse vroue aan die geleerde afgevaardigdes van die Wêreldraad van Kerke? "Tell them they don't have to spend too much energy to call the Spirit, because the Spirit is already here with us. Don't bother her by calling her all the time. She is busy working hard with us. The only problem is we do not have eyes to see and ears to hear the Spirit, as we are occupied with our greed. So tell them 'repent'!"

Danksy haar skitterende aanbieding, maar ook vanweë al die teologiese snare wat sy aangeraak het, was Chung die liefling van die meeste afgevaardigdes. Daar het egter onmiddellik skerp reaksie gekom - veral van die Ortodokse kerke.

Hulle het haar standpunt as "sinkretisme" beskou, met ander woorde 'n ongeoorloofde vermenging van die evangelie en ander godsdienste. In 'n openbare debat het sommige afgevaardigdes daarop gewys dat nie elke gees die Heilige Gees is nie, en dat die drie-eenheidsleer in die gedrang kom in sulke gevaarlike kontekstuele teologieë.

Hierop was Chung se antwoord: Dit is inderdaad gevaarlik, maar sy beskou haarself as deel van 'n "post-colonial generation" van vroue en jong mense uit die Derde Wêreld. Hulle is soos "nuwe wyn" wat nie in ou wynsakke pas nie en wat hulle nie meer laat stilmaak deur die manlike teologiese elite wat nou al 2 000 jaar lank die mag opeis om te bepaal wat "sinkretisme" is en wat nie.

Dit is duidelik dat daar 'n fundamentele spanning tussen ortodokse (nie net Oosters-Ortodoks nie) en kontekstuele teologieë bestaan, 'n spanning wat selfs die voortbestaan van die WRK in sy huidige vorm bedreig.

Volgens ortodokse afgevaardigdes het die WRK een primêre doel en dit is die herstel van die sigbare eenheid van die kerk deur leerstellige struikelblokke uit die weg te ruim. Hulle het in 'n openbare verklaring hul ontevredenheid met die groeiende teologiese pluralisme binne die WRK deur die aanmoediging van sulke "wilde" kontekstuele teologieë baie duidelik gemaak en ten slotte gevra: "Has the time come for the Orthodox churches and other member churches to review their relations with the World Council of Churches? We pray the Holy Spirit to help all Christians to renew their commitment to visible unity."

Dit is onwaarskynlik dat die ortodokse kerke die WRK nou sal verlaat, maar die teologiese spanning is duidelik tasbaar en daar lê moeilike besluite vir die Sentrale Komitee voor om die ekumeniese bootjie regop te hou.

'n Taiwanese teoloog het dié spanning treffend getipeer as 'n verskil tussen 'n "balloon theology" - wat mooi rond en sigbaar is, maar op stuk van sake in die lug sweef - en "story theologies", wat op die grond deur mense uitgeruil word en op geen manier onder een teologiese kombers kan inpas nie.

Chung se "nuwe wyn" was op die ou end te sterk vir die meeste van die afgevaardigdes, en die gewraakte woorde oor die arrogansie van mense wat hulle as die kroon van die skepping beskou, is uit die verslag van Afdeling I geskrap.

Dit is vervang deur 'n formulering wat beklemtoon dat die mens 'n integrerende deel van die skepping is, maar tog ook 'n besondere verantwoordelikheid vir die res van die skepping het.

Die hele diskussie het egter wel daartoe gelei dat die WRK besluit het om dringend 'n wêreldwye studieprojek aan die gang te sit waarin die teologie van die skepping diepgaande ondersoek moet word, en waarin veral geluister moet word na die stemme van vroue, armes, mense van ander godsdienste en natuurwetenskaplikes.

Al was dít die enigste tasbare uitwerking wat Chung se fassinerende teologiese aanbieding op die vergadering gehad het, sal dit ongetwyfeld onthou word as die teologiese hoogtepunt van Canberra 1991.

# Los die viva's vir die politici!

**Die mishandeling van vroue ken geen politieke grense nie. Daarom, skryf PEARLIE JOUBERT, was sy verlede Vrydagaand briesend kwaad toe jong manlike comrades twaalf vroue-organisasisies se protes-optog teen vroue-mishandeling vir hul eie politieke doeleindes gekaap het**

HET u geweet 600 mense het verlede Vrydagaand in Johannesburg, uit protes teen geweld teen vroue, Umkhonto we Sizwe-liedjies gesing, ANC-baniere geswaai en "Viva ANC" en "Viva MK" geskree?

En ek het gevoel soos een van my kollegas 'n tyd gelede tydens die eerste konsert van Abdullah Ibrahim in Suid-Afrika: "We waz robbed".

Ter viering van Internasionale Vrouedag het twaalf vroue-organisasies 'n optog deur die strate van die stad gereël - 'n optog om "die nag terug te neem" soos Amerikaanse vroue dit in die vroeë sewentigerjare gedoen het.

Dit was egter duidelik dat vroue-organisasies, of liewer dié wat by die organisering van die optog betrokke was, die klok hoor lui het, maar nie lekker weet waar die bel hang nie.

Die optog is gereël uit protes teen die verkragting van 39 000 vroue jaarliks in Suid-Afrika, uit protes teen die seksuele misbruik van tien persent van Suid-Afrikaanse vroue deur hul familielede en uit protes daarteen dat een derde van alle vroue deur hul mans geslaan word.

En niemand wat ernstig is oor geweld teen vroue en ontevrede is met 'n land waar vroue nie saans veilig op straat is nie, kan MK-liedjies sing tydens 'n vredesoptog nie.

En niemand wat ernstig is oor diskriminasie teen vroue en eis "dat vroue met respek behandel word" - soos 'n pamflet lui wat voor die optog versprei is - sou toelaat dat 'n enkele politieke organisasie die optog kaap nie.

Ek en 'n groot groep vroue wou nie aan 'n ANC-optog deelneem nie. Net soos ons ook nie, uit protes teen geweld teen vroue, aan 'n NP-optog sou wou deelneem en weermagliedjies sing nie. Ons wou nie saam met jong comrades wat met blink oë "Viva MK" skree 'n optog hou nie - om die eenvoudige rede dat ons moeg daarvoor is dat daar elke 1,5 minute 'n vrou in Suid-Afrika verkrag word, dat ons siek en sat is vir 'n land en 'n gemeenskap waar ons nie saans kafee toe kan loop om sigarette te gaan koop nie. En dat ons alternatiewe eis.

En nog iets: ons wil nie respek hê omdat ons vroue is nie, maar omdat ons ménse is en dáárom respek verdien.

Dit was ironies om in gietende reën deur een van die gebiede in Johannesburg met die hoogste misdaadsyfer te stap, terwyl groepe manlike comrades ingesit het: "Shaya ama Bunu, uya, uya, Umkhonto we sizwe" (MK, slaan die boere). Dit was ironies omdat Piet "Skiet" Rudolph, Barend Strydom, Gatsha Buthulezi en Magnus Malan se vroue óók verkrag kan word, óók nie saans kan gaan stap nie en óók aan die optog moes kon deelneem.

En dit was bitter ironies dat máns al die liedjies begin sing het, dat Glow se vroue-groep (Gay and Lesbian Organisation of the Witwatersrand) se banier deur máns gedra is en dat byna die helfte van die mense wat aan die optog deelgeneem het, máns was.

Natuurlik behoort mans ook aan protesaksies teen geweld teen vroue deel te neem. Geweld teen vroue raak ook mans se lewens en geen man bly onaangeraak indien sy vrou of vriendin verkrag word nie. Die vrees vir aanranding en verkragting maak verhoudinge tussen mans en vroue onnatuurlik en in sommige gevalle selfs onmoontlik.

Maar vroue is lank genoeg voorgeskryf deur mans. Ek is moeg daarvoor dat máns vir my besluit watter liedjies ek moet sing en vir my moet marshall. Die eis van veiligheid in ons huise, by die werk en in die strate is geen politieke eis nie en het niks met politiek en ideologie te make nie.

Politieke organisasies gaan nie vroue-regte ernstig opneem en nie-diskriminerende werksomstandighede verseker nie, hulle gaan nie nasionale veldtogte voer om verkragting te bekamp nie, hulle gaan nie aanranding en vroue-slanery op die agenda vir onderhandelinge plaas nie. Hulle gaan dit nie doen nie omdat hulle dit tot dusver nog nie gedoen het nie en hulle gaan dit nie doen nie omdat "lip-service" tot dusver genoeg was.

Vroue het politieke organisasies toegelaat om weg te kom met die "regte" jargon sonder enige sigbare optrede. Ons het toegelaat dat die ANC se twee sinne oor nie-diskriminasie in die Konstitusionele Riglyne genoeg is.

En totdat vroue sê ons besluit self wat ons sing en ons gee nie om of jy 'n boer, 'n hoer, 'n ANC- of 'n AWB-lid is nie, maar 'n vrou, sal ons steeds nie saans alleen kan gaan stap nie, sal ons steeds met 'n gedurige vrees vir verkragting leef en sal net 'n paar honderd vroue bereid wees om een maal per jaar protes teen dié omstandighede aan te teken.

# Die ideologie sonder naam

Die een groot kerklike ideologie wat onder geloofsteoretici, teoloë en kerkmense amper net so bekend is soos die evangelie, het nie 'n naam nie.

'n Aantal jare gelede het ek en 'n filosofiese kollega (Strauss), die naam kerksentrisme daaraan probeer gee, met nie met veel welslae nie. Dié ideologie sonder naam (of kerksentrisme) word egter op honderde maniere uitgedruk sonder dat die meeste kerkmense daarvan bewus is dat hulle 'n ideologie verteenwoordig. Hulle dink dat dinge in die kerk altyd maar loop soos dit geloop het. Karl Marx het dié soort proses - waar mense nie dink wat hulle doen nie - vervreemding van hulself as mense genoem.

Wat is kerksentrisme? Kerksentrisme is in die algemeen daardie ideologie wat aan die kerk (of enige geloofsorganisasie) 'n goddelike gesig en karakter verleen wat dit nie toekom nie. Daarom beskou die meeste kerke hulself as die enigste goddelike tregters waarmee God ons samelewing binnevloei.

Selfs progressiewe kerklike teoloë en kerkmense het 'n belang daarby dat alle ander afwysende gedagtes ideologiese name moet kry, behalwe die een van waaruit die kerklike toneel bevoordeel word. Dié beginsel geld: hou die beste vir jouself, kritiek is vanselfsprekend vir jou teenstanders bespreek.


Die ideologie sonder naam sien mens aan die werk waar die frases "kerk en wêreld", "kerklik en sekulêr" en "die kerk as God se versoeningsinstrument in die wêreld" gebruik word. Dit was onder meer die verhaal van die "Ope brief" so 'n paar jaar terug aan die NGK, naamlik dat versoening tussen God en mens, en mens en mens die onvervreembare voorreg van die kerk is (1981). Verder is gesê dat die kerk God se "proeftuin" vir die mensdom is. So dom as wat ek toe was om die dokument te onderteken, nie omdat die dokument teen apartheid gerig was nie, dit is ek nog steeds, maar die feit dat die kerk daarin voorgestel is as so 'n "high and mighty"-versoeningsinstrument in die samelewing, maak my vandag skaam.

Een van die beste uitvindings die afgelope jare van dié ideologie sonder naam was dié van die kerk as 'n "alternative community". Dié benaming kom van een van ons beste Drob-teoloë (Dutch Reformed Old Boys).

Die bedoeling was goed, naamlik dat 'n goddelike "organisasie" in 'n samelewing moet wys hoe mense sonder al die "lelike" ideologieë van die wêreld soos rassisme, seksisme, "civil religion", ensovoorts 'n werklike getuienis kan wees. Die probleem is egter dat daar nie sulke goddelike organisasies bestaan nie. Waarop dit neergekom het, is dat dié standpunt net mense vanuit die piëtistiese (geloof is alles) tradisie aangespreek het. Israel het 'n soortgelyke ding met die goue kalf aangevang deur iets wat mooi en goed was, te vergoddelik. Met die goud waaruit die kalf gemaak was, was niks mee verkeerd nie - selfs nie met die feit dat 'n beeld daarvan gemaak is nie. Die goue kalf het sy goedheid en mooiheid verloor net op die punt toe Israel gedink het dat dit die ding was wat hulle uit Egipte bevry het (Eksodus 32:4). Die tradisionele teologiese beskouing wat die kerk as God se versoeningsinstrument in die wêreld beskou, ly aan dieselfde kwaal.

*'Kerke is nie klubs vir die handhawing van goeie sedes nie, ook nie praathuise vir geestelikes nie.'*

In die gesprek oor die rol van kerke in 'n samelewing word een probleem uit die oog verloor, naamlik die nood vir werklike kritiek op 'n kerkbeskouing wat met 'n goddelike gesig versier is en daarom die res van die samelewing as die gewone wêreldse lewe beskou.




ERASMUS VAN NIEKERK

Waaraan ken ons dié ideologie sonder naam uit? Eerstens daaraan dat dit voorgee dat die Evangelie die wêreldse ideologieë kritiseer en ontmasker, so asof die kerk as die tregter waardeur God ervaar word, geen ideologie veronderstel nie. Kerksentrisme het vir my dieselfde betekenis as rassisme, seksisme, kommunisme, kapitalisme en fascisme.

Tweedens is die kerk die tregter van goddelike sin en betekenis in 'n samelewing wanneer gesê word dat die kerk die Woord van God op alle lewensterreine verkondig.

Derdens beteken die vergoddeliking van die kerk in 'n samelewing die verdeling van die samelewing in 'n heilig-kerklike (sakrale) gedeelte en 'n minder heilige (sekulêre) gedeelte van die samelewing.

Waarom is die kerk, volgens die tradisionele teologie, die enigste versoeningsinstrument van God in die wêreld? Waarom moet die kerk so oorlaai word? Om sout van die aarde te wees, te evangeliseer, vrede en versoening uit te spel, dit te beleef en te demonstreer is tog nie net 'n kerklike aangeleentheid nie. Kerke kan 'n rol speel in die versoening tussen volke, rasse, seksgenote, state, ensovoorts. Die omgekeerde is myns insiens net so waar, naamlik dat enige ander sosiale samelewingstruktuur 'n versoenende rol kan speel. Ek pleit dus vir tweerigtingverkeer waarin enige samelewingsverhouding 'n versoenende rol kan speel teenoor 'n ander een. Asseblief kerke, speel 'n laer noot in die samelewingspel. Miskien hoor die mense julle dan beter.

Waarom is die kerk die enigste verkondiger van die Woord van God op alle lewensterreine? 'n Kerk is tog nie die hansie-mykneg van alle lewensgebiede nie. Vanuit die laasgenoemde standpunt gesproke, is die dominee, pastoor of priester 'n super-eksegeet wat al die "Skrifbeginsels" vir die gelowiges vanuit die Bybel uitlê. Prakties gesproke is hulle super-eksegete, want om Skrifgedeeltes eietyds en ter sake te maak, moet hulle dit in baie gevalle "vergeestelik", in so 'n mate dat lidmate daarop reageer: "Sjoe, ons het darem 'n slim dominee. Ek het nie geweet dat dit in die Bybel staan nie." 'n Mens sou daarby kon voeg dat niemand dit geweet het of kon weet nie. 'n Lidmaat kan teen 'n geestelike nooit wen nie. Vra my.

Kerke is nie klubs vir die handhawing van goeie sedes nie, ook nie praathuise vir geestelikes nie. Die uniekheid van kerke lê in die gemeenskaplike belewing en belydenis van mense se geloof, omdat kerke instellings in samelewings is wat organisatories deur 'n aantal mense se gemeenskaplike geloof tot stand kom. Daarom moet 'n bepaalde geloofstyl en vorm van organisasie dinamies van die een geslag na die ander deurgegee word.

Reformasie is meer 'n lewenshouding as 'n program op papier. As 'n kerk egter tot stand kom vanuit die veronderstelling dat die kerk die goddelike sentrum van mense se bestaan is, kan so 'n kerk bloot voortbestaan, maar nie meer gereformeer word nie.

Kerke is nie die enigste vertoonvensters van God se gesig in die samelewing nie. As ons nie weet dat die meeste kerke goue kalwers vir Suid-Afrikaners is nie, dan weet ons ook nie dat kerke menslike vanghokkies is nie. En as ons weet dat kerke ruimtes van geloofsbevryding behoort te wees, dan weet ons ook dat die ideologie sonder naam deel van ons almal is.

*(Erasmus van Niekerk is verbonde aan die Departement Sistematiese Teologie, Unisa)*

# Om by môre te kom moet jy gister los

"U wat Christelik-volkseie onderwys op die hart dra, wat gaan u doen om dit te behou?" is die vraag wat "Aksie Bekommerde Ouers" stel aan die einde van hulle pamflet "Die POLITIEK agter die huidige onderwyshervorming".

Soos die debat oor die toekomstige "nuwe Suid-Afrika" al hoe minder ter sake raak - omdat dinge onafwendbaar hulle loop neem - begin die weerstandgeluide al hoe dringender opklink. Rondom onderwys word dit by tye selfs paniekerig, soos ek agterkom toe ek nou die dag in die tandarts se spreekkamer op dié pamflet afkom.

Onderwys is natuurlik een van die gevoeligste terreine wat die toekoms betref. Deur middel van die magtige Christelik-Nasionale Onderwys-filosofie, is skoolopvoeding inderdaad die laaste vier dekades gekaap om politiek-ideologiese redes. Daardeur is 'n stelsel opgebou wat 'n politieke bestel klakkeloos nagepraat het, en die bevraagtekening van sogenaamde "waarhede" amper na verraad laat klink het.

Niemand sou daaraan kon twyfel nie dat skoolopvoeding vierkantig deur die staat gemanipuleer is om sekere leefpatrone te vestig en onderdanigheid aan die "owerhede oor ons gestel" die norm te maak. Dit alles sou die voortbestaan van 'n status quo verseker.

Die ineenstorting van die apartheidsdroom het ook die einde van dié greep op die gedagtes van jong mense beteken, en dit is in dié lig dat die Christelik-Nasionale voorpraters van gister die Christelik-volkseie pamfletmakers van vandag geword het.

Vroom word die opvoedkundiges weer 'n keer selektief aan die kraag bygesleep. Prof J Chris Coetzee kry skielik nuwe betekenis: "Die staat mag nooit die gees van skoolopvoeding bepaal nie - dit berus by die ouers."

Watter merkwaardige metamorfose!


Onderwys is natuurlik 'n sensitiewe aangeleentheid. 'n Geslag swart kinders het feitlik geen gerigte skoolopleiding gehad nie; die koste verbonde aan die opbou van 'n gedeelde onderwysbedeling laat 'n mens na jou asem snak. Die probleem van die onafwendbare daling van onderwysstandaarde in die sogenaamde wit staatskole ná oopstelling, is werklikhede waarmee rekening gehou sal moet word.

Maar die histeriese aanslag van die pamflet dra nie veel tot dié belangrike gesprek by nie, veral in die lig van die uitgesproke rassisme wat onderliggend daaraan lê.

"OUERS", skree dit in hoofletters uit, "MOENIE TOELAAT DAT U KINDERS VIR STORMTROEPE GEBRUIK WORD OM 'N GEÏNTEGREERDE ONDERWYSBEDELING IN SUID-AFRIKA AF TE DWING NIE."

In die nuwe onderwysbedeling, "afgedwing" deur die Handves van Menseregte, sal:

* ouers se gesag en dissipline afgebreek word;
* 'n sterk swart onderwysvakbond bepaal wanneer ons kinders sal skoolgaan en wanneer nie;
* "die onvervreembare, Goddelike reg om oor 'n eie identiteit te beskik" met geïntegreerde onderwys vernietig word.




Pleks daarvan dat die mense begin deelneem aan die wêrklike gesprek oor ons gesamentlike toekoms, en in die proses gaan kyk watter modelle byvoorbeeld in Zimbabwe ontwikkel is juis om vrese te ondervang, saai prof Van der Wateren van Potchefstroom en sy "Aksie Bekommerde Ouers" net onmin en onrus. En maak in die proses selfs die verbeeldinglose en napratende Piet Clase verdag!

Dis 'n moeisame, maar bitter belangrike gesprek wat voorlê rondom ons kinders se toekoms. En daarom is dit jammer dat so baie energie nog verlore gaan in geykthede en halwe waarhede, en 'n onwilligheid om te aanvaar dat gister reeds verby is.

**JAN KONTERDANS bespreek drie bundels vertaalde gedigte wat deur Perskor uitgegee is.**

# Raad vir bloedskande


*Uys Krige*

"WOORDE SOOS PLUIMSAAD" (Duitse gedigte uit agt eeue, vertaal deur Gunther Pakendorf) is 'n waardige bekendstelling van die gedugte poësieskat van die Duitse taal.

In dié versameling word 36 digters verteenwoordig: van die eerste bekende Duitse digter, Kürenberger, tot die pop digter Rolf Dieter Brinkman, wat in 1975 in 'n motorongeluk dood is. Van 'n belangrike digter soos Rilke is daar drie gedigte; (die Marxis) Bertolt Brecht, vanweë sy sosiale tersaaklikheid vir Suid-Afrika en omdat hy een van die grootste Duitse digters is, word deur ses bydraes verteenwoordig.

Die boek maak die deur na dié verblindend ryk erfenis net op 'n kier oop, maar is onmisbaar vir die Afrikaanse poësieleser; vir die poësieskrywer eenvoudig 'n verpligte plesier. Dit gee 'n blyke van waar die Afrikaanse poësie hom in die wêreldarena bevind en is 'n nederige, maar trefseker klein aanslag op die bloedskande van ons plaaslike beïnvloeding. As jy gekant is teen genetiese cul-de-sacs, koop dié drie boeke.

Dus: dank aan Perskor. Maar: hoekom is die boeke so lelik? Net bruinpapier kan hul plek op 'n boekrak regverdig. Om geld te spaar kon die verglansde binneblaaie dunner gewees het, selfs koerantpapier sou in orde wees. Die lesers van Brecht sal verstaan. Kyk maar na Penguin-uitgawes, asseblief. Glanspapier is 'n nuttelose bourgeois hang-up. Dit wys net ons letterkunde se provinsialistiese onderrokkie.

In elk geval: dis met bydraes soos dié dat 'n letterkunde groei en mededingend word. Net een of twee vertalings van Pakendorf beïndruk nie. Hy lyk op sy beste met Brecht. Die uitsonderlike ritmes van dié vrye verse - 'n oënskynlik moeitelose slagwerk van sintaktiese geslepenheid - kom taamlik geslaag oor. Waar die Russiese digter van die revolusie, Majakofski, pragtige metafore so toeganklik soos slagspreuke gemaak het, het Brecht weer die vlietendste gewaarwordinge, met hul verganklike diepsinnigheid, tot "slagspreuke" verstil.

Só waarsku hy die bevoorregtes van SA: "Diegene wat op goue stoele geplaas was om te skryf,/ Sal gevra word oor diegene wat/ Hulle klere vir hulle geweef het."

Meer as een gedig van Georg Trakl kon ingesluit gewees het. Trakl (1887-1914), 'n tragiese figuur wat op 27 aan 'n dwelm-oordosis dood is, het onder andere Rilke sterk beïnvloed. Sy beste verse is 'n pessimistiese, newelagtige skemersone wat "soos drome" gelees moet word. Soos by drome, is die oënskynlike gefragmenteerdheid van sy gedigte juis die sleutel tot verborge betekenisskakels. Die fragmentasie is die betekenis.

Wittgenstein het van Trakl gesê: "Ek verstaan sy gedigte nie, maar hy is geniaal." Dis ironies dat dié filosoof, wat geskryf het "waaroor ons nie kan praat nie moet ons stilbly", Trakl met geld ondersteun het, want hy was by uitstek 'n digter wat oor die onsegbare dinge wou praat.

Dis die ritme en "musiek" van Trakl se gedigte wat die leser se intuïsie omsluit. 'n Mens kan dink dat hy dus moeilik vertaal. Afrikaans het nie, soos Engels, die palimpses van vorige probeerslae om op voort te werk nie. Hoewel Pakendorf Trakl m.i. nie vasvang nie, is dit 'n moedige poging.

Só klink Trakl op Afrikaans: "Soos die dodedans van kinders in 'n donker droom/ Rondom 'n put wat aan die brokkel is,/ Buig blou asters bibberend in die wind se soom." Trakl, vermoed jy, kon net Duits wees. Só 'n akute sin vir ontbinding en verganklikheid het dalk die keersy van die Duitse idealisme nodig gehad om te kon uitgis.

Die twee Rilke-vertalings en Hoffmanstal se beroemde gedig "Twee byeen" haal egter nie die standaard van beskikbare Engelse vertalings nie. Die laasgenoemde kry sommer twee reëls by om dit 'n sonnet te maak. 'n Engelse vertaling van James Reeves behou die bondigheid, spanninge en ritme van die oorspronklike.

"Die luiperd", 'n Rilke-gedig, verdof langs byvoorbeeld Stephen Mitchell se Engelse vertaling. Dit vervang spanninge deur mindere spanninge, of herhalings en metafore gaan verlore. Die middelste strofe verloor 'n sleutel-betekenis: Dis nie net die luiperd se "sluimerende wilskrag" wat ter sprake is nie. Uit die Engels kom 'n mens agter "grösse Wille" verwys ook na 'n kosmiese krag. Dít juis die spil waarom die gedig draai.

Rilke se "dinggedichte" vind in Afrikaans weerklank by onder meer Van Wyk Louw ("Die strandjutwolf", byvoorbeeld). Dis verblydend om te sien hoe die laasgenoemde gedig in alle opsigte by sy Duitse eweknie kers vashou. Albei gedigte gebruik 'n dier as metafoor vir ewe aangrypende, maar uiteenlopende, fasette van die menslike kondisie. Dit lyk egter of Pakendorf op sy beste is met die bondiger en lughartiger vers, soos "'n Dame staan by die see" van Heinrich Heine.

Al die vertalings is wisselend geslaag en oortuigend. 'n Mens sien uit na nog vertalings deur Pakendorf. Kan daar ooit genoeg wees? Nog Trakl miskien? Afrikaans het 'n sterk melankoliese tradisie; 'n mens dink aan Eugène Marais, biografies met Trakl vergelykbaar, by wie 'n vertaler so 'n bietjie lig, of eerder donkerte, kan gaan opsteek.

Die weglating van die oorspronklike gedigte naas die vertalings is irriterend. 'n Rekonstruering van net 'n klankie kan 'n leser soms die broodnodige leidraad besorg, al verstaan jy nie die taal nie.

Die Uys Krige-vertalings uit die Portugees in "Brasilië sing" wys Krige se vaardighede by uitnemendheid, maar is m.i. nie op die vlak van sy Spaans-Amerikaanse Keuse nie. Al die digters is manlik - seker Krige se voorkeur en volle reg - maar die weglating van Cecilia Meireles, 'n sterk liriese en metafisiese digter, vervlak die versameling. Meireles word gereken as 'n "groter" digter as Anne Sexton óf Sylvia Plath en het 'n groot invloed gehad op die modernistiese poësie in Brasilië wat hier weerklank vind.

Die meeste van die gedigte besing die eenvoud en skoonheid van Brasilië. Dié land is egter al deur vreeslike mensonterings gekenmerk. Het die moderniste werklik dié temas so swak aangeraak? Die lot van die swart mens en Indiaan in Brasilië is in dié gedigte heeltemal gesublimeer in algemene terme. Die uniekheid van Brasilië word egter by die leser tuisgebring. Die gedigte op hul beste ontroer met oorspronklike beelde en magiese eenvoud.

"Vas, vas" en "Lied van die wind en van my lewe", deur die Brasiliaanse grootmeester Manuel Bandeira, is my gunstelinge. Die Amasone-woud is die gistingsbron van die meeste van die gedigte. "Die bos kreun soos in 'n tragiese toneel - 'n groot aktrise." (Bandeira).

Kru surrealisme en pretensie kom egter dikwels voor. Dieselfde "koloniale" provinsialisme wat soms in die Afrikaanse letterkunde voorkom? (Byvoorbeeld 'n lompe Latynse titel wat glad nie deur die gedig ondersteun word nie.)

Ronald de Carvalho (1893-1935) skryf aantreklike rapsodiërende verse waarin Brasilië besing word, maar hulle het nie die trefkrag van 'n Pablo Neruda of Walt Whitman nie. Daarsonder verval sulke gedigte in 'n hinderlike selfkoestering.

Carlos Drummond Andrade is 'n briljante en veelsydige digter. In "Kinderdae" lees hy as kind die Robinson Crusoe-verhaal "onder die groot mangobome" terwyl sy pa ver, ver te perd deur die eindelose waaigras ry. Hy wis toe nog nie hoeveel mooier "sy eie verhaal" is as die een wat hy gelees het nie... Dis frontier-poësie op sy beste.

"Deernis" van Tasso da Silveira is besonder oorspronklik. Smart word met die Bos vergelyk, maar hy maan die mens om nie skuldig te voel daaroor nie. Miskien het 'n reisiger van ver jou vuurtjie of lamp "in die bos" sien flikker en is sy gemoedstemming daardeur opgebeur...

Die keuse van vertalings herinner sterk aan Krige se eie voorkeur vir die liriese, herhalende vers. Dis pure Krige dié, deuraar met 'n deemoedige lewenslus en weemoed. Die Ou Swerwer se woordsnare sing weer in dié postuum bundel, op dieselfde suidbreedtegraad as sy eie...

"Olyfwoestyn" (Hebreeuse gedigte vertaal deur Jaap Steyn en I A Ben Yosef) het reeds in 1987 verskyn en sal slegs kortliks bespreek word. Van die belangrikste digters wat dié eeu in Hebreeus geskryf het, is opgeneem, maar nie al die vertalings kom uit die verf nie. Hebreeus spog met een van die gedugste letterkundes in klein tale. In 'n taalgemeenskap van weinig meer as 3 miljoen lesers word sowat 15 000 eksemplare van elke nuwe digbundel deur Yehuda Amichai verkoop voor jy kan sê mes.

My gunstelinge is die suksesvol vertaalde "Uit drie of vier in 'n kamer" van die verruklike oorspronklike Amihai (of Amichai), en "Niks" van Nathan Zakh.

*Jan Konterdans is 'n vryskut-joernalis van Johannesburg en 'n aspirerende skrywer/digter.*


**POLITICAL PRISONER RELEASE PROGRAMME**

**This Programme was established jointly by Lawyers for Human Rights and the National Association of Democratic Lawyers (NADEL). It aims to assist prisoners convicted of political or politically motivated offences and awaiting political trialists in the submission of applications for release or indemnity in terms of the Pretoria Minute.**

**Should you know of any person that may fall within the ambit of this programme and may require any assistance kindly contact our offices at:**

**POLITICAL PRISONER RELEASE PROGRAMME**
**PO BOX 4374**
**PRETORIA 0001**
**TEL: (012) 217767/217772**
**FAX: 323 8358**

**401 OLIVETTI HOUSE**
**C/O SCHUBART & PRETORIUS STREETS**
**PRETORIA 0002**

# Hoekom sit die snobs nie hand by nie?




*Robert Whitehead en Patrick Ndlovu in 'Jacques and His Master'*

**Die wêreld van professionele teater-beoordeling is heilig. Op die terrein van persoonlike mening kraal die kritikus koning en dit is 'n ongesegde reël dat hulle slagoffers hul mond hou oor die kritiek wat daar oor hul werk uitgespreek word. Maar die resensies oor Truk se produksie van 'Jacques and His Master' dring daarop aan dat iemand daarop antwoord, skryf ANDREA VINASSA.**

TENSY hulle soos wit spelers kan lyk en klink, durf swart spelers hulle nie op die "wit" verhoog waag nie. Dit is die oorwegende kritiese mening oor Ilse van Hemert se uitdagende produksie van Milan Kundera se "Jacques and His Master", 'n verwerking van Diderot se "Jacques Le Fataliste".

Die tradisie van Europese teater verg gevoelvolheid en verfyndheid, sê die kritici. En dis tydmors om 'n Westerse speelstyl by swart spelers te probeer inburger. Dis so belaglik soos Sandra Prinsloo in 'n township musiekspel, sê hulle.

Hoe in die kol hulle ook al met hul kritiek is - die produksie is vol tekortkominge - dui die resensies op 'n snobisme en 'n onverdraagsaamheid by wit kritici wat verdoesel word deur hul welsprekende besorgdheid oor die toekoms van teater. Dit is asof dié onkonvensionele voorstelling van Diderot, via Kundera, via Van Hemert, via die townships, die kritici die geleentheid bied om triomfantlik te verklaar dat swart spelers nie die mas kon opkom nie. Is dit nie jammer - hartverskeurend is die woord - dat swart spelers so lank ervaring en opleiding ontneem is nie?

Maar die kritici laat ons ook met die gevoel dat hulle dit nie die moeite werd ag om tyd en geld daaraan te wy nie. Hierdie is 'n tipiese koloniale sindroom: die wit beskawing moet nou plek maak vir die gelykmakende uitwerking van die massakultuur en ons wittes sal maar net gedweë sit en toekyk. Ons sal met liberale onpartydigheid agteroor sit en sê: "Ons het julle gesê."

Vra 'n mens Van Hemert uit oor haar motiveringe, kan sy elke aspek van die produksie regverdig: haar politieke aanslag en die rolverdeling is, ondanks die kritici se oortuiginge, sinryk.

Met die uitmuntende teks tot haar beskikking, kon Van Hemert maklik gesorg het vir 'n puik teater-ervaring en kon sy 'n groot gehoor gelok het. "Ek was dikwels hartseer oor die play wat ek kon gemaak het, maar die maklike dae is verby." Maar dít sou sinloos en voorspelbaar gewees het, sê sy.

"Hoe lank het Afrikaanse spelers met Afrikaanse aksente nie gesukkel om Engelse rolle te speel nie? Nou is dit tyd om ons oop te maak vir mense wat Afrika-Engels praat.

"Met die beplanning het dit gekom dat ek al die swart spelers moes benut. (Al die wit spelers is in "Ghetto".) Ek het 'n play gesoek wat al die spelers sou pas." Vanjaar het drie nuwe swart spelers, Patrick Ndlovu (hy het vir Gibson Kente gespeel en 'n Artes gewen vir sy spel in die TV-reeks "Khumbula Tata"), Itumeleng Wa-Lehulere en Noria Mabuela, hulle aangesluit by Truk se oudstryders Peter Se-Puma, Nomhle Nkonyeni en Nomsa Nene.

Van Hemert berei haar al jare lank met die laasgenoemde drie spelers voor vir nie-rassige teater. (As ons dit al tien jaar gelede begin doen het, sou ons nie vandag in 'n penarie gesit het nie, merk sy op.) Sy is van die min Transvaalse regisseurs wat al jare lank die ideaal van nie-rassige teater nastreef. Haar produksie van "Not To Die Today" het drie jaar gelede by die Grahamstad-fees opspraak gewek. Dit was 'n verwerking van Euripides se "Alcestis" waarin Bruce Alexander Nkonyeni se seun gespeel het. Verlede jaar het sy "Damp Sheets", gegrond op die mite van Hippolytus, op die planke gebring. In albei gevalle was ras van geen belang nie. Sy wou op dié grondslag voortbou.

"Swart spelers wil nie meer gepatronise word nie en hulle is bereid om kritiek te aanvaar."

In teenstelling met die gewilde opvatting, is swart spelers baie gretig om die Westerse kultuur te leer ken en kyk hulle nie neer op style en tegnieke wat nie eie is aan hulle kultuur nie. Ongelukkig word hulle nooit die kans gegun om 'n goeie teks met intellektuele inhoud te speel nie.

"Hulle het òf in werkwinkelproduksies gespeel òf bediendes òf kameerolle gespeel. Hulle weet nie hoe om 'n stewige rol vol te hou nie. Ons moet iewers begin en dié speelse anargistiese stuk is 'n goeie beginpunt.

"Hulle reik uit na ons kultuur toe, maar ons reik nie terug nie."

Die spelers het bloed gesweet in die ses weke voor die openingsaand en Van Hemert is in haar noppies met hul vordering. Sy het agttien maande lank met die stuk saamgeleef en ken elke woord uit haar kop.

Die kritici kla dat die rolverdeling konserwatief is en het veral bedenkinge gehad oor die feit dat net 'n wit speler (die enigste een) die rol van die slinkse lakei Jacques gespeel het: "Ek wou nie met 'n all-black spannetjie werk nie. Ideaal sou ek dit 'n bietjie meer gemeng wou hê. 'n Swart Jacques sou dit in 'n politieke rigting gedwing het.

"Dis 'n play met 'n humorsin en 'n totale minagting van aanvaarde sosiale waardes. Die outrageous rolverdeling is deur die styl geregverdig." 'n Produksie met 'n swart Jacques en die res van die spelers wit sou byvoorbeeld in Amerika relevant wees, maar beslis nie hier nie, meen Van Hemert.

Met dié produksie van "Jacques" het sy haar in die toekomspolitiek geprojekteer - dink bietjie aan Namibia - waar, sê maar, 'n Nelson Mandela die meester is en FW de Klerk sy bediende. Daar is 'n vriendskap, 'n interafhanklikheid gegrond op liefde en haat. The Master is 'n naïeweling vol goedertierenheid wat mettertyd besef dat hy net so korrup is soos Jacques. Die agterbakse Jacques is die gewetenlose een: geslepenheid is sy tradisionele erfenis.

'n Mens hoor so deur die grapevine dat die progressiewe beweging heeltemal gekant is teen Europese teater, sê Van Hemert. Die ANC se Departement van Kuns en Kultuur het na verneem word nog nie hul opwagting gemaak by die opvoering nie. Maar die spelers self smeek Van Hemert al jare lank om hulle 'n kans te gun om hul vaardighede te verskerp.

Dis betekenisvol dat Van Hemert - 'n voorstander van nie-rassigheid - 'n verwikkelde, verfynde Europese styl verkies. 'n Aweregse humorsin, subtiele politieke insigte en 'n vreemdsoortige sin vir ironie kenmerk al haar werk - wat terloops nie altyd slaag nie.

Sy is nie juis ten gunste daarvan om Europese stukke te "Afrikaniseer" nie. "Dit is 'n illusie om te dink ons kan Europa laat leef in Afrika. Dan doen ek liewers 'n Afrika-stuk."

Terwyl ander regisseurs nog vasgevang sit in die bevordering van sogenaamde "swart teater", het Van Hemert al 'n stap verder geloop: "Ek is 'n idealis en ek wil my nie in die politieke arena begewe nie." Tog glo sy vas dat daar geen toneelstuk op aarde is wat nie met 'n veelrassige rolverdeling op die planke gebring kan word nie.

Binnekort behartig sy die regie van Shakespeare se "Merchant of Venice" (op Afrikaans "Sakeman van Venesië"), iets waaroor sy nie heeltemal op haar gemak is nie. Sy wil graag wegbeweeg van stukke wat die aandag vestig op rasse-verskille. Dié stuk handel oor rassisme - daar word teen Shylock, die Jood, gediskrimineer, en Portia steek die prins van Marokko in die pad omdat hy swart is.

Volgens Van Hemert behoort die stuk nie nou in Suid-Afrika opgevoer te word nie, omdat die sentimente spesifiek verwys na Engeland in die sewentiende eeu. Maar die stuk is vir skoolleerlinge voorgeskryf en sy is vasbeslote om 'n geloofwaardige weergawe (nie in periode-styl nie) op te voer.

# Heerskappy van die toiletborsel

***UBU***
***Regie: Neil McCarthy***
***Met Charles Comyn, Robert Colman, Gideon de Wet, Megan Kruskal, Motshabi Tyelele en Louis Sebokö.***
***In die Upstairs, Markteater, Johannesburg***

***LAETITIA POPLE***

Die toneelstuk "Ubu" laat mens voel of jy jou binne Hieronymous Bosch se uitbeelding van Vraatsug bevind. Die mense se mag- en hebsug word op dieselfde groteske wyse uitgebeeld, en mens aanskou met weersin en afgryse hoe die akteurs soms weglê aan mekaar of mekaar voor die voet afmaai.

"Ubu Roi" is deur Alfred Jarry op die skrale leeftyd van 23 geskryf. Toe dit in 1896 vir die eerste keer opgevoer is, het dit 'n vreeslike herrie veroorsaak - die mense was òf gaande daaroor òf hulle het dit verafsku. 'n Mens wil voorspel dat dié reaksie hom in 1991 gaan herhaal.

Pa Ubu en Ma Ubu is die sentrale karakters wat 'n komplot smee om die Poolse heerser te onttroon. Nie alleen sal dit hulle aansien besorg nie, maar dit sal hulle die kans gee om hul gierige kloue in hul onderdane se belastinggeld te slaan. Hulle bereik hul doel - maar nie sonder die wraak van die keiser se seun en 'n voormalige medepligtige nie.

Charles Comyn is die magsbehepte Pa Ubu. Sy donderende bombasme is so oortuigend dat 'n mens saam met die ander karakters 'n stewige weersin in hom ontwikkel. Ma Ubu word meesterlik vertolk deur Robert Colman. Sy is 'n voorste opportunis wat alte gewillig is om haar bene oop te maak om haar doel te bereik. Daarby is sy vol oordrewe "vroulike" fieterjasies. Deur haar wenkbroue met 'n tang te pluk, lewer sy 'n oordrewe kommentaar op die mense se beheptheid met homself. "Ubu" is 'n uitdaging vir enige akteur. (Daar is maar ses in die rolverdeling, maar meer as veertig karakters word uitgebeeld.) Die akteurs is almal goed. Veral Megan Kruskal en Gideon de Wet het opgeval. Kruskal se gemaklike oorgang na verskillende karakters en die oorgawe waarmee elke rol vertolk word, is merkwaardig. Haar vertolking van die veelkoppige spook en die kordate finansier bly mens veral by. Die laasgenoemde pronk met 'n formidabele, pienk geblomde aanhangsel (die objek van ma Ubu se belangstelling). Gideon de Wet is Kaptein Manure, 'n manteldraaier van formaat. Wat veral tref, is sy soepelheid en uitstekende nabootsingsvermoë. Hy is 'n kopspelende perd wat met sy hoewe in die lug kap, maar sodra Pa Ubu op hom klim, trap hy baie diep spore en beur hy vir al wat hy werd is.

Deurgaans word noukeurig aandag gegee aan klein dingetjies wat die produksie net meer besonders maak. Die gebruik van Afrikaanse vloekwoorde en die benaming van die naelloper as Zola gee die produksie 'n Suid-Afrikaanse geur, sodat die gehoor die implikasies van magsug makliker kan verplaas na hul onmiddellike omgewing. Pa Ubu regeer met 'n toiletborsel en 'n dreinsuier, en die soldate veg met vlieëplakke. Die versapping van al die heersers (as wortels of seldery) was rasend snaaks. Dié slim en dikwels komieklike gebruik van rekwisiete is vol suggestie, lewer skerp kommentaar en help om die teks meer gelade te maak. "Ubu" is 'n besondere toneelstuk. Dit lewer skerper kommentaar as enige march oor mag en die misbruik daarvan.

# Die blues maak jou warm

## ROBERT HAWKINS maak 'n Kaapse lawaai

Man, ek soek lankal iets nuuts en interessants om oor te skryf. Al van Nuwejaar af - net om self na te gaan luister, never mind die skrywery. Maar nee wat. Daar's die nuwe "born again" District Six daar in die nuwe yuppie-hawegebied. Daar's die welbekende stem van Koos Kombuis - af en toe by Jumbo's (in Kalkbaai) of die Café District Six. Eienaardig hoe sterk bemarkbaar die naam "District Six" sónder die eintlike distrik kan wees. Die verskeie agente sê nou nog dankie aan die stootskrapers - al sê hulle dit maar stilletjies en in die mou. Of mens kan The Times vir die suffelste keer hoor dieselfde akkoorde op oorspronklike wyse opdis. Die Kaapse tafel darem. Op en af - maar op die oomblik af.

'n Rukkie gelede besluit ek toe om een of twee nuwer plekke te gaan besoek, om hulle as 't ware bekend te stel - eerder as om weer nare goed oor iemand te gaan skryf. Teiken: The Smokehouse - 45 Shortmarket (op die 4de verdieping). Vir diegene wat al lank hier in die Kaap jol, dis waar die ou Mariners Club was/is (onthou julle The Venue?) Dis daar. Dit gebeur net op Vrydagaande - nogal amper stiptelik om 9.30nm - en dis heel lekker, mits mens van "blues" hou.

Dit is die idee van Robert Nagle, wat jare lank al bekend is vir sy blues hier aan die Kaap, en wat onlangs die "eer" gehad het om op Coenie de Villiers se video te verskyn - nee werklik. In ieder geval, die idee het gewerk, soos die syfers al hoe meer wys. Die plek is altyd stampvol. Wat vir my eers nogal opvallend was, was dat die gehoor oorwegend manlik was. Oorwegend - nie uitsluitlik nie. Daar was wel heelwat vroulikes, maar soos ek gesê het, dit was baie vol en mens was bewus van baie mans. Dit pas miskien by 'n musiekvorm wat, myns insiens, sterk in verouderde en miskien onaanvaarbare "machismo" gewortel is. Ek raak bekommerd oor bewerings rakende "My Baby" en sulke eiendomsbewuste goed. Mens moet dus miskien 'n mansgehoor verwag, maar dit pla nog steeds. Die blues is mos vir almal. Ons almal voel dit die een of ander tyd, ongeag ons geslag. Dis net die konteks waarin dit gespeel word wat mettertyd die inslag van die musiek verander. Die feit dat kroeë lank die enigste plekke was waar 'n mens kon speel ... en dat dieselfde kroeë tot onlangs vir vroue geslote was, kan net tot 'n chauvinistiese inslag lei. Maar dis 'n blues-klub soos min. Twee kroeë .. en musiek wat so blou is soos die lug. Op die dak was die lug nog blouer, maar daaroor praat mens eerder nie.

Die plek en die musiek is warm. Die spyskaart toon bra min afwisseling. Daar's The Smokehouse Band, met 'n lieflike mondfluitjie; The Wurst - wat nie te uitsonderlik is nie; een of twee ander bluesgroepe ... en soms almal se gunsteling "surfer", Robin Auld, met die Southern Blues Band, om vir die meisies te laat ... wat meisies deesdae ook al doen. In ieder geval, dis gewild. Van blues kry ek vinnig 'n oordosis, maar ek moet sê dat ek só 'n aand saam met 'n paar biere baie kan geniet.

## Roger Lucey - Die refrein

En van Distrik Ses gepraat: nou die aand het ek 'n baie interessante sanger teëgekom. Bill Knight het by Roger Lucey se terugkeer opgetree en my baie beïndruk. Hy het sommer so 'n paar liedjies tussenin gesing - tweetalig - met 'n begrip van die eiesoortige Afrikaans van die Kaap wat meneer Taliep Petersen self sal laat regop sit. Lieflik. Dit gaan ver verby die woorde alleen. Ag ek praat nie eens van uitspraak as sodanig nie. Dis daai ontasbare buigings en gedraaide idioom wat ons hier in die Kaap ken, maar in weergawes satiriseer, eerder as om dit as deel van ons gewone taal te gebruik. Dis hier, byvoorbeeld, waar menere Petersen en Kramer kortkom. Hulle maak die mense Kypies, eerder as om 'n bietjie kypie in die mense in te sit. Bill Knight was vir my die moeite werd, en ek sal hom wéér gaan sien. Hier het die akoestiese kitaar my nie gepla nie - dit het maar 'n instrument gebly wat die lied moet dra. Dis nie verwant aan dié of dáárdie spesifieke era nie. Bloot 'n kitaar, want dis wat die sanger by hom gehad het. Wragtie lekker musiek dié.

Met die res van die vertoning was ek maar teleurgesteld. Al wat 'n modefiguur in die Kaap is, was daar - uit die rolprentwêreld, die musiekwêreld, de lot. En almal het pal gejuig en so, en die musiek was steeds daar. Dis musiek uit 'n verlore era. En vir my staan die verouderde vorms in sterk teenstelling met die briljante lirieke. Roger skryf skitterend. Ek wens net hy wil een of twee voorbehoude laat vaar. Dan sal alles soveel beter werk.

# Die NO staan op uit die dood

## Weg is die lustelose siele - en eensklaps sit die Nasionale Orkes weer vonk in sy musiek, skryf HENNING VILJOEN.

Die eerste simfonie-seisoen van die Nasionale Orkes is gekenmerk deur 'n algehele metamorfose wat die orkes ondergaan het. Wég is die meeste van die lustelose siele wat lyk asof hul elke oomblik van musiekmaak haat en in die plek daaarvan is 'n klomp nuwe gesigte wat met begeestering musiseer.

Is dit die nuwe bloed in die orkes wat vir die transformasie verantwoordelik is, of is dit die drie uitmuntende dirigente Yoshimi Takeda, Gabor Otvös en Carlo Franci wat die musikale vonk in die orkes ontlont het? Ongeag watter faktore dit is, het dit nietemin gelei tot 'n seisoen met uitsonderlike musikale hoogtepunte. Dit is dus geen wonder nie dat die Johannesburgse Stadsaal vir 'n verandering konsert ná konsert vol gepak was - soos in die dae voordat televisie konsertbywoning laat krimp het.

In die twee konserte met Yoshimi Takeda as dirigent, was dit sy musikaal deurleefde interpretasies van Franck se Simfonie in D min. en Rimski-Korsakof se "Sjéhérazade" wat gesorg vir musikale opwinding. Don Garrard (bas) se aangrypende vertolking van die "Monoloog en dood van Boris" uit "Boris Godunov" het ook gewys hoe sinryk sangers as soliste in 'n simfoniekonsert ingesluit kan word - veral as werke soos "Boris Godunov" betrek word wat selde of nooit gehoor word nie. Minder gelukkig was Gina Beukes se slordige vertolking van Brahms se vioolkonsert.

Die Nasionale Orkes se bydrae tot die Mozart-manie het begin met 'n skitterende uitvoering van Mozart se "Requiem", waarin veral die SAUK-koor getriomfeer het.

Gabor Otvös se geromantiseerde benadering van die werk, wat in die tradisie staan van die groot klankgewelf, is uitstekend gebalanseer deur die afgeronde sang van die groot SAUK-koor en uitstekende solobydraes van Andrea Catzel (sopraan), Hanneli Rupert (alt), George Kok (tenoor) en die ingevoerde Duitse bas Franz Hawalata. Hopelik is dit nie die laaste keer dat 'n mens die pragtige stem van Hawalata hier gaan hoor nie!

Die uitvoering van Mozart se Klawesimbelkonsert in D deur Rosa Klarer wat die uitvoering van die "Requiem" voorafgegaan het, was 'n minder gelukkig keuse. Die klank van die instrument het ondanks versterking heeltemal verlore geraak in die groot ruimte van die stadsaal.

Die groot musikale vreugde van die seisoen was egter die drie konserte met Carlo Franci as dirigent. Miskien was al sy vertolking nie altyd idiomaties stylgetrou soos sy sterk Belliniaanse benadering van Beethoven nie, maar hy het die orkes altyd tot afgeronde spel besiel. Dat die Italiaanse idioom in sy bloed is, was duidelik uit die sprankelende vertolking van Rossini se Sonata No 3 vir Strykers, wat Franci self vir strykorkes verwerk het.

Franci het ook die musikale hart getref van Sjostakowitsj se Simfonie No 9 en Schumann se tweede simfonie. In Dvorak se "Nuwe wêreld simfonie", waar hy egter met sy vinniger tempi 'n sterker idiosinkratiese stempel op die werk afgedruk het, het iets van die melankoniese ondertone van die musiek verlore geraak. Onder die soliste wat saam met Franci opgetree het, was Anton Nel se vertolking van Beethoven se Klavierkonsert No 3 die hoogtepunt van die seisoen. Die pregnante stemming wat Nel met sy optimale tydsberekening in die stadige deel bewerkstellig het, het nuwe emosionele dieptes in dié baie bekende werk ontgin - dis net jammer dat Franci se Italiaanse Beethoven nie altyd Nel se meer outentieke Beethovenstyl aangevul het nie.


Markus Stocker het 'n tegnies verdienstelike vertolking gelewer van Elgar se Tjello-konsert, wat in die geheel egter emosioneel droog op die ore geval het. 'n Groot teleurstelling was die begaafde pianis Jose Carlos Cocarelli se vertolking van Mozart se Klaviekonsert No 18. Tegnies was al die note daar, "but what did it mean?" Met Cocarelli se sterk aanslag het Mozart by die deur uit verdwyn en het dit geklink asof dit 'n pas ontdekte Beethovenwerk is wat uitgevoer word. Mozart kan nou ten ene male nie sonder stylgetroue handskoene aangepak word nie.

As 'n aptytwekkende voorgereg, laat die eerste seisoen 'n mens met groot afwagting uitsien na die musikale spyskaart wat nog voorlê.

* Die subskripsie-besprekings vir die Tweede Simfonie-seisoen van die Nasionale Orkes, wat op 16 Mei begin en uit agt konserte bestaan, het reeds geopen. Met dirigente soos Gabor Otvös, Francesco Mander, Victor Yampolsky en Pieter Daniel en soliste soos die beroemde sopraan Edda Moser en die pianis Illya Tchernaev behoort dié seisoen net soveel musikale genot te verskaf as die eerste.

JEANNE GOOSEN se kopstukke - nog tot 23 Maart in die Windybrow.
Aanvaarbare, skoon Afrikaans gewaarborg.
Sandra Prinsloo Produksies bied dit aan met Lizz Meiring en André Stoltz as die gekwelde verlamdes.
Bespreek by Computicket of kaartjies by die deur.

# Is die SAUK nou ál sy varkies kwyt?



*Richard Dreyfuss skitter as 'n verkoopman in Barry Levinson se Tin Men", 'n baie betre prent as 'sy Rain Man'. Dis om 7nm. vanaand op M-Net te sien*

HET die SAUK nou finaal al sy varkies verloor?

Van die ongelooflike stories wat onlangs in koerante verskyn het, is: die SAUK wil glo geld begin spaar deur plaaslike vermaakprogramme drasties te verminder en eerder goedkoop buitelandse reekse aan te koop; daar is sprake dat die joernaalprogram "Antenne/a" en "50/50" aan die nuus-afdeling gegee gaan word - glo om meer "vleis" aan "Antenne/a" te sit met ekstra CNN-vermaaklikheidsinsetsels; Hein Jordaan, in wie se tyd "Topsport" ontstaan en verdriedubbel het in grootte (tot die ergernis van nie-sportmalles), sal moontlik sy pos moet afstaan aan 'n bestuursman uit die private sektor as direkteur van "Topsport"; en - die beste - daar sal "diep besin" word oor die aktualiteitsprogram "Agenda". Nie die inhoud daarvan nie, maar die uitsaaityd is glo die groot probleem...

Dan praat ons nog nie van die skinderstories nie wat soos klitsgras bly sit, maar heftig ontken word deur die SAUK se direkteur-generaal, mnr. Wynand Harmse. Stories soos: die meeste SAUK-werknemers bo 55 sal binnekort hul tassies moet pak, en die voortdurende personeelskommelings en herstrukturerings het 'n gevoel van onsekerheid onder personeel laat posvat. (Dis trouens al ou nuus.)

'n Mens het simpatie met enige maatskappy wat kop bo water wil hou in dié broekskeur- finansiële klimaat. Daar is immers personeellede en hul gesinne wat vir hul brood en botter van hom afhanklik is. Maar wat so vreemd is aan die SAUK se modus operandi, is dat hulle telkens peuter aan 'n wen-resep en hardkoppig voortdons op paadjies wat al voorheen geblyk het doodloopstrate is.

Suid-Afrikaanse reekse soos "The Game", "Arende", "Ballade vir 'n enkeling" en "Agter elke man" was enige tyd net so gewild - indien nie gewilder nie - as die beste ingevoerde reeks. Nou moet 'n opvolgreeks van "The Game" in die slag bly, glo omdat plaaslike programme so duur is om te maak.

Maar wat van al die plaaslike probeerslae en minderwaardige snert wat soos klokslag aan ons opgedis word en beslis nie verniet gemaak is nie? Loodsprogramme soos dié van die Alain D' Woolf-geselsprogram; die "verskeidenheidskonsert" van Shaleen Surtie-Richards en Tobie Cronjé; die destydse verskriklike "Dot en kie". En dan is daar die uur lange musiekprogramme wat oor en oor aan dieselfde sterretjies gewy word. 'n Paar maande gelede het ons 'n uur gehad van Marie du Toit, wat nét bekend is omdat sy "Debuut" gewen het en Sondag het ons haar warempel wéér saam met André Schwartz op 'n verhoog gehad vol rookwolke en in pienk geklede popsies.

Om dit te finansier, moet goeie vermaakprogramme - wat al hul slag gewys het - in die slag bly.

En dan is daar "Antenne/a", wat in sy vroeëre vorm van vier aparte, kort joernaalprogramme, elkeen met 'n eie, individuele karakter, uitstekend gewerk het en baie gewild was. Maar nee, ook dít was nie goed genoeg nie. Die vier is in een blok ingedruk, onder dieselfde naam, en ná 'n hele, lange jaar is skielik besef: haai, dit werk nie. Toe kry ons twee: 'n Afrikaanse "Antenne" en 'n Engelse "Antenna". Die twee bestes. En uiteindelik werk dit weer. Veral Dinsdae se Afrikaanse program kom telkens met iets nuuts en oorspronkliks vorendag. Maar wéér is dit nie goed genoeg nie. Daar moet mos altoos getorring word aan 'n wenresep. Nou moet 'n uitstekende plaaslike program opgedollie word met oorsese insetsels - asof ons dit nie al genoeg het in die "Nuus" en "Goeiemôre Suid-Afrika" en "Movie Focus" en Amerikaanse programme soos "Entertainment International" en "After Hours" nie.

Suid-Afrikaners is heeltemal in staat om te bly kyk na 'n plaaslike vermaakprogram - op voorwaarde dat dit góéd is.

Nog iets wat te wonderlik is, is die diep bepeinsing oor die uitsaaityd van "Agenda". Menere, dis nie die tyd wat pla nie, maar die inhoud! Die gevoel onder TV-kykers ná die Dirk Coetzee-onderhoud verlede week was eenstemmig: mosterd ná die maal.

Dié Maandag het ons weer 'n "eksklusiewe" onderhoud met genl. Magnus Malan gehad, wat stellings gemaak het soos: "Elkeen soek 'n duiweltjie agter 'n bos, maar daar's niks"; "Waar het jy al gehoor dat ek vir dié partye (met verwysing na beweerde druk uit KP- en DP-geledere dat genl. Malan moet bedank) gaan luister? Ek gaat hulle looi!"; "Ek het vir die eerste keer van die konsep van die BSB gehoor in die middel tagtigerjare, maar van die element wat téén die organisasie se doelwitte gewerk het eers in November 1989"; en, ten slotte, "Jy moet een ding verstaan: ek gaat nie lê nie. Ek's 'n bakleier. Ek sal baklei as 'n saak reg is."

Al reaksie wat die "Agenda"-onderhoudvoerder hierop gehad het, was 'n vae verwysing na "dokumente" met genl. Malan se handtekening daarop wat sou bewys hy was vroeër van die BSB se aktiwiteite bewus as wat hy gesê het hy was. Maar daarna het die man sonder veel verdere woorde genl. Malan se stelling aanvaar dat daar " 'n wag geplaas is voor my mond" weens uitsprake van verskeie "regsprosesse" en "kommissie-prosesse" wat nog hangende is...

Dit het sin as die SAUK sê hy wil elke afdeling as 'n klein sake-onderneming bedryf om die organisasie "slanker, doelgerigter en doeltreffender" te maak - maar dan net as hulle daardeur beter inligting en vermaak volgens die smaak van hul kykers verskaf.

## 'Kô lat ons sing'

DIE komende week bied twee goeie dokumentêre programme - albei plaaslik gemaak en albei met Suid-Afrika en Afrika na aan die hart.

"Gathering of the Beasts", wat Sondagaand in TV1 se "50/50" vertoon word, is 'n kykie agter die skerms na die voorbereidings van dié musiekspel met bewaring as sy tema deur die Theatre for Africa-groep.

Theatre for Africa is taamlik onlangs gestig deur Nicholas Ellenbogen en wil in sy werk belangrike bewaringsvraagstukke onder mense se aandag bring deur dit aan te bied in die toeganklike, lewendige, dramatiese vorm van die verhoogkuns.

In "Gathering of the Beasts" stel vyftien spelers verskillende beelde voor van die mens en die dier.

Woensdagaand word hulde gebring aan 'n man wat die meeste mense net deur sy werk ken: die Kaapse skrywer en digter Adam Smal.

"Kô lat ons sing" is gemaak deur die kortverhaalskrywer Abraham de Vries omdat hy meen Smal is "die stiefkind van die sestigers", iemand wat nooit werklik erkenning vir sy bydrae tot die Afrikaanse literatuur gekry het nie.

In sy vreemd-klinkende, effens sangerige hoë stem vertel Smal - weliswaar ietwat formeel - van sy kinderdae op Wellington, later Goree en in die Kaap; die verskille tussen sy ma en pa se godsdiens en belangstellings en hoe dit sy denke gevorm het; en sy eerste kennismaking met "die vuil ding wat ons as apartheid geken het".

Ongelukkig is 'n program net so kleurryk as wat sy onderwerp is en hoewel die aanhalings uit Smal se werk baie roerend is, is die beeldmateriaal maar skaars en die kommentaar oor die algemeen 'n bietjie vervelig. 'n Ligpunt is Smal se opmerking oor die vermaarde Amerikaanse filosofie-professor wat hy ná mense soos Marthinus Versfeld en N P van Wyk Louw as een van die mees "on-vryste en on-demokratiesste" mense ervaar het. En iemand wat vir 'n oomblik beslis die kollig van Smal steel, is prof. Richard van der Ross met sy prontuit-stelling dat die UWK-studente in 1973 "gatvol begin raak het vir die verkramptheid van die apartheidsadministrasie" en dat hy "saam met die studente begin gatvol raak het"...

"Kô lat ons sing" word om 10:20nm. uitgesaai.

## Musiek op die kaal

M-NET is al bekend vir sy bevordering van die sogenaamde "alternatiewe" Afrikaanse musiek. Môreaand maak die betaalkanaal weer so. Met "Tafelbaai Boeghie" skakel M-Net van 7nm. vir twee ure regstreeks oor na die Goeie Hoop-sentrum in Kaapstad, waar bekendes wat alle soorte Afrikaanse musiek verteenwoordig hul ding gaan doen.

Onder hulle is Laurika Rauch, Johannes Kerkorrel, Steve Hofmeyr, Rina Hugo, Coenie de Villiers, Sam Marais en Anton Goosen.

Die musiekregisseur is Attie van Wyk, voorheen van Ballyhoo, en die TV-regisseur is Barry Coetzee.

TV4 begin Donderdagaand om 9:04nm. met 'n nuwe mini-reeks (eerder 'n goed gekamoefleerde "soap"), "Emma: Queen of the South Seas". Dit is glo die epiese verhaal van Emma Eliza Coe, die Polinesiese-Amerikaanse skoonheid wat in die tweede helfte van die negentiende eeu bekend geword het as die Koningin van die Suidsee. Wat veel meer belangstelling lok as Emma se pad na roem, is haar stormagtige verhouding van twintig jaar met 'n man wat sy met die terugkeer na haar tuiste op 'n skip ontmoet. Ook, miskien, Emma se opstand teen die tradisie dat vroue gesien mag word, maar nie gehoor nie.

Onder die flieke waarna gerus gekyk kan word, is die regisseur Christopher Miles se rolprentweergawe van die buitengewone verhouding tussen die skrywer D H Lawrence en sy vrou, Frieda, in "Priest of Love" môreaand om 11:05nm. op TV1.

Die rol van Frieda word boonop vertolk deur die Suid-Afrikaans-gebore aktrise, Janet Suzman.

Die verhaal begin in 1924, tien jaar ná Lawrence (Ian McKellen) en Frieda se omstrede huwelik. Sy was voorheen getroud, maar het haar man en kinders gelos om haar lewe saam te voeg met dié van 'n man na wie sy altyd verwys het as 'n "letterkundige reus". Van haar het Lawrence geskryf: "handsome, proud and fearless as a lion". In die rolprent word ook gekyk na die ontstoke reaksie van die gemeenskap op die publikasie van "Lady Chatterley's Lover" en hoe dit die egpaar geraak het.

## HOOGTEPUNTE:

**Vandag:**

* "Tin Men" om 7nm. op M-Net, 'n heerlike komedie oor verkoopmanne en -kuns met Richard Dreyfuss en Danny De Vito.
* "Box Office America" word voortaan her-uitgesaai om 10:40nm. op M-Net.
* "Showdown" om 6nm. op TV1, gewilde country-musiek met mense soos Jack Diamond.
* "The Fanelli Boys" om 10:48 op TV4, vlymskerp Italiaanse komedie.

**Môre:**

* "Cross Over" om 1:40nm. op TV2/3, 'n raadgee-program vir volwassenes.
* "Swerwerskos" om 9vm. op TV1. Pieter Pieterse sê hoe maak 'n mens potgebraaide kreef in 'n wynsous.
* "Louis se liedjies" om 6:20nm. op TV1, waarin geluister word na die komponis Louis van Rensburg en sy liedjies.
* 'n Nuwe aflewering van die komediereeks "Anything but Love" met Jamie Lee Curtis en Richard Lewis. Om 6nm. op M-Net.

**Sondag:**

* "Storybreak" om 1:30nm. op TV1, waarin eksotiese stories vir kleingoed vertel word.
* 'n Heruitsending van die ou Afrikaanse riller "Die vuurtoring", met Johan van Jaarsveld en Sandra Prinsloo in die hoofrolle. Om 9:20nm. op TV1.
* "Sandpiper" om 9:04nm. op TV4, met Richard Burton en Elizabeth Taylor en owerspel.

**Maandag:**

* "Bull Durham" om 10:30vm. op M-Net, met Kevin Costner en Susan Sarandon.
* "Degrassi Junior High" om 4:30nm. op TV1, tienerprobleme waarna ouers ook kan kyk.

**Dinsdag:**

* "As die eeu draai" om 5nm. op TV1 kyk na TV in die toekoms.
* 'n Nuwe aflewering van "Three's a Crowd" begin om 9:30nm. op TV1.
* Olivia Hussey van "Romeo and Juliet" speel die hoofrol in "Distortions" om 9:04nm. op TV4.
* In "Entertainment International" om 10:50nm. op TV4 word onder andere gesels met Dennis Hopper en Jane Fonda.

**Woensdag:**

* ACTV, die nuwe Christelike TV-kanaal, saai 'n uur lank uit elke Woensdag om 6vm. op TV4.
* "Wild in the Country" met niemand anders nie as Elvis Presley in die hoofrol van 'n heethoofdige dorpsjapie en potensiële jeugmisdadiger. Om 9nm. op M-Net.

**Donderdag:**

* 'n Nuwe aflewering van die bekroonde komediereeks "Empty Nest" oor 'n veeartspa en twee koppige dogters begin om 6:30nm. op M-Net.
* "Making Babies" om 8nm. op M-Net is 'n boeiende "48 Hours"-verslag oor die frustrasies, onkoste en sukses van die stryd teen onvrugbaarheid.
* Die slot van "Echoes in the Darkness" om 9:04nm. op TV4.

*Vrye* **Weekblad**

## Die Grond-witskrif

Die regering se Witskrif op Grondhervorming word enersyds beskou as kortsigtig, en andersyds as 'n goedbeplande strategie om die beginsel van private grondbesit as basis vir grondbesit in Suid-Afrika te verskans - voordat partye soos die ANC in onderhandelings te veel druk daaroor kan uitoefen.

Die kort tydperk waarin die regering die wetgewing wil deurvoer - teen die einde van April - is 'n aanduiding dat laasgenoemde miskien die geval is.

Die Witskrif word egter uit talle oorde, veral die sakesektor, verwelkom. Die voorgenome afskaffing van die Wette op Grondbesit van 1913 en 1916 is ook geprys as "die begin van 'n nuwe era van grondbesit vir almal".

Daaroor word daar nie geargumenteer nie, die afskaffing van dié apartheidswetgewing is tog verwag. Die pluimpies hiervoor is klaar uitgedeel.

Daar moet eerder aandag gegee word aan wat die Witskrif nie sê nie, en wat die regering gesê het hulle nie gaan doen nie.

Die beginsels van herverdeling van grond en die teruggawe van grond aan gemeenskappe wat slagoffers van gedwonge verskuiwings was, word heeltemal deur die regering verwerp. Dit kan net tot konflik lei.

Die aansprake van heelwat van die land se ses miljoen plaaswerkers op die grond waarop hulle of hul voorsate al gewoon het voordat dit wit kommersiële landbougrond geword het, regte tot kommunale grond, en stappe om die onreg van die verlede uit te wis, is aspekte van die gronddebat wat die Witskrif òf ignoreer, òf net oppervlakkige aandag aan skenk.

Grond is by meeste Suid-Afrikaners 'n emosionele kwessie. Dit behoort veral Afrikaners te verstaan. Daarom is die ongevoeligheid oor die aansprake van mense wie se grond deur 'n wit minderheidsregering van hulle weggeneem is - soos die gemeenskappe van Roosboom, Charlestown en Criemen en die Fingo's van Tsitsikamma - soveel meer onvergeeflik.

Daar is lank reeds 'n besef onder politieke organisasies en groepe dat grond een van die ingewikkeldste kwessies is wat in die skep van 'n nuwe Suid-Afrika aangepak moet word.

Die ANC, die Ontwikkelingsbank, die Stedelike Stigting van Suider-Afrika en universiteite, het lank en wyd gepraat, studies gedoen en konferensies daaroor gehou.

Almal, die ANC ingesluit, erken dat die grondkwessie ingewikkeld is, dat 'n simplistiese beleid wat nie buigsaam genoeg is om verskillende plaaslike eise in aanmerking te neem nie, nie gaan werk nie.

Almal het ook erken dat daar regstellende stappe gedoen moet word om die historiese onregte reg te stel, en dat die vryemark alleen nie die maksimum toegang tot grond vir swartmense sal kan waarborg nie.

Dit is jammer dat die regering klaarblyklik nie na enige van die argumente geluister het nie, of miskien net nie wou hoor nie.

## De Klerk en Malan

Die sage van die minister van Verdediging wat aan sy posisie vasklou ten spyte van wye openbare aandrang uit alle oorde, selfs van binne sy eie party, is besig om in 'n klug te ontaard - 'n klug wat die aansien van Staatspresident De Klerk 'n ernstige knou kan gee.

Die Staatspresident se stilte oor Malan se verkragting van elke beginsel van politieke aanspreeklikheid en sy minagting van die openbare mening - om nie te praat van sy deurmekaar-stories aan die Parlement nie - is heeltemal uit pas met die res van De Klerk se aanslag.

Hy het al verskeie geleenthede gehad om van Malan ontslae te raak, al was dit net om hom te vra om weens persoonlike redes of swak gesondheid te bedank, of selfs om hom as Suid-Afrika se ambassadeur in Ciskei of Paraguay aan te stel.

Ons is bevrees die Staatspresident kan nie langer sy hande in onskuld was nie.




**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

## 'n Nuwe speelplek vir die rykes?

**Jan van Eyssen van Kaapstad skryf:**

Ek was baie ontsteld om te hoor dat Bankkorp (moedermaatskappy van Trustbank wat reeds by 'n vorige geleentheid dieselfde gebied probeer ontwikkel het) van plan is om een van Suid-Afrika se laaste ongerepte strande, Sandybaai, in 'n speelplek vir die rykes te omskep. (SAUK-nuusbulletin van 16 Februarie).

Soos een van die sprekers in die bulletin tereg aangedui het, is dit ekologies gesproke gelyk aan die ontginning van die sensitiewe duine by St Lucia, die uitbagger van die Okavango-moerasse en die ontginning van kaolien by Noordhoek.

Indien Bankorp sou voortgaan met dié plan, sal dit die optrede wees van die mees omgewings-onsensitiewe finansiële instansie in ons land.

Net soos die Krugerwildtuin, Tafelberg en die Kango-grotte aan al die mense van Suid-Afrika behoort, behoort Sandybaai ook aan hulle.

Die regering behoort daarom die grond van Bankorp en Sol Kerzner (die grondeienaars) te koop, of vir hulle ander geskikte grond in ruil daarvoor gee.

Terselfdertyd behoort die Streekdiensteraad (wat nou vir Sandybaai verantwoordelik is) die gebied te omhein en 'n klein ingangsfooi te hef soos by die Kaappunt-natuurreservaat. Dié geld moet dan gebruik word om Sandybaai skoon te hou en indringerplante met inheemse plante te vervang.

Die finale besluit omtrent Sandybaai sal deur die Administrateur van die Kaap, Kobus Meiring, geneem word. Help om Sandybaai te red deur aan hom te skryf by Posbus 659, Kaapstad 8000 of stuur 'n faks aan 021-246906.

### Diskriminasie

**Sondra Somers van Sinoville skryf:**

Ek is 'n Boeddhis. Nee, ek loop nie heeldag kaalkop, in 'n laken toegedraai met sandale aan rond nie.

Ek is 'n Afrikaner gebore en het Christelik-Nasionaal geïndoktrineerd grootgeword. (Dit was voordat ek myself van 'n lewenslange guilt trip gered het.)

Sedertdien is ek 'n rustige individu wat daarop aanspraak maak dat ek elkeen sy kolletjie son gun. Ek vra net myne ook, asseblief.

Maar soos ons liewe volkie se "godsdienstige" uitkyk dan ook nou al die afgelope 339 jaar is (asof daar 'n laaistok in sy gat opgedruk is), werk dit nou eenmaal nie so nie.

Ek mag nie onderwys gee nie. Ek kan nie by die weermag of polisie aansluit nie.

Die polisie keur net ordentlike (Christelik?) opgevoede dames goed. Geen uitheemshede nie! Ek is aangeraai om liewer op te hou om aansoek te doen - "Snaakse" gelowe word blykbaar as 'n bedreiging of iets beskou.

In die lig van 'n nuwe nie-diskriminerende Suid-Afrika dink ek dis hoogtyd dat "Christelikheid" nie langer as toegangskaartjie gebruik word nie.

### Gegrief oor boere

**AA Both (Jnr) van Gouda skryf:**

Ek is diep gegrief oor die onlangse betogings deur die noordelike boere van ons land. Hulle het hulle swak gedra. Hulle kon die kwessie op 'n baie meer volwasse en geskikte manier probeer oplos het.

Hulle het met al hul nuutste en grootste voertuie gaan betoog. Hulle het veel eerder die gedagte van rykdom as armoede oorgedra. Daarby het hulle partytjie gehou, ongemanierd opgetree en 'n swak beeld van ons boere geskep.

Hier in die Boland is ons boere baie nederig. Ons het so te sê nog geen staatshulp ontvang nie. Hier in die Boland is ook baie natuurlike probleme en ons rentekoerse is presies dieselfde. Van ons boere ry wel ook in Mercedesse, maar ons pas dit ten minste goed op en koop nie elke tweede jaar 'n nuwe nie. Dieselfde geld ons plaaswerktuie. Ek dink die boere wat so hoog wil lewe, moet maar die gevolge dra van hul dade en nie kom huil as dit nie meer so goed gaan nie.

### Wie's Winnie?

**C Kriel van Wellington skryf:**

Na aanleiding van die artikel "Winnie en moeilikheid kom al 'n lang pad" (Vrye Weekblad, 8 Februarie 1991) wonder ek of Winnie gewelddadig is soos die polisie sê, of "warm" soos haar makker sê, of dalk soos sy self sê, 'n "skaam plaasnooientjie"?

Wat haar jeugjare betref, is ek jammer vir haar, want ek kan verstaan hoe verskriklik dit moet wees om as jongmeisie sonder ma na jou jonger boeties en sussies om te sien. Dis is seker ook daarom dat sy nou so vyandig teenoor almal is, sy dink nog dat sy na "haar" mense moet omsien en beskerm.

Wat haar "warmte" betref, dink ek dit kan wel waar wees. Ek dink natuurlik nie dat sy 'n "skaam plaasnooientjie" is nie. Dit sou haar nie gebring het waar sy vandag is nie.

*(Brief verkort - Red)*

### SAP nie betrokke

**Lt-Kol Mostert van die Suid-Afrikaanse Polisie se departement Openbare betrekkinge, Pretoria skryf:**

In die artikel "Steeds huisloos na 40 jaar se arbeid" (Vrye Weekblad, 8 Februarie 1991) beweer Christelle Terreblanche dat die polisie by twee geleenthede betrokke was by die afbreek van strukture, die verwydering van boumateriaal en die hardhandige verwydering van 200 mense.

U word beleef versoek om onmiddellik die foutiewe feite in 'n soortgelyke berig reg te stel.

Die polisie het nooit strukture afgebreek of boumateriaal verwyder nie en was ook nie behulpsaam by sodanige aksies nie. Daar was ook nooit 200 mense hardhandig verwyder nie.

Daar was wel op 4 Februarie 1991, 57 mense weens betreding in hegtenis geneem nadat die munisipaliteit van Villiersdorp so 'n klagte ingedien het.

Die berig verleen ook geen erkenning aan die bydra van die polisie tot onderhandelinge voor en na die ongelukkige voorvalle waarna in die berig verwys word nie.

### Doodstraf

**PJD Lourens van Quellerina skryf:**

'n Mens sou die doodstraf wel met Saddam Hoesein kon assosieer, maar nie met 'n beskaafde land nie.

'n Land wat die galg as staatsterreur gebruik, erken daarmee dat hy nie die moed het om rasionele stappe teen die gevolge van armoede, vrot onderwys en sosio-ekonomiese konflik te doen nie.

*(Brief ingrypend verkort - Red)*

# Kyk hoe hang so 'n Engelse rassisme-onderrok uit! (Of is dit 'n kapitalistiese onderrok?)

AS iemand weer "Nuwe Suid-Afrika" sê, dan braak Brolloks in sy Post Toasties.

Van rassisme kry ons oorgenoeg van die KP en die AWB en die Orde Boerevolk en die Verbondsvolk en die Bang Boere Beweging of wat hulle ook al is. En van die klompie anderstalige KP-meelopers, Illuminati-parasiete en Natalse boere wat dit nie in Afrikaans doen nie.

Maar om naakte rassisme uit die mond van die mees gerespekteerde joernaal in die land, die liberale vlagskip van die private sektor, te kry, is een te veel.

Dis nou die Financial Mail waarvan Brolloks praat. Ou teenstander van apartheid en die Nasionale Party, sê dié blad self graag.

In verlede week se uitgawe, nogal in sy eerste hoofartikel, skryf die FM oor swart vakbonde se looneise en sê dan dis g'n wonder nie dat die meeste van Johannesburg se beter restaurante deesdae net wit tienderjariges uit ryk huise as kelners gebruik, want hulle lewer goeie diens en lewe net van fooitjies.

En dan sê die FM: "And what a pleasure it is to have them rather than some surly tribesman with his thumb in the soup and eye on the clock."

As dit nie rassisme op sy mees blatante is nie, dan weet Brolloks nie wat is nie. Selfs Die Patriot en Die Afrikaner doen dit met meer styl.

Brolloks is self 'n gereelde uiteter met 'n baie wye kennis van Johannesburgse restaurante. Nog nooit het hy 'n "surly tribesman" as kelner ontmoet nie, ook nie een met sy duim in die sop nie.

Wat die FM miskyk, is dat die meeste restaurante waarheen sakemanne gaan, jong wit meisies aanstel omdat dit moeë, impotente executive-tipes opkikker. Al 'n lelike wit kelnerin in een van dié restaurante gesien? Of 'n middeljarige een? Nee, want walglike oorgewig sakemanne wil nie by hul bloese afkyk of hulle boude knyp nie.

Brolloks het waaragtig meer van die FM verwag as dié soort etniese stereotipering. En dan is dit boonop nog 'n beeld van twintig jaar gelede.

Maar dit is met dié soort klein dingetjies dat mense hul ware standpunte verraai.



BROLLOKS EN BITTERGAL

* Brolloks sou die redakteur van die FM aanraai om nederig namens sy tydskrif en die redaksie om verskoning te vra. Anders gaan dié klad op die blad se naam bly. Tot in die Nuwe Suid-Afrika in. (Oeps!)

### Gatsha die popster

'n Groep sakemense van Johannesburg het vroeg Dinsdagoggend byna in hul spek-en-eiers gestik van verbasing.

Soos die popgroep Abba en ons geliefde ex, PW Botha destyds gemaak het, het die leier van die Inkatha Vryheidsparty in die Transvaal, Themba Khoza, na sy toespraak Dinsdagoggend groot foto's van Gatsha Buthelezi aan al die sakemense oorhandig.

Van daai's wat mens bo jou bed kan plak.

Die groot koeverte waarin die foto's was, is beleefd deur die mense ontvang - vas onder die indruk dat die inhoud 'n inligtingstuk van Inkatha is.

* Nou wonder Brolloks of Khoza 'n nuwe Gatsha-fanclub gestig het en of hy maar net wou wys dat die hoofman darem nie altyd huil nie.

### Bou op die verlede

"Die NP se nuwe credo is blykbaar: Kom ons vergeet nou die verlede, ons kyk liewers na die toekoms".

Die presiese woorde is deur min Stoffel van der Merwe gebruik toe hy deur 'n buitelandse korrespondent gevra is waarom die Witskrif vir grondhervorming nie voorsiening maak vir restitusie nie.

Vlok gebruik die woorde glo graag as hy oor oordadige optrede deur die polisie voor stok gebring word.

Dit is blykbaar ook FW de Klerk se beswaar teen belydenis en sy houding jeens die BSB-wandade en genl Malan.

* Miskien is hier 'n meer gepaste slagspreuk vir die NP: Neem uit die verlede wat sleg is en bou stadig daarop agteruit.

### Hoe lyk dit met demokrasie?

En nou dat die Westerse Jihad teen daardie verskriklike antichris Saddam Hoesein oor is, wil Bittergal net een ding weet: Wat is die kanse dat ons binne die afsienbare toekoms enige soort demokrasie of respek vir menseregte in die bevryde Koeweit gaan sien?

Die emir van Koeweit, sjeik Jaber Al-Ahmed Al-Sabah, se familie regeer dié olieryke landjie nou al baie jare lank sonder enige respek vir die wil van die mense of menseregte.

* Of gaan dit nog 'n gewaardeerde, getroetelde Amerikaanse bondgenoot word - soos Zaïre - wat hom met die seën van Washington en die Pentagon en die CIA afvee aan dié vreemde Westerse begrippe?

### Cometh the hour...

Daar ruk die Springbok-snelbouler van Transvaal, Richard Snell, toe Woensdagaand wraggies 'n nederlaag uit die kake van 'n oorwinning.

Met een bal oor en Natal nog sewe lopies agter, was dit 'n wedstryd wat Transvaal nie kon verloor nie - in elk geval nie sonder om baie hard te probeer nie.

Snell moes dié bal afstuur, en daar trek hy los met 'n foutbal wat Jonty Rhodes halfpad teen die pawiljoen op slaan. Met die volgende bal teken Rhodes toe die wenlopies aan.

'n Mens kan verstaan hoe die senuwees aan Snell moes knaag, en wie boul nie nou en dan 'n foutbal nie?

Maar dat dit boonop so 'n vrot foutbal moes wees, is van 'n Springbok onvergeeflik.

Snell se vertoning het 'n mens herinner aan die nommer 11-kolwer wat by 'n geleentheid voor die laaste bal ingestap het om te kom kolf met die tellings gelykop.

Die bal het hom op die beenskut geraps, en hulle is deur vir 'n bylopie wat die oorwinning beklink het. Na die tyd het hy trots gesê: "Cometh the hour, cometh the man."

Daar was darem al baie drama met die laaste bal van 'n wedstryd. Wie sal die geleentheid vergeet toe Engeland ses lopies van die laaste bal van 'n toets teen Australië moes aanteken, en Trevor Chappel die bal gerol het om dit te verhinder?

* In dié staaltjie is daar vir Snell 'n les. Brolloks sê nie hy moes Woensdagaand die bal gerol het nie. Hy moes hom net laat grondvat het.

### Obsessie

Bittergal het nog altyd geweet Suid-Afrikaners, veral dié met ligter gelaatskleure, het 'n absolute obsessie met gelaatstrekke. Maar wie kon ooit dink 'n mens kan dit só ver vat?

Dis nou 'n SAP-vorm, SAP 76, wat 'n kollega wat 'n draai in die selle moes maak, die ander dag hier aanbring.

Op die een kant van die vorm is daar plek vir persoonlike besonderhede en vingerafdrukke. Op die agterkant is daar vrae oor die persoon se fisieke karaktertrekke waarby kruisies in blokkies getrek moet word.

Hier is 'n paar voorbeelde:

Gelaatskleur: Lig, rooierig, blas, geel, bruin, swart, pikswart.

Hare: Steil, golwend, krul, kroes, peperkorrels, bles, bles voor, bles agter, kaal kolle, kenmerkende stamhaarstyl.

Neus: normaal, besonder groot, besonder klein, plat, besonder skerp, gebreek.

En so aan.

* Bittergal het 'n gevoel selfs Mej Suid-Afrika gaan aanstoot neem as sy haar eie beskrywing volgens dié vraelys lees.

# Nou sit hy ook op die vergifnis-bandwagon

VRINDE, die aanslag uit Ulundi duur voort. Parlemente word meedoënloos geopen en toesprake word afgerammel sonder aansiens des gesondheids. Admiraal you-know-who het intussen op die vergifnis-bandwagon geklouter en vind dit 'n verfrissende nuwe refrein. Sal Madam se man dan nooit insien hoe voordelig dit kan wees om te bieg nie?

Dit maak sommer die toesprake makliker, want dan kan jy in die betekenisvolle pouses 'n traantjie stort terwyl jy skelmpies loer wat om die draai lê in die volgende paragrafie of twee.

Van trane gepraat: Oswald sit deesdae in die skadu van die tamatieplant en ween, velle om die lende en haaitande om die nek, so vir die wis en die onwis. Moeder meen dis 'n nuwe high fashion en het nou haar tande ook om die nek gesnoer, dis 'n onaardse geklik en gehap wanneer sy beweeg.



EGBERTUS KLAAGVOORT

### Pacemaker

Van toesprake en grammatika gepraat: moet die standaard van onse openbare lewe so power bly? Madam de Klerk se man raak darem van 'n goeie long-vol asem ontslae wanneer hy aan die praat raak, maar die Ingels is nie so lekker nie. Miskien moet hy by Barend gaan les neem. Die Admiraal van Ulundi, Sy Hoogdrawendheid self, bly steeds Zuid-Arika se favourite black. Seg Miesies Klaagvoort dis omdat die witmense so dankbaar is dat hulle nie kan uitmaak wat hy sê nie. Praat hy dan nie altyd Zoeloe wanneer hy sy verskynings maak nie? Seg Oswald haai, kan dit wees, hy dog dan dit was Xhosa.

Iedergeval, Sy Hoogdrawendheid kan gerus in 'n pacemaker belê. Dit sal uit die aard van die saak die emosionele uitbarstings beheer, en terselfdetyd durf ons seker hoop dat 'n pacemaker hom stadiger sal laat praat. Seg Moeder dis onmoontlik, die man se gebrabbel is ongeneeslik.

### Fluffy Zulu

Intussen is die grammatiese behendigheid van Inkatha op die voorgrond. Seg Walter die Wonderman Sisulu, daardie interne fluffy soft-toy van die antichris, dat daar alweer 'n third force in die townships aan die werk is. Die grondslag vir dié skokkende bewering is die dreigpamflette wat aldaar versprei word.

Seg Fluffy Zulu die gedoentes is wel in Inkatha se naam, maar uit die taalfoute is dit duidelik dat dit nie Inkatha kan wees nie. Seg Oswald askies my baas, die argument sou kon water hou as die pamflette taalkundig korrek was, Inkatha maak hom nie dikwels skuldig aan korrekte taalgebruik nie. Seg Moeder as die pamflette met 'n Afrikaanse aksent gedruk is, kan dit die Boere wees wat weer kom inmeng.

### Hartkloppings

Geliefdes, Egbertus skakel nou die aand niksvermoedends die TV aan en wat sou hy sien? Iets waardig aan sensuur, iets waarteen onse kindertjies beskerm behoort te word: daar sit Magnus PI, koning van die ganse tanende weermag met sy besnoeide begroting en geswolle bloemlesing van skandes.

Dit gryns en dit frons en die gesiggie vertrek té liederlik soos die grote gees worstel om aan woorde te dink om nie van sinne te praat nie. En wie is dit wat oor alles loer soos Skoppensboer? 'n Stuk spierwit Transvaalse been. Die sokkie het afgesak en jy sien net bevolkingsregister-wit. Seg Miesies K dis nou al te duidelik dat Magnus PI sy sokkies sal moet optrek. Sela. Maar wat die man kwytgeraak het, is om van hartkloppings te kry.

Seg hy in alle erns dis 'n donker dag vir Zuid-Afrika dat die BSB ontbind is. Seg hy die BSB het prysenswaardige werk gedoen. Seg hy dis net van die binnelandse onwettighede dat hy onbewus was, maar hy het geweet van die goeie buitelandse werkies wat die manne so prysenswaardig verrig het. Soos sluipmoorde op politieke opponente? Soos bomme in die diplomatieke possakke? Minister, jy is voorwaar 'n banana republic waardig.

Terloops, waar was al daardie skitterende medaljes wat jy in al jou oorloë met jou onverskrokkenheid verdien het? Al wat die kykers gedazzle het, was daardie stuk skeenbeen en die blinkgeswete skedel. Jy sê jy is 'n vegter wat nog die opposisie gaan looi, nê? Nouja, Egbertus sit sy kop op 'n blok dat jy die een is wat gelooi gaan word. Hoe lank gaan Magnius Malan nog minister wees? Dis 'n goeie vraag.

### De Villiers en Koerde

Dis verstommend hoedat die De Villiers-clan besig is om die kabinet oor te neem. Die stomme nuusleser moes dié feit verbloem deur die een se naam in Frans te lees en die ander s'n in Duits, maar daar's geen twyfel nie dat 'n De Villiers Resistance Movement ons bekruip. Bring die wasgoed in en verbrand julle spaarboekies, wie weet waartoe dit alles kan lei?

Spare a thought vir die arme Saddam, sy foto word op elke straathoek deur rebelle afgeskiet, hoeveel slae kan een gelykenis verduur? Seg Moeder die Koerde se aanslae op hul eie land het so 'n suursmaak agtergelaat, die ganse Irak ruik al na lemon kurd. Soos 'n kerkbasaar.

### Womandela

Dierbares, 'n boodskappie van die kommersiële pers. Womandela is guilty until proven innocent. And don't you forget it.

# Ons boulers is vuurwarm... of is ons kolwers net vrot?

Drie uitslae in drie wedstryde het Suid-Afrikaanse krieketgeesdriftiges verlede naweek nuwe hoop vir die Curriebeker-reeks laat kry.

As 'n mens egter na die vertonings van 'n paar van ons voorste kolwers kyk, sak jou moed in jou skoene by die gedagte dat Suid-Afrika dalk binnekort teen die wêreld se beste spanne gemeet gaan word.

Kolf-ineenstortings was veral in die tweede helfte van die reeks alledaags en verskonings dat die blaaie moeilik speel, verflou as 'n mens sien by hoeveel geleenthede die stertkantkolwers beter as die top-orde gevaar het.

(Die ou storie hier is dat dit makliker is om aan die einde van 'n beurt lopies te kry, omdat die bal dan sy glans kwyt is en die boulers se fut uit is. In baie gevalle het die top-kolwers so vrot gevaar dat die boulers nie 'n kans gehad het om moeg te word nie en die bal het nog lekker geblink).

Hoe 'n mens ookal daarna kyk, kan jy net een gevolgtrekking maak: ons top-kolwers, soos Roy Pienaar, Mark Rushmere, Jimmy Cook, Adrian Kuiper en tot 'n mindere mate Daryll Cullinan, is veels te wisswelvallig om vertroue in 'n toets in te boesem.

Mandy Yachad se skitterende kolfwerk het gewys die blaaie - en die boulers - is nie altyd so vreesaanjaend soos wat die swak tellings 'n mens dalk kan laat glo nie.


Pienaar kon glad nie op dreef kom nie. Sy briljantheid in Woensdagaand se Benson & Hedges-wedstryd teen Natal het 'n mens herinner waarom hy in die verlede as 'n seker keuse vir die Springbokspan beskou is. Sy statistiek in driedaagse wedstryde sal egter beter by 'n nommer 11-kolwer pas.

Rushmere, wat aan die begin van die seisoen gelyk het na 'n man wat ons heel beste kolwer kan word, het al hoe swakker gespeel en was teen die einde van die reeks, met sy selfvertroue op 'n laagtepunt, bitter min vir die sukkelende OP-span werd. As daar nou 'n Springbokspan gekies moes word - selfs 'n toerspan - sou hy nie die paal haal nie.

Cook is 'n ander storie. Jy kies hom selfs wanneer hy van stryk is, omdat hy eenvoudig op sy beste stukke beter as ons tweede beste is. Al ontken hy dit, moet 'n mens aanvaar dat die krieket wat hy in ons wintermaande vir Somerset speel, hom effens van sy lus vir die spel ontneem.

Kuiper se groot probleem is stellig die welslae wat hy in die verlede met sy ongelooflike aanslae op die boulwerk behaal het.

Waarom aan 'n beurt bou as jy sonder moeite vyftig, sestig lopies in 'n japtrap kan opstapel? As dit werk is dit gaaf, maar vanjaar het dit nie vir Kuiper gewerk nie. Hy het sy paaltjie by verskeie geleenthede met die swakste houe denkbaar weggesmyt.



Daryll Cullinan... net ervaring en selfdissipline kom nog kort

Cullinan op sy beste is iets om te aanskou. Niemand in die land behandel swak balle met minder ontsag as hy nie. Dis g'n wilde geswaai nie; hy dryf, trek en kap soos 'n meester.

Die kwesplek in sy andersins indrukwekkende mondering is 'n neiging om vroeg in sy beurt kanse teen goeie balle te waag. 'n Bietjie meer ervaring - en selfdissipline - sal hom in 'n ander klas plaas.

'n Mens sou dalk van hom kon sê wat Ian Chappel van sy eie kolfwerk gesê het, naamlik dat geen bouler goed genoeg is om hom uit te haal nie; sy eie foute kos hom sy paaltjie.

In teenstelling met ons kolfwerk, lyk ons boulwerk beslis beter as twee, drie jaar gelede.

Steven Jack se verwoestingswerk teen die OP verlede week het hom onder die heel grotes gevestig. 54 paaltjies in die Curriebeker-reeks is 'n ongelooflike prestasie in 'n bouler se debuutseisoen, en net vier minder as Sylvester Clark se rekord. Yachad is onlangs as speler van die reeks aangewys, maar Jack sou net so 'n waardige ontvanger van dié eer gewees het.

Dis nie net vaart wat hom van sy ewe talentvolle spanmaat, Richard Snell onderskei nie, maar ook vegtersinstink wat 'n mens nie maklik met so 'n jong speler vereenselwig nie.

Verlede naweek het hy die OP-kolwers meedoënloos met venynige opslagballe saggemaak voordat hy hul paaltjies laat spat het.


As ons nou 'n Bok-span moes kies, sou Allan Donald en Jack die nuwe bal gebruik het.

Aflosboulers? Kies maar tussen Snell, Fanie de Villiers, Craig Matthews, Tertius Bosch, Corrie van Zyl, Rowan Varner en Rudi Bryson.

En dan is daar nog die alsydige Brian McMillan, wat sy ou vaart terug het en 'n seker keuse vir 'n Bokspan sal wees.

Bring maar die Aussies. Wat die kolwers verbrou, sal die boulers regmaak.

## Laaste sê



TINUS HORN

## Die WP wys hoe

AS 'n mens wil bewys dat goeie boulwerk vir vrot kolfwerk kan vergoed, hoef jy nie veel verder as die Westelike Provinsie se Curriebekerspan te soek nie.

Keer op keer het die WP-kolflys jammerlik gefaal, en keer op keer het die boulers die span gered.

Die eer vir die WP se welslae kom vier manne toe: Craig Matthews, Brian McMillan, Eric Symons en Meyrick Pringle.

Matthews is dalk nie die vinnigste bouler in die land nie, maar hy was vanjaar ongetwyfeld die bestendigste; McMillan is op 'n lewendige blad soos die Wanderers 'n volwaardige skokbouler; Symons het in puik 'n alsydige speler ontwikkel en Pringle se vermoë om venootskappe te verbreek, vergoed vir sy neiging om soms effe los te boul.

Vier regstreekse oorwinnings sê vir jou alles wat jy van dié span hoef te weet. Hy verdien die beker.


## Die week se TV-Sport

**Die wêreld-titelgeveg tussen Brian Mitchell en Tony Lopez is die naweek se sport-hoogtepunt, en word regstreeks op M-NET SUPERSPORT uitgesaai. Die betaalkanaal skakel om 07h30 regstreeks oor na Sacremento, VSA. Mitchell is die Wêreld-Boksvereniging (WBA) se liggewig-kampioen, en Lopez dra die Internasionale Boksfederasie (IBF) se kroon. Hoogtepunte van die geveg word om 15h15 uitgesaai.**
**Die SAUK se naweek-hoogtepunt is die beslissende toets in die Vyf Nasiereeks tussen Engeland en Frankryk. Albei spanne is nog onoorwonne.**

**Die week se volledige sportprogramrooster is:**

**SAUK:**
**Vrydag, 15 Maart:**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H halfeindronde: Transvaal teen Natal in Johanneburg.
TV1, 18h30: Gillette World Sport Special.
TV4, 20h35, TSS 21h00: Power Mania
**Saterdag, 16 Maart:**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H halfeindronde: Transvaal teen Natal in Johannesburg (indien derde wedstryd nodig is).
TV1, 12h00-1756: Junior Sport; perdewedrenne vanaf Gosforthpark; Seiljagvaart (BOC-wedvaart: jongste nuus); Gholf: Beleares-toernooi in die Volvo-reeks. Rugby: Eindstryd van Vyf Nasiereeks tussen Engeland en Frankryk en intervarsity tussen Maties en Tukkies.
**Sondag, 17 Maart:**
TSS 12h00: Junior Sport (heruitsending).
**Maandag, 18 Maart:**
TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 15. Atletiek vanaf Stellenbosch; Perdewedren-voorskou.
**Dinsdag, 19 Maart:**
TSS 21h00: Motorsport: die Totalbesparingsrit; swem en perdewedren-voorskou.
**Woensdag, 20 Maart:**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H halfeindronde: WP teen OP op Nuweland.
**Donderdag, 21 Maart:**
TSS 21h00: Branderplankry en Perdewedren-voorskou.


**M-NET:**
**Vrydag, 15 Maart:**
World of National Panasonic
**Saterdag, 16 Maart:**
07h30: Boks, regstreeks vanaf Sacremento: Brian Mitchell teen Tony Lopez om die WBA en IBF se liggewig-titels. 14h30-18h00: Motorsport News, hoogtepunte van die oggend se boks; gholf: die Honda Classic in die Amerikaanse PGA-reeks; rugby: Skotland teen Ierland in die Vyf Nasiereeks
**Sondag, 17 Maart**
14h00: World of National Panasonic; 18h00: hoogtepunte van die Pick 'n Pay/Argus-fietstoer.
**Dinsdag, 19 Maart:**
20h40: Rugby: OP teen Vrystaat in Yardley Gold-aandreeks op Ellispark
22h00: Nashua se Britse sokkerhoogtepunte.




Bl. 31: Boulers maak van Suid-Afrika 'n krag

# Die **Foreman**-fenomeen

**Sedert George Foreman drie jaar gelede op veertigjarige ouderdom sy hertoetrede tot die bokskryt gemaak het, is hy deurentyd deur boksskrywers in Amerika as 'n grap bestempel. Volgende maand boks dié grap om die swaargewigtitel van die wêreld. Kan ons hom ernstig opneem? TINUS HORN gee sy indrukke**



DIE gedagte aan 'n 43-jarige, oorgewig predikant wat teen die wêreld-bokskampioen deur die toue klim, is selfs in bokskringe - waar die waarheid beslis soms vreemder as fiksie is - absurd.

George Foreman se krytrekord oortuig 'n mens egter gou dat jy hier met 'n hoogs uitsonderlike middeljarige vetsak te doen het; van sy 68 gevegte in sy loopbaan - wat meer as twintig jaar gelede begin het - het hy 62 met uitklophoue gewen.

Maar wat belangriker is, is dat hy 20 van dié uitklophoue die afgelope drie jaar - ná 'n afwesigheid van meer tien jaar - geplant het. Oor sy gebrek aan vaart en krytvernuf kan 'n mens lustig spot, maar sy teenstanders kan getuig dat sy slaankrag g'n grap is nie.

Hy was nie in een van sy gevegte sedert sy terugkeer tot die kryt in die moeilikheid nie; hy het sy teenstanders eenvoudig met sy krag oorrompel.

Wanneer hy volgende maand vir Evander Holyfield om die wêreldtitel pak, kan die prentjie egter anders lyk. Holyfield, onoorwonne na 25 gevegte in die geldkryt, is 'n reuse stap boontoe vir Foreman, wie se teenstanders tot dusver baie noukeurig gekies is.

(Iemand wat Pierre Coetzer se loopbaan volg, sal weet hoe dit gedoen word. Net boksers wat in uitklop-nederlae spesialiseer, hoef aansoek te doen).

Foreman steur hom nie aan die kritiek nie; toe iemand onlangs sê hy gaan haal sy teenstanders by die plaaslike hospitaal se waaksaal, het hy saam gelag en gesê: "Dis 'n leuen, ek boks net teen ouens wat al minstens 'n week lank uit die waaksaal is."

Hy moes maar leer om die gespot te verwerk; in verslae oor sy gevegte, word daar meer na sy maag as na sy vertoning in die kryt verwys.

"Foreman is so vet," het iemand by 'n geleentheid geskryf, "dat hy dit nie naby 'n strand kan waag nie; Greenpeace sal hom water toe sleep."

Sy "tweede" loopbaan is noukeurig beplan, en met 'n baie goeie rede: 'n man van sy ouderdom en postuur is uiters kwesbaar.

Hy is 'n stadige, maklike teiken vir 'n teenstander wat sy storie ken, en 'n enkele nederlaag sou 'n vinnige einde maak aan sy planne om die titel wat hy in 1973 vir die eerste keer gewen het, te herower.

Het hy dan werklik 'n kans teen Holyfield? 'n Bekende dokter in Amerikaanse bokskringe, Ferdie Pacheco, meen hy het 'n beter kans om 'n hartaanval in die kryt te kry. Daar is egter kenners wat bereid is om 'n hele paar rand op hom te verwed.

*'Foreman is so vet, dat hy dit nie naby 'n strand kan waag nie; Greenpeace sal hom water toe sleep.'*

(Soos dit 'n bokser betaam, kan Foreman nie oor sy eie briljantheid uitgepraat raak nie. Hy meen hy sal selfs vir Mike Tyson afransel).

Min mense deel Foreman se geesdrif oor sy vermoëns in die kryt, maar wanneer hy met een van sy beroemde opstoppers of oorhoofse swaaihoue tref, is niemand veilig nie.

Holyfield, wat eintlik as junior swaargewig naam gemaak het, het boonop nog nie werklik as volwaardige swaargewig oortuig nie.

Sy sege oor Buster Douglas, wat aan Holyfield die titel besorg het, is van baie glans ontneem deur die flou weerstand wat Douglas gebied het.

Foreman se loopbaan was nog altyd in omstredenheid gehul. Soos Mike Tyson nou maak, het Foreman in die vroeë jare sewentig hard aan sy beeld as 'n boksbullebak gewerk.

Die bokswêreld was in 1973 verslae toe hy 'n "goeie ou", Joe Frazier, wat 'n veel beter bokser as Foreman was, in twee rondes vernietig het.

Hy het "Smokin' Joe" binne twee rondes ses keer planke toe gestuur. Die uitklophou wat die geveg beëindig het, was 'n verpletterende opstopper, wat Frazier se voete 'n hele paar sentimeter van die krytvloer laat lig het.

Foreman het werklik onoorwinlik gelyk, totdat hy hom in die beroemde "Rumble in the Jungle" in Zaire teen Muhammed Ali vasgeloop het.

Foreman het die geveg tot in die agtste ronde heeltemal oorheers. 'n TV-kommentator het in dié ronde gesê: "There is no way Ali can win this fight." Oombikke later het Foreman op die krytvloer gelê.

Daar word tot vandag toe oor daardie uitklophou gestry. Baie mense meen Foreman is 'n groot som geld betaal om te val en die hou is al as 'n "love tap" beskryf.

Na dié nederlaag is Foreman egter met 'n enkele hou deur Ron Lyle uitgeslaan, wat die vraag laat ontstaan het of hy nie dalk met 'n glaskakebeen gestraf was nie. In sy eerste klompie gevegte het hy eenvoudig sy teenstanders uitgeslaan voordat hulle dit met hom kon doen, het die kritici gesê.

Hy het egter verlede jaar op sy voete gebly toe Gerry Cooney hom met 'n allemintige linkerhaakhou op die ken getref het; 'n hou wat die meeste ander swaargewigte droomland toe sou stuur.

Cooney het na die geveg in Caesar's Palace, wat deur 'n moedswillige koerantman "Two Geezers at Caesar's" gedoop is, gesê Foreman het 'n kans om 'n wêreldtitel te wen, omdat hy nie net hard slaan nie, maar boonop dodelik akuraat is.

Volgende maand word dié stelling - en Foreman se bravade - in die kryt getoets. Alles gaan teen Foreman tel, maar ons sal maar moet sien wat gebeur as hy Holyfield met een van sy beroemde kanonskote tref.

Gedink Douglas was 'n onwaarskynlike wêreldkampioen? Hou eerwaarde George fyn dop.